WONDERBOOM

Maria Elizabeth Smith (Lien Botha)

A dissertation submitted in partial fulfilment of
the Masters in Creative Writing
Faculty of Humanities
University of Cape Town
2014

Supervisor: Professor Etienne van Heerden

Course Code: SLL 5004W

Student Number: BTHMAR010

University of Cape Town



University of Cape Town

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

**Author’s Statement:**

This dissertation, which was undertaken between March 2013 and May 2014, is submitted as a dissertation in partial fulfilment of the Masters in Creative Writing Faculty of Humanities.

Supervisor: Professor Etienne van Heerden

Course Code: SLL 5004W

Student Name: Maria Elizabeth Smith (Lien Botha)

Student Number: BTHMAR010

**Plagiarism Declaration**

1. I know that plagiarism is wrong. Plagiarism is to use another’s work and pretend that it is one’s own.

2. I have used the APA convention for citation and referencing. Each contribution to, and quotation in, this essay/report/project from the work(s) of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

3. This project is my own work.

4. I have not allowed, and will not allow, anyone to copy my work with the intention of passing it off as his or her own work.

5. I acknowledge that copying someone else’s assignment or essay, or part of it, is wrong, and declare that this is my own work.

Signature:

**Opsomming**

*Wonderboom* kan beskou word as ’n distopiese roman wat afspeel in ’n post-apokaliptiese tyd binne die Suid-Afrikaanse landskap. Dit is die era van die ontgogelde digitale boorling en alle bronne is skaars. Die gevolg is dat die skeiding tussen ryk en arm meer skreiend is as ooit vantevore en veral in die ‘buiteposte’ gaan dit benouend.

Die hoofkarakter, Magriet Vos, is ’n vyftigjarige violis, wie se geheue besig is om die gees te gee. Omdat sy gereeld aan die ‘hof’ van die despotiese maghebber Albino X optree, hou haar toenemende rasionele onvermoë vir haar ’n wesenlike gevaar in, want wanneer sy nie meer daartoe in staat sal wees om vir hom te speel nie, gaan hy haar van kant maak en haar oorskot na die taksidermis stuur om sy diorama aan te vul.

In haar kusdorp is daar weinig vriende of familie oor en sy is dus uitgelewer aan migrasie noordwaarts, terug na die Magaliesberg, waar die laaste lede van haar stam woon.

Soos die reis vorder en haar syn al meer kwyn, plunder Vos haar verlede en geheue in ’n desperate poging om die post-revolusionêre *wasteland* te oorleef met die hoop om veilig ‘tuis’ te kom in ’n reisverhaal wat terselfdertyd as ‘uiteenvallende dagboek’ funksioneer.

Haar medium, musiek, vorm ’n sintese in die struktuur van die roman om onder andere ritme, toonwaarde en tempo aan die teks te verleen. Terselfdertyd is ’n bewuste poging aangewend om na bestaande skrywers se tekste te verwys, hetsy as ode of parodie.

Magriet Vos se reis begin in Bettysbaai aan die suidelike kus van Suid-Afrika en ontplooi deur middel van vier ‘stemme’ of perspektiewe:

- Die hoofverteller (belig die idiosinkratiese blik van Magriet Vos)
- Magriet se dagboek
- Ensiklopedie (eindnote)

- Disintegrerende fototekste: konstruksies/collages wat dien as inleiding tot elke hoofstuk en verwys na die ‘image sequence’ van die Britse fotograaf Eadweard James Muybridge (1830-1904) en wat hier as ontbindende beeldsekwensie toegepas word om teks en beeld te laat swaelstert.

Die boom dien deurgaans as sentrale metafoor − beide as ’n spil in die natuur en as bron van ‘kennis van goed en kwaad.’

**Abstract**

*Wonderboom* (*Wondertree*) could be considered as a dystopic novel that takes place in a post-apocalyptic era within the South African landscape. It is the time of disillusioned citizens and access to most resources is limited, except for the plutocrats. The result is that the division between the haves and have-nots is more severe than ever before and is particularly evident along the fringes of society.

The protagonist, Magriet Vos, is a fifty-year-old violinist whose memory is disintegrating. Due to the fact that she is a regular performer at the 'court' of the despotic ruler Albino X, her impending mental incompetence pitches her at a knife's edge, because when she will no longer be able to master her art, Albino X will have her killed and dispatched to the taxidermist in order to extend his diorama.

Further to this, she has virtually no friends or relatives left in the coastal village where she lives, and she is thus compelled to migrate north, back to the Magaliesberg and the last members of her clan.

Vos raids her past in a desperate attempt to survive the post-revolutionary wasteland in the hope of arriving 'home' safely. The text fluctuates between the territory of memoir and travelogue as the journey progresses and her sense of consciousness starts to dissipate.

Aspects of her musical craft, such as rhythm, tone and tempo are synthesised in the structure of the novel. Further to this, careful consideration was given to references to existing texts by particular authors, serving the purpose of either parody or elegy.

Vos' journey commences in Betty's Bay on the southern coast of South Africa and unfolds through four voices or perspectives:

- The main narrator (illuminating the idiosyncratic viewpoint of Magriet Vos)
- Magriet's diary (memoir)

- Encyclopedia (endnotes)

- Disintegrating photo texts: a series of constructions/collages, which serves as introduction to each chapter and refers to the ‘image sequence’ of the British photographer Eadweard James Muybridge (1830-1904) and which is here applied as dismantling device to allow text and image to dovetail.

The tree serves as central metaphor − both as axis in nature and as archaic source of ‘knowledge of good and evil.’




*Kaart van Magriet Vos se reis*, geskep deur Liezel Bohdanowicz, Junie 2014



*Rooivlerk spreeus in die herfs, Bettysbaai*

*Fallow-voiced, lashed out of the depth: no word, no thing, and the unique name of both, ready for falling in you, ready for flying in you, wound-winning of a world* − Paul Celan


ANNA M. LOUW
Paradise

*Bome ontbreek*

Sy eet vandag ’n spreeu. Dit is maar ’n goor affêre − die swart voëltjie waarvan die bietjie vleis, effe bitter en taai, min is nadat dit oor ’n klein vuurtjie gerook is. Die proteïen sal haar goed doen, dink sy terwyl sy probeer onthou wanneer laas sy so-iets te ete gehad het. Magriet Vos wil vir haarself lag oor hoe pateties haar situasie is, sy sou kon lag indien daar iets op die horison was wat die geringste suggestie van optimisme kon inhou. Maar daar is ziltsch. Sy leef in die min of meer niks, die tyd van die groot honger.

Mens kan nouliks glo dat die meeste mense wat eens hier gebly het nou almal òf weg, òf dood is. Al die jare se verslawing aan stilte het nou geboemerang na haar, sy wou mos hier rondloop en al wat leef en beef verwens omdat sy skynbaar die stilte so hoog geag het, nou het sy ál die stilte in die wêreld. Daar blaf geen hond, katte vang nie meer voëls nie en niemand brand buiteligte wat die heilige motjies vang nie.

Twee of drie keer ’n maand loop iemand in die stofpad en as die noordwestewind roer, hoor jy soms ’n motorenjin in die verte.

Sowat tien kilometer van haar verweerde huis af is die Harold Porter Botaniese tuin, ’n suster van Kirstenbosch en vervloë pragstuk van ’n grootse verskeidenheid fynbosspesies. Sy onthou die uitstappies langs kronkelende paadjies, verby die enorme waaier-aalwyn en onder die boekenhoutwoud deur, hoe hulle geswem het in die poel by Luiperdskloof waarvan die water so donker was van minerale dat hulle dit die Coca-Cola fabriek genoem het. Teen die hange van die kloof was die disas rooi in die blom in die somermaande, blosende wange al met die kranse af, jy kon die rooi nooit vergeet as jy dit eenmaal gesien het nie.

Wim se mond op die koelte tussen haar bene nadat hulle geswem het. Is dit een van haar heiligste herinneringe? Is dit sterker as kos?

Die porsie spreeu, as sy dit moes meet, is ongeveer gelyk aan ’n dessertlepel. Maar moet om Godsnaam nie eers die woord dessert noem nie want dan begin haar kop kantel na ’n era van oorvloed. Kersfeestafels gedek met kalkoen en brandewynpoeding. Sy sien dit helder voor haar: familie en vriende wat lag en ligweg kommentaar lewer oor ’n bietjie oproere hier en daar en die blinde geloof dat hierdie land nooit die slagoffer van ’n rewolusie sal wees nie. Min het hulle geweet in watter vorm ’n rewolusie wel kan manifesteer.

Presies waar het dit begin, wonder sy. Het iemand as deel van ’n sameswering ’n fyn uitgelegde plan van stapel gestuur wat die mensdom in hierdie ellende gedompel het? Sy onthou dit soos gister: die eerste beelde van onrus wat wêreldwyd begin posvat het en al nader aan die kontinent van Afrika begin beweeg het. Soos iets wat kruip of sleep; die wilde wurmagtige dier wat stelselmatig alles in sy pad begin opslurp het.

Nongqawuse se duisende dooie beeste het na meer as ’n eeu weer ondergronds begin roer.

Honger se eerste tekens is die gevoel in jou keel, gepaardgaande met ’n toename in speekselafskeiding en ’n intense smaaksensasie in jou mond. Jy verbeel jou die voortreflikste spys waarvan jy die smaak nie ken nie, die maag begin krimp en saam met die maag se inkrimping word ensieme afgeskei in die brein wat veroorsaak dat die psige ontspoor, en jy tot min of meer enigiets in staat is wanneer daardie geknaag binne jou ingewande begin. Katabolisme: die woord wat haar laat dink aan boetedoening van een of ander aard; iemand wat in ’n bieghokkie fluister, stemme gesmeul deur gebedskerse en wierook. Honger laat jou slaap.

’n Geluid laat haar omkyk. Dit is Sidney Malinga wat soos ’n grysbokkie deur die duinekraalbos beweeg. Die maer Xhosa se lyf word verswelg deur een van Wim se ou T-hemde waarop Kuifie en sy foksterriër Spokie se buitelyne uitgestippel is. Sy verflenterde denim het nog ’n paar sentimeters verloor sedert Magriet hom laas gesien het en sy skoene vra brood.

In sy regterhand hou hy ’n handvol bietoubessies na haar toe uit.

“Sidney, jy moenie my so laat skrik nie, magtig, ek sal ’n oorval kry.”

Hy lag verleë soos altyd, hand effe oor sy tandlose mond. Dit laat haar tong onwillekeurig oor die los kiestande in haar eie mond vroetel. Die enigste tandartse met bestaansreg is dié wat vir Albino X goudvulsels inlê. Oor wáár die bekspesialiste die goud vandaan kry, kan mens maar ’n raaiskoot waag.

In Magriet Vos se omgewing is daar sowat dertig mense wat nog ’n bestaan probeer voer, hulle help mekaar waar moontlik, maar omdat voedselbronne skaars is, kom dit op die end neer op oorlewing van die geskikste. Sy voel steeds relatief veilig hier in die klein dorpie aan die Suid-Atlantiese kus, maar sy is bewus daarvan dat sy binnekort na haar klan in die noorde toe sal moet uitwyk. Nog één konsert oor vir Albino X en dan sal sy die pad moet vat. Dít, of sy gaan opgestop word soos al die ander.

Magriet neem die bessies en sit dit versigtig op die grond neer. Met haar vingers begin sy ’n bergie daarvan piek.

“Seafarm?”

Sidney knik, maak hom tuis langs die vuurtjie en staar peinsend na die laaste kooltjie.

“Waar het jy die hout gekry, Magriet?” Hy vryf oor ’n blou splinter wat langs die as lê.

“Dis planke wat oorgebly het van die MacPhersons se skippie. Hulle het toe wragtig die boot klaar gebou en is laasweek vort, terug Skotland toe oor hierdie hellesee van storms en vrybuiters. Ek twyfel of hulle ooit weer land sal sien, maar nou-ja, dis seker beter om te probeer as om hier voort te vrek.”

“Jy moet nie weggaan nie Magriet, dit sal darem stil wees sonder jou.”

Sy het niks vir Sidney gesê nie, nie ’n siel in haar dorp weet dat sy in die nabye toekoms haar handvol besittings in ’n vioolkis gaan toeraap en die pad gaan vat nie. Dis veiliger so, mens weet nooit wie fluister net die verkeerde ding nie en dan word sy gevang en vir Albino X se diorama gevoer. Sodra hy sou agterkom dat sy nie meer in staat is daartoe om musiek te maak nie, is sy in haar moer.

“Ai Sidney, waar moet ek nou in elk geval heen?”

“Jou mense is mos daarbo.”

“Ja,” sug sy.

“Wil jy die pootjies eet?” Hy kry ’n blink in sy oë en krap die twee pootjies nader. Dit lyk soos takkies, drie toontjies voor en een toon na agter. Sy hoor die kloutjies kraak teen sy wange.

*“Die skelet van ’n seemeeu dui op die basiese eenvormigheid van die beenstruktuur van alle voëls. ’n Voël benodig ’n milddadige voedselvoorraad om die hoë energievlakke wat nodig is vir vlug, te handhaaf. Die aanvraag vir kits energie is só groot dat ’n voël se hart tot etlike honderd hartkloppe per minuut kan bereik.”* [1]

Die mal heerser van die land is gefassineer deur die skoonheid van taksidermie nadat hy in die Franse hoofstad ’n tentoonstelling van gebalsemde lyke gesien het. Kort voor lank het die manifestasie daarvan in sy siek klein koppie kom vassteek en stelselmatig ’n tablo van sy eie begin ontsluit.

Teen die agtergrond van Vergelegen se eertydse glorie het ’n sameflansing van nuwe absurditeite in die H-vormige opstal se ou vertrekke verrys. ’n Opgestopte wese van weleer − Yolandi − staan gekrom soos ’n klein, wit rot neffens Kurt en kie. Verdwalend muf hulle daar in die voorkamer waarvan die Burmaanse kiaatvensters uitgebreek en die vertrek tot ’n glaskonservatorium vergroot is. Die tuin is nader gebring en groot diepgeel blomme van uitheemse spesies soos goudtrompet rank deur die skimmelvlees van die diorama; simbale in die hande van lewelose musikante.

Dergelik aan die vals operasangeres Florence Foster Jenkins, glo Albino X dat hy geseën is met ’n stem van die gode en dus moet almal dit ongeld. Hy sal vir jou sing dat jy daarvan wil bewusteloos raak en in jou gedagtes bid dat dit tog net moet verbygaan, dit is marteling van ’n heel ander aard − veral as jy honger is. Daardie klanke uit Albino X se bek, gepaardgaande met ’n leë maag, is nogal naby aan die poorte van die hel. Al wat sy dan kan doen, is om aan haar kop vrye teuels te gee sodat sy kan oorleef. Gelukkig val die eer haar slegs vier maal ’n jaar te beurt; min of meer met elke seisoenswisseling. Die kunstenaars wat vir Albino X begelei, kom van heinde en verre.

Uit die bloedlose ewolusie van digitale DNA, het hierdie bleek man, die man wat nie genoeg pigment in sy vel het nie, soos ’n silwer vis die regte stroom op presies die regte tyd geklief. Lank en lenig met ysblou oë en presies die regte kokkedoor-balans het Albino X op die rug van

Amerikaanse deskundiges foutloos ingeskuif tussen kontemporêre debatte in, met 'n instinktiewe kapasiteit om mense vinnig en akkuraat op te som.

Mens wonder of hy dalk gedagtes kon lees.

Hy het mode en giere goed begryp en sy bleek, wasagtige voorkoms was altyd blink gepoets van bo tot onder met nie 'n wenkbrou uit plek nie. Sy voorkoms en enige vorm van interaksie met die buitewêreld is haarfyn uitgewerk met die hulp van 'n skakelmaatskappy wat die skrum van die handelsmerk onoorwonne kon speel. Sy regterhand, die androgene Griek Maniatis, is ewe onberispelik geklee met sy swart boskaas konsensieus weggebind na agter en twee haarstringe voor sy ore gekam, sodat hy mens laat dink aan 'n verlore prinsessie met 'n geslagskrisis.

Die profiel van die man sonder ouderdom (moeilik om te bepaal as gevolg van sy kleurloosheid) in 'n wêreld geobsedeer met die troop, was in die kol. Gekonstrueerde foto's waar hy talmend met sy vingerpunte uitgestrek staan en effens na links peins of waar hy uitkyk na die landskap, het elke keer die telbord laat vibreer. Daar was nooit 'n kind of kraai saam met hom in die foto's nie en sy privaatlewe was dus een lang riemtelegram.

Binne 'n relatiewe kort tyd het Albino X sy terrein vernuftig ingekatrol sodat hy binne drie jaar die magsbasis in die Wes-Kaap laat tuimel het en verder noord kon begin opmars.

'n Beskeie platteland het hom egter nie juis geprikkel nie. Stede was sy forum; die saamkoek van mense op groot skaal – dit het sy are laat bruis. Op sy reis na diktatorskap het heelwat faktore in sy guns getel; Marikana se onsigbares het hom laat uitblink, gevolg deur 'n reeks stakings wat in verskeie sektore van die land posgevat het. Landbouers was teen dié tyd sorgvuldig uitgedun.

Voortslepende globale ekonomiese insinking het die mens honger gemaak vir vernuwing en ’n blindelingse gryp na halms, want vir die populus was die bestaande templaat uitgedien.

*Brothers&co* het die stroomvloei op tou gesit oor Albino X se geniale kapasiteit vir moderne tegnologie en die implementering daarvan as plaasvervanger vir armoede. Alles ’n illusie, gebaretaal van die swendelaar wie se ‘sagteware-programme’ hom vinnig een van die rykste mense op die kontinent gemaak het. Eminem se Rap God.

Eertydse mynmagnate se vonkel was uit, die Oppenheimers en Barnatos se slukderms onder die grond – wurmkos, en hul nasate reeds land-uit. Albino X het Vergelegen vir ’n goeie prys op ’n vendusie aangeskaf en die Kimberley Hotel op die hoek van Buitenkant- en Roelandstrate het hy ingerig as sosiale hoofkwartier. Mens moet hard speel en voorgee dat jy hard werk; sy leuse binnensmonds. Die groep wat geld kon stoot en kon gatkruip, was veilig. Nie veel anders as soortgelyke grepe uit die geskiedenis nie. Net meer verregaande ten opsigte van die sukkelende burgers buite die stadsmure van vrywaring.

Teen die tyd dat Suid-Afrika ’n Facebook-bevolking van twintig miljoen oorskry het, was Albino X reg soos ’n roer om die virtuele wereld vir die tasbaarheid van gemak te verruil . . . en siedaar!

Maar selfs *Brother&co* was nie opgewasse vir die onversadigbare magshonger van Albino X nie.

Sidney het ondertussen sy vertrek geneem; teruggespoor deur die bos waarvan die klein geriffelde blaartjies hierdie keer nie een maal geroer het nie. Vandag kon hy sien dat Magriet se vaagheid erger word. Hy wou nog praat en skerts oor dingetjies in die kontrei maar sy was reeds op die dowwe plek. Vir hom is haar gedrag deesdae iets woordeloos, ’n herinnering aan

mrs Wilson se doilies oor die kanne melk naby Kentani in die Oos-Kaap waar hy grootgeword het.

Magriet se vergeet sluip nader, dit kom haar haal en dit grens aan die bedreiging wat Albino X vir haar inhou. Soos in die geval van haar oorlede moeder se sibbe is amnesie besig om in te tree. Sy kan soms nie meer die registrasie tussen die bladmusiek en die uitvoer daarvan saamsnoer nie. Sy vergeet hoe die klank moet vorm; watter bondels hipervinnige note die teerheid en ruim tydbuigings moet volg. Sy moet vlug voordat die vergeet haar heeltemal inhaal. Die laaste konsert is in Maart, daarna sal sy moet vort. Afskeid neem van dit wat hier oor is, die flenterige landskap en herinneringe en terug na waar sy vandaan kom en haar laaste familie aan die voet van die Magaliesberg.

Wanneer het sy vir die eerste keer begin steel? Was dit as kind reeds met Kersfeeskaartjies uit bure se posbusse gedurende Desembermaand? Later blomme, mense se hout in Bettysbaai en uiteindelik het sy saam met Sidney by vakansiehuise begin inbreek. Dit het hulle ’n ruk aan die gang gehou.

Sy dink aan lank gelede, aan die plaas buite Vaalharts waar haar oergrootjies geboer het. Dit was ’n tyd van genoeg. Genoeg vir sommige en te min vir ander. Daar was kos wat so gekraak het, wat was dit nou weer? Kaiings. Sy skrik as sy besef dat die kwyl by haar mond begin uitloop.

’n Muishondfamilie waarvan daar op ’n stadium sewe in die tuin was, moes sy stelselmatig van kant maak vir kos, dit was ’n stryd, nie om hulle gevang te kry nie want hulle het haar geken en vertrou, maar wel om hulle vrek te maak. Dit was bitter om die mes te vat en diep in

die aorta in te druk, die ogies wat vir haar kyk in totale ongeloof, dan die reuk wat afgeskei word as gevolg van die skok. Sy het elke deel van die diertjies gebruik, en vir haarself gesê dat sy hulle soveel jare terug gevoer en vertroetel het en dat dit nou payback was.

Die konsertrok wat Tina vir haar gemaak het is nou al amper soos papier. Sy het klein stukkies blik gesny en in blokkies aanmekaargeheg om die bostuk meer draagbaar te maak, dit lyk heel skaflik: ’n bostuk van verskeie blokkies roesblik; die kleure daarvan omber en metaalblou, met draad verbind soos ’n lewensreddingsbaadjie. Die lang romp is van kasjmier wat na tien jaar dof en yl voorkom maar die vlinders wat in die materiaal geweef is, laat dit verwêrelds lyk.

Dieselfde vlinders word herhaal in moue wat tot by haar gewrigte strek.

Wanneer sy vir Albino X gaan speel, sorg sy dat sy teen die omberkleurige muur in die Musieksalon staan sodat dit lyk of sy en die muur een en dieselfde ruimte is, asof sy die muur word. Dit skep ’n goeie illusie en Albino X hou van illusies.

Mens sal Vergelegen nie herken nie; dit is ’n sjabloon van teenstrydighede wat kruis en dwars geënt is met oorblyfsels uit die VOC-tydperk − moderne konkoksies uit glas, sowel as informele strukture; sommige van plaatmetaal, ander van gras en bamboes, dientengevolge waai van die ligter konstruksies soms weg in die strawwe wind. Dit is nie vreemd om ’n grashut deur die lug te sien trek nie en dit kan vir etlike kilometers waai voordat die stukke uitgepluis en uitgespoeg word deur die wind, oorblyfsels soos as − ’n lewe uitgewaai.

Ten spyte van die feit dat die tuin erg geplunder is, staan daar wel nog ’n paar bome en sierstruike, meesal uitheemse spesies soos japonikas en in Augustus bloei die beddings helder tulpe; die finale asemteug van die Hollanders. Twee van die vyf monumentale kanferbome wat in die jare 1700 – 1706 deur van der Stel aangeplant is, is reeds afgekap vir hout.

Albino X is van mening dat kweekhuise die antwoord vir toekomstige tuine is; die ingehoue paradys waar tuinboukunde met binneversiering saamsnoer sodat jy binne reikafstand ’n vergrootglas op jou koninkryk kan rig sonder die ongerief van seisoenale wisseling, soortgelyk aan die winkelsentrum-ervaring, waar niemand wis van die storm buitekant nie.

Een van hulle vriende, Albert, het vir ’n wyle op die landgoed assisteer met sy groen herwinningsprojek, hy het regdeur die land gereis en mense gehelp om van hulle vullis te leef deurdat hulle daarin groente geplant het, die konsep was vreemd vir sommiges maar met verloop van tyd het min mense in elk geval ’n keuse gehad.

Magriet besef dat Sidney nie meer langs die vuur sit nie.

“Het ek dit verbeel?”

“Was hy ooit hier?”

Sy kyk na die bessies wat soos ’n mierkolonie se piramied op ’n klein hopie lê.


ANNA M. LOUW
Paradise

***Boomdiere***

Dit is vreemd, dink sy wanneer sy vroeg in Januarie met die strand langs loop om te kyk of iets bruikbaars uitgespoel het. Daar is drie dooie robbe en een lê naby die water. Haar hart bokspring, maar wanneer sy afbuk en aan die buik raak sien sy egter dat dit weer eens te laat is. Mens kry selde jou hande op ’n rob vir die pot, hetsy lewend of dood. Sy vertoef by die ander twee, wat verder terug, teen die duine lê – die verderf is goed in proses en maaiers wat soos borrelrys lyk, swetterjoel in en deur die stukkies ontbindende pels.

Eenjaar toe hulle hierlangs geloop het saam met die dramaturg Guy Faure het hulle daaroor bespiegel dat die klanke van die insekte opwindende musiek behoort te maak.

By Draadbaai merk hulle die skool dolfyne wat pyl-en-boog in die see-reservaat se rigting en die volgende oomblik duik Wim in die water, op pad na hulle toe. Magriet en Guy swem ’n ent saam, maar raak moeg en draai om. Op die strand hou sy die water fyn dop vir haar man met die groot hande (die hande van ‘n beeldhouer) want hy word kleiner, alverswelgend in sy liefde vir die see en al die wesens daarbinne.

Waar die duine begin afplat, sien sy ’n vierde rob wat met geweld ontbind; die dooie dier is ontplooi (deur ’n ander dier) watter dier? Dalk ’n bobbejaan? Maar nee, sy dink nie dis op hul spyskaart nie, eerder iets soos ’n kraai. Klein stukkies pels lê verspreid ’n ent weg van die karkas, die kop lyk of dit uitgesuig is soos wat ’n Franse smulpaap ’n kreefkop sou insuie. Die rob lê seker al omtrent drie dae daar op die strand, die oë is half-oop en glaserig, weefsel in simbiose met die wiere waarin hy rus, ’n graf. Sy snorbaarde is vergeefs, alles omtrent die dier

is wanhopig en sy kan daar niks eers van eet nie want hy is reeds in verrottingstadium. Sy stap aan op soek na mense wat hier wel eens was; vissermanne, stranddrawwers, kinders in vlak poele, stropers. Sy wat op ’n tyd alleen die stilte en verlatenheid opgesoek het, is nou uitgehonger vir ander stemme.

Wie kom by haar op? Wie spook hier tussen die geeste van die Hangklip Drosters se agtiende eeuse vloek? Mens skryf jou eie geskiedenis, het sy altyd vir Wim gesê. Aan Wim kan sy beswaarlik dink sonder dat die sand onder haar leegloop in wanhoop se swaarteveld.

Sy het die kans om weer ’n ordentlike maaltyd te nuttig. Die Heydenrichs hou partytjie op die dertiende Desember en sy is gevra om agtergrondmusiek te verskaf. Hulle hou van tyd tot tyd sulke geleenthede wanneer hulle ‘bekommerd is oor die situasie in die land’ en dan nooi hulle gewoonlik ’n ‘sukkelende’ musikant om vir hul gaste op te tree. Die ryk elite wat binne die ringmuur bly voortbestaan, amuseer hulself met ’n verskeidenheid onderwerpe en aktiwiteite. Hulle sal armoede beskou as ’n fenomeen wat jy met afgryse van ’n afstand kan besigtig net om huis toe te gaan en jou galpille weg te sluk. Magriet wonder waarom die Heydenrichs nie eerder in een van hul huise in Frankryk of Engeland gaan woon nie.

Benewens ’n bord kos betaal die egpaar haar ook eenduisend rand. Hiermee sal sy probeer oorleef tot tyd en wyl sy die tog noorde toe aandurf. Sy hoef in elk geval vir ’n geruime tyd nie na ’n spreeu, seebamboes of ’n fisant-eier te kyk nie en sy kan haar krag opbou vir die reis. Die plan kom in werking. Op 22 Maart moet sy by Albino X se herfskonsert speel. Haar vriende van die musiekgroep Joe Bloom vertrek kort daarna op hul Karootoer en sy kan saam met hulle deurry tot op Beaufort-Wes.

Louise Wildenboer, een van die groeplede, se oom moet skape na ’n vendusie toe neem op Britstown en Magriet se skaapmondering is reeds geslag. Sy sal plan B uit die stofstraatjies van daardie onbeduidende dorp optower want haar volgende mikpunt is die Kimberley-omgewing waar sy moontlik nog op die genade van ’n jeugkennis sal kan staatmaak.

Op die dag voor die konsert kry sy ’n geleentheid stad toe saam met die afgetrede professor wat navorsing by die Argiewe in Roelandstraat, Kaapstad gaan doen. Sy spesialisasie is die Hangklip Drosters en Kaptein Leander Boegies is sy fokus. Albino X glo vas dat die kaptein een van sy voorsate was en die professor is dus in die bevoorregte posisie om die navorsing so lank as moontlik uit te rek en sodoende vir himself ’n soldy te bly handhaaf. Magriet is oortuig daarvan dat die professor al ’n aansienlike hoeveelheid bog oor Boegies kwytgeraak het en dat hy grotendeels voorgee dat daar nog dokumente oor die droster bestaan. Maar om te oorleef, moet mens ’n bliksemse plan maak al beteken dit dat jy gesofistikeerd begin lieg.

Om saam met die professor te ry, het minstens nie dieselfde soort vereiste wat deur sommige van die ander jammerharte gestel word nie. Behalwe vir die feit dat hy haar elke keer herinner aan die vele skeepswrakke wat naby Hangklip lê, is die sowat sestig minute-rit heeltemal draaglik:

“Ternate 1680, Louise Scheller 1882, Ispahan 1886, Varuna 1902, Bellona 1912, Natal 1916, Imp 1920.”

Sy kyk altyd ver uit oor Valsbaai se water en dan laat sy haar gedagtes loop. Op een plek hang steeds ’n verslete stukkie lap naby die reliek wat opgerig is vir die branderplankryer wat een jaar in Kogelbaai deur ’n haai doodgebyt is.

*Maande later is die woordeboek gevlek. 'n Man met een been dryf nader aan die rotse, die haai verdwyn . . . sonder dat sy honger gestil is.*

Soms is sy verplig om 'n geleentheid saam met Gerhard Schoeman, die laaste oorblywende stroper, te vra.

Dit behels gewoonlik dat hy iewers langs die pad stilhou sodat sy draad eers getrek moet word. Hy wou op 'n dag haar mond ook nog om sy triestige voël hê maar sy het volstrek geweier:

"Geen mens weet waar hierdie ding al was nie. Dan stap ek eerder verder."

"Oukei man, dan net jou hande . . . relax."

Sy verbeel haar dit is 'n geleentheid om haar vingers te olie vir die viool. Selfbegogeling laat jou toe om dinge te verskans of aanvaarbaar te maak; daar kan selfs 'n mate van metamorfose plaasvind − solank jy net bereid is om van rat te verander.

Met verloop van tyd het sy egter van plan verander en die geleentheid van die slukkies semen as kos begin beskou. Suig en sluk in afwesigheid van die geleidelike ritme van liefde, niks soos Wim nie – vinnig oor en verby en albei het gekry wat hulle soek.

Die skoonheid van Wim se beminning vir ewig verlore.

Wim het aan die see gegee en die stroper het van die see gevat. Magriet kon slym in haar gewete voel klodder.

Hulle ry vroeg want die professor wil 'n goeie skof insit by die lessenaar. Hy sit altyd by tafel nommer vyftien as gevolg van een of ander bygeloof daaroor. Sy vermoed dit het iets met 'n sportsoort uit te waai. Watter dokumente gaan hy vandag van die houtrakke afhaal? Wie se

vervloë, irrelevante tydlyn gaan hy probeer naspoor en hoeveel daarvan gaan hy uit sy duim suig ter wille van oorlewing?

Sy het al per geleentheid vir hom gewag by een van die lessenaars in die ou tronk. Daar het sy ’n boek sien lê met die titel *Sketches Representing the Native Tribes, Animals and Scenery of Southern Africa.*

Stadig het sy deur die boek begin blaai; die bladsye was vol skimmelvlek en op een plek het iemand esdoringblare gepars wat nog in die boek gelê het. Deur ou diere is sy meegesleur − die sorgvuldige arsering van elande, renosters, gemsbokke, springhase en jakkalse: "*Die bruin jakkals is slegs een van vele soorte van die spesie. Hulle gewoontes is dieselfde in alle lande en hulle is ewe geslepe in Afrika as Europa.*" [2]

Ten spyte van grootskaalse verbrokkeling is die pad met sy verskeie uitsigpunte steeds besonders; elke kinkel en opvou ken sy soos die spore op haar handpalms. By Blousteen waar die helling op sy hoogste is dink sy altyd aan Thelma en Louise en dan wonder sy oor die trefkrag van so ’n dapper sprong. Arme Inspekteur Hal Slocumb het nie ’n kat se kans gestaan nie. Slocumb, wat ’n eienaardige naam. Wat het van Harvey Keitel geword?

Bakens gelaai met assosiasies: Boskloofpunt vir walviskyk in die wintermaande, Die Kamer is waar minnaars hulle motors teen skemer parkeer het, Kogelbaai − waar die pad lank en reguit oopstryk met bloekoms aan weerskante van die pad. Dis hier waar die berge reusagtig opstol tot teenaan onstuitbare wolke en waar die somerbrande korte mette van die landskap kan maak.

Die mees verraderlike kontoer van almal het egter geen naam nie.

*Die kleur van die see aan die einde van ’n dag in Februarie is naamloos. Dit verg ’n nuwe woord, maar daar is nie ’n woord vir hierdie kleur van agtuur op ’n louwarm somersaand nie. Miskien is dit die timbre van walvisliedere of van visherinneringe of van ’n miljoen getye wat oor eeu heen versamel is. Verbeel jou die stemme wat styg en sink op maat van skakerings soos Auro Metal Saurus (goeie naam vir ’n rockgroep), Munsell, Cool black, International Klein Blue. Die ink vloei deur die wonder van al die wesens − lewend en dood, diep en vlak: krappe, amfipode, waaierwurms, Sargasso-visse, lintgras.*

Die professor laai haar af aan die onderpunt van die Kompanjiestuin en hy het ’n spesmaas dat die ou tuin haar tuiste gaan wees vir die volgende dag of twee.

“Totsiens Magriet, pas jouself op.”

Hy is emosieloos ter wille van sy eie behoud. Dit is hoe dit werk. Elkeen vir homself. Hy kon haar moontlik by sy suster in Woodstock laat slaap het maar daardie geleentheid moet hy in petto hou.

*“Afrika Termiet (Marcrotermes bellicosus) Hierdie termiete se merkwaardige vestings is die sleutel tot hul oorlewing aangesien die temperatuur binne die nes konstant bly, ten spyte van wisselende buite-temperature. Die mierneste is so goed ontwerp dat die mens dit nou van nader bekyk in ’n poging om die ontwerp te probeer ewenaar sodat minder energie vir menslike strukture benodig word. Termietneste kan tot nege meter hoog strek, is waterdig en gebruik ventilasiekanale wat die temperatuur binne die nes teen ’n konstante 30 grade Celsius handhaaf.”* [3]

Om in die Kompanjiestuin te slaap is vir Magriet niks nuut nie. Vanweë die feit dat heelwat mense hier woon, is dit ironies genoeg relatief veilig. Sy begin stadig met Parlementslaan oploop en haar oë soek na Wilhelmina wat reeds meer as ’n dekade die derde parkbank regs bewoon. Maar sy is nie te bespeur nie, seker ’n draai gaan loop of kos gaan soek. Dis ook nie meer soos vroeër toe weggooikos volop in die dromme was nie. Nou se dae moet jy ver en wyd snuffel. Die eekhorings is aansienlik minder en van die groot kransduiwe is daar ’n handvol oor.

*“’n Kind is deur sy ouma met ’n knopkierie doodgeslaan omdat hy ’n hoenderboudjie gesteel het.”*

Sy loop langs die wit geboue wat jare laas geverf is. Miniatuurpolitici hang nog hier rond, dis net die binnekring wat saam met Albino X Vergelegen toe getrek het. Van die strook akkerbome staan slegs ’n paar oor wat bewaak word deur skarminkels wat soos veiligheidswagte aangetrek is. Die hout moet in die toekoms na Albino X toe. Dis vreemd om die laning so gestroop te sien maar ten minste val daar nou heelwat meer son deur. Een rot beweeg lui tussen die plaveisel en verder boontoe, naby van wat oor is van Rhodes se afkop standbeeld, staan die voëlhok leeg. Sy herroep die stemme van die voëls; hulle vokale wat verskillende boodskappe uitgestuur het en wat haar aan die resonansies van die viool laat dink het. Die vywer is leeg en die bodem het al begin opskurf.

Langs die ruïnes van die teetuin staan die inligtingskantoortjie. Van toentertyd se uitstalling is niks oor nie. In die gang was daar ’n swart-en-wit foto van ’n deftig geklede man op ’n bank omring deur ’n lushof van broodbome, strelitzias, wisteria, clivias, palms . . .  hierdie tuin was nie heilig op inheemse plantegroei nie. Daar was ’n roostuin met name soos Satchmo, Tineke

en Bride's Dream want op Saterdae kon jy die gevolg van chiffon oor die grasperk hoor sis. In die lente was daar soms 'n bonsai-uitstalling waar jy jou kon vergaap aan die boompies wat tot diep in hul wortels geknyp is. In die middel van die somer kon mens skoolkinders hoor lag tussen die ontdekkings van 'n opvoedkundige  skattejag. Almal in blou.

Sy gaan lê op die uitgedorde gras en kyk boontoe. Die wolke word pluimende bome. Hulle blare val en begin soos sirkels rol, hulle stamme bult, dan gaan daar deurtjies in die stamme oop en binne-in verskyn diere wat eens op 'n tyd hier gewei het. Hulle knik en groet haar.

"Hallo Leeu," sy vleg haar vingers deur die oker maanhaar. Leeu is enorm, sy druk haar kop teen sy nek en wil op hom klim en wegry maar hy brul en sy skrik want sy onthou dat 'n leeu haar niggie Berta se been amper afgebyt het.

"Hallo Renoster, waarom is jou oë so klein?" Renoster spits sy ore want hy kan klanke hoor wat slegs vir dowes verstaanbaar is.

"Hallo Olifant, kom blaas jou trompet vir die dirigent." Die reus is vandag te swaar om eers 'n slurp te lig.

"Buffel, waar is jou kudde, hoe loop jy dan so alleen?" Buffel staar in die niet en droom van die soet grasvelde waar hy eens op 'n tyd gewei het.

"Luiperd, leen vir my net een roset op jou pels asseblief, sodat ek vanaand in die geheim kan skitter." Luiperd is reeds vort, hy het in sy wildste drome 'n vlakvark gewaar.


ANNA M. LOUW
Paradise

***Die Spokende Moerbeiboom***

Samesweerders van ’n bevooregte eendersheid; die koning van Suid-Afrikaanse kuns (in sy kenmerkende wit hemp van ingevoerde katoen) beweeg neus eerste deur die gaste terwyl hy telkens met sy handpalm praat. Sodra hy verby ’n groepie beweeg is dit asof hulle na hul asems snak en kniebuig soos wat Magriet dink die Wyse Manne uit die Ooste eens in die boek Mattheus gedoen het. Sy hou die gaste dop vanuit die laagste hoek van die tuin. Na benede gloei die ligte van ’n stad wat jare gelede vir haar ’n bekoring ingehou het maar nou soos ’n vreemde tor in die donker smeul.

’n Entjie van haar af weg staan drie mense en gesels. Een is ’n lang, skraal vrou met skouerlengte donker hare. Sy het vroeër by ’n kunsafslaer gewerk waar ’n skildery van eende op ’n dam vir miljoene verkoop is. Die vrou was baie aantreklik toe sy jonger was maar nou beklemtoon haar swart hare die rimpelings langs haar mond en die lae hals lyk of dit wil swig onder die swaar juweliersware wat om haar nek gedrapeer is. Wat ’n ander wêreld, dink Magriet. Om te dink sy het eens op ’n tyd relatief goed ingeskakel by hierdie sosiale gewoel en nou is sy ’n anonieme buitestaander.

Haar opdrag behels vier sessies maar die gaste luister in elk geval nie. Sy herken hier en daar nog iemand uit die verlede alhoewel sy twyfel of hulle haar sal eien. Sy het niks, net ’n viool. Onder die stilte en beskutting van ’n wildekatjiepiering dink sy aan die verhaal van die violiste Ginette Neveu wat volgens oorlewering haar Stradivarius in haar arms gekoester het toe haar lyk in die vliegtuigwrak gevind is.

*“Blomtyd is vanaf Desember tot Januarie, en dra ’n soet reuk. Die harde, buigsame hout is gewild in die vervaardiging van instrumenthandvatsels, asook vir huisgerei soos houtlepels en*

*roerspane vir pap. Die fyngemaakte wortel kan gebruik word om melaatsheid en rumatiek te behandel deur klein snytjies in die vel te maak en dit in te vryf."* [4]

"Waar swerf jy?"

Sy kyk versigtig op. Die man is middeljarig met donker reguit hare wat begin yl raak om die slape. Hy kyk stip na Magriet. Sy haal haar skouers op in antwoord.

"Ek hou van jou vernuf met die A mineur drieklank harmonie."

"Dankie."

"Sal jy omgee as ek langs jou sit?"

Sy skuif na links sodat daar plek vir die vreemdeling langs haar is. Hoewel sy haar lyf vanoggend met boegoeblare gesmeer het en ook van die lyfroom in die gastebadkamer aangewend het toe sy gearriveer het, is sy tog bekommerd dat daar 'n klankie uit haar vel opgaan. Mense wat honger is, ruik anders. Sy bad gereeld in die see en probeer skoon bly maar haar higiëne is nie wat dit was nie.

"Verskoon, ek het effe verkoue," sê die vreemdeling.

Halleluja, dink Magriet, hy sal my nie juis kan ruik nie.

"Skuus, ek is nalatig. Benedikt Burger. Ek woon hier langs die Heydenrichs, eintlik in hulle werkerskwartiere."

Sy reik haar skraal hand uit, "Magriet Vos."

Hy kyk af en lyk vir 'n oomblik verskrik: "Ah, I feel it, it is vanished."

Magriet glimlag "Pamina in die vierde toneel, jy is 'n Towerfluit-man lyk dit my."

Tot haar verbasing brei hy nie verder uit oor Mozart se opera nie, maar loods eerder ’n tafereel oor ’n artikel wat hy pas geskryf het. Dit handel oor die oorsprong van Maleisiese kos aan die Kaap en wie nou kwansuis kan aanspraak maak op disse soos bobotie. Hy raak meegevoer deur die narratief van sy eie navorsing en kap na ’n befaamde koskenner wat glo die invloed van die Maleiers wil negeer. Hoe meer hy praat, hoe hongerder raak Magriet. Ek gaan flou val, dink sy. Die man moet nou stilbly.

“Kan ek vir jou iets te ete bring?” vra hy.

Magriet knik verlig. (Hoor sy Tamino se magiese fluit wat droefheid in vreugde kan verander?)

Na omtrent vyftien minute keer hy terug met ’n Beierse porseleinbordjie waarop drie stukkies beet en ’n ster-anys gerangsik is. Die beet het Rorschachpatrone gemaak wat haar laat dink aan ’n vlermuis.

Sy moet stadig oor die klippe met die kos want as sy haar nou vergryp deur te vinnig te eet gaan sy siek word. *Larghissimo*, met haar oë toe.

Was sy maar die aantreklike vrou van selfs vyf jaar gelede dan het hy haar moontlik ’n bed aangebied, maar kyk hoe lyk sy.

Die Heydenrichs het twee Ierse wolfhonde. Die Keltiese reuse het op die gras by haar voete kom lê en dit laat haar rustig voel. Nog twee sessies oor vir die aand. Sou iemand hier ooit weet dat sy eens op ’n tyd soos ’n sweefstok-arties deur die lug gewieg het met haar viool onderstebo, dat sy die wêreld vanuit die mees uitsonderlike hoeke bekyk het, vir jare was dit haar kenmerk, sy kon die viool onderstebo speel terwyl sy deur die lug swaai. Dit was eintlik

’n grap hoe sy *ja* en *nee* op papiertjies geskryf, dit toegevou, in die lug opgegooi en dan na willekeur haar volgende konsert daaruit gekies het. Nou stryk die stok gelate oor die herhalende komposisies van vergange meesters. Sy moet opstaan en verder speel; *Killing me Softly with His Song*. Dit is die strelende soort musiek wat mense van die kokon verkies. Binne die kokon moet dinge voortgaan soos altyd en omdat die mense binne hierdie papie oor die kapitaalkrag beskik is dit vir hulle moontlik om ’n eersteklas-toestand te bly handhaaf.

Hoe de hel hulle hul kopruimtes om die ellende hier buite kry, is ’n raaisel.

Hier is die nek van die viool, hier is die brug met die delikate siddering van die snare se spanning; die spits van ’n ystervark se penne. Die tas van iemand se vingerpunte op haar vel. Dit is die man wat sy vroeër ontmoet het.

“Sal jy my aan die slaap kom speel?” vra hy; “Ek sal jou uiteraard beloon.”

Sy knik: “Ek behoort teen elfuur klaar te wees.”

In teenstelling met die herehuis van die Heydenrichs is Benedikt Burger se woonstel yl.

Magriet vind daar ’n element van die askeet teenwoordig. Dit is duidelik dat hy lief is vir lees en die boekrak is netjies georden volgens onderwerpe. Hy bied vir haar tee aan wat ruik na rooswater en stel voor dat sy maar kan begin speel sodra sy dit klaar gedrink het. Hy gaan lê op die bank langs die boekrak en kyk haar stip aan. Ná *Castle on a Cloud* is sy oë toe.

Dit is skuins voor middernag en sy moet nog terug tuine toe. Sy soek die badkamer. Daar is Kama Sutra-illustrasies in die gang en sy onthou soortgelyke prente in die huis van haar peetma, jare voordat sy haarself geskiet het. Dit was 26 Desember. Haar man het gaan swem en toe hy in die huis kom en verby haar slaapkamer loop, sien hy haar daar lê met sy Colt 45 naby die harsings.

Vlinder, Aap, Dolfyn: moenie hierdie posisie te lank handhaaf nie, want die bloedtoevoer na die brein kan ’n floute veroorsaak.

Die man neem die viool uit haar hande. Hy draai haar om sodat hy van agter teen haar druk. Sy voel die stulping. Wanneer laas het sy ’n lyf teen haar gevoel? Die viool tref water en swel uit, die viool dryf af met die rivier, tussen ou blare en deur koel, dan warm strome wat deur die rivier vleg. *Tutte le corde.* Dit oorskry haar honger en roep haar terug na ’n kardinale behoefte; die ekstase daarvan wanneer sy die greep se jagtigheid om haar lende inlyf.

Wanneer hy haar na hom toe omdraai, byt sy hom. Hy hou haar gesig met albei hande vas en sy sien trane in sy oë, dan druk hy albei sy duimvingers tot in die binnekant van haar mond asof hy haar speeksel wil uitpars, haar sap wil sien, sy vergeet van alles waarvoor sy deesdae moet baklei, hy fluister in haar oor dat sy ’n geur het soos die aarde, hy het dit vroeër die aand waargeneem tussen die soet reuk van die katjiepiering.

Magriet word wakker onder die spokende moerbeiboom. Die boom het volgens oorlewering meer as twee eeue laas vrugte gedra nadat ’n slaaf op vlug homself in die omkyk teen die stam dood gehardloop het. Nou dwaal sy rustelose gees tussen die krom takke soos iemand sonder heenkome.

Dit was ’n droom. Sy is alleen hier en haar bondgenote die boemelaars is ook nêrens te bespeur nie. Dis net sy en die boom. Hoe laat kan dit wees? Sy wens dit wil oggend word sodat sy kan

huis toe gaan, in haar voëlnes gaan opkrul en vergeet van die mense wat sy laasnag moes aanskou − mense wat haar eensaamheid en hopeloosheid tot op ’n rotslys dryf.

Haar hande pyn verskriklik. Sy vryf hulle versigtig, ritmies, sy soen haar hande, sy wil haar hande eet sodat daar niks van haar kan oorbly nie. Sy wens dit was nie ’n droom nie, watter begeerte jag nou in haar skoot?

“Kyk jy na my Wim, sien jy my waar jy nou is en is jou hande nog my beskutting teen gevaar?”

Wanneer sy vir die tweede maal wakker skrik is die daglumier in wording. Sy voel iets warm en die reuk van yster wat naby haar drup. Met haar middelvinger raak sy aan die plas langs haar en proe dan daaraan. Dit is bloed. Is dit my bloed? Sy bly stil lê. Stil stil stil. In haar kop neurie sy *Tula baba*. Sy soek haar viool en onthou dan dit is onder haar, begrawe in plastiek in die vlak grond sodat sy in haar slaap daaroor ’n oog kon hou. Bokant haar, in een van die dwars takke, gewaar sy die kop. Sy snak na haar asem: “Wilhelmina!”

Net die kop, met die warboel dreadlocks, haar oë wyd soos twee vraagtekens. Fok fok fok, dink sy. Sy voel ’n blaasgeluid diep in haar ore, duisendpote kruip op agter haar nek, haar are stol terwyl sy haarself stadig wegsleep van die spokende moerbeiboom.

Dit help nie mens gaan “polisie” toe nie. Jy retireer net, maak of jy niks gesien het nie, niks weet nie, vee uit, move on. Jy durf nie betrokke raak nie. Dit kan jou einde beteken. Van moord af rol jy geruisloos weg en kyk nie terug nie anders verander jy in ’n soutpilaar.

*"Hiermee dan my gewaarwordinge direk na die onthalsing: die ooglede en lippe van die onthoofde man het in onreëlmatige ritmiese sametrekkings bly werk vir ongeveer vyf of ses sekondes. Hierdie verskynsel is al opgemerk deur diegene wat in soortgelyke omstandighede as ek, kon sien presies wat gebeur nadat die nek afgekap is . . . ek het etlike oomblikke gewag. Die krampagtige bewegings het tot 'n einde gekom. Die gesig het begin ontspan, die ooglede het halfpad gesluit oor die oë sodat slegs die wit van die bindvlies sigbaar was, presies soos in die geval van sterwendes, of pas gestorwes, met wie ons daagliks in ons professie te doene kry.*

*Op daardie oomblik het ek in 'n duidelike en harde stem uitgeroep: "Languille!" Ek het gesien hoe die ooglede stadig oplig, sonder enige konvulsies − ek beklemtoon opsetlik hierdie besonderheid − maar met 'n egalige beweging, heeltemal helder en normaal, soos wat in die alledaagse lewe met mense gebeur wanneer hulle ontwaak of uit 'n diepe bepeinsing geruk word. Vervolgens het Languille se oë stip na my gestaar en sy pupille het in fokus gekom. Dit was nie 'n onseker blik, sonder enige emosie, soos wat mens normaalweg bespeur by die aanspreek van sterwendes nie: Ek het te doene gehad met onmiskenbare lewendige oë wat na my gekyk het. Ná etlike sekondes het die ooglede weer toegegaan, stadig en reëlmatig, en die kop het dieselfde voorkoms aangeneem as vantevore voordat ek hom aangespreek het.*

*Ek het sy naam weer-eens uitgeroep en vir die tweede maal, sonder enige beroering . . . stadig het die ooglede begin lig en onbetwisbare wakker oë het na my gekyk, moontlik selfs met meer deurdringendheid as die eerste keer. Die ooglede het weer begin toegaan, hoewel minder volkome. Ek het 'n derde keer probeer; maar die slag was daar geen verdere beweging nie – en die oë het die glasige voorkoms gehad van iemand wat dood is.*

*Ek het sopas, met stiptelike noukeurigheid, aan u meegedeel wat ek in staat was om waar te neem. Die hele petalje het vir vyf-en-twintig tot dertig sekondes geduur."* [5]

Sy moet begin stap. Terug huis toe. Dit is ’n sewe-en-tagtig kilometer-tog vanuit die Kaapse middestad na haar nes by die see wat haar minstens drie dae sal neem, tensy iemand haar ’n geleentheid gee, maar dit is altyd riskant. Sy stap, kop omhoog, maak geen oogkontak − stap net, daar is honderde ander soos sy langs die pad, mense wat myle loop hulle lewe lank. Mense wie sy altyd bejammer het wanneer sy en Wim verby hulle gery het in hulle wit Honda; Bill Frisell se improvisasies in die lug.

Wim het gesê dit klink soos die klankbaan vir *The Grapes of Wrath*.

Stap aanmekaar en wanneer jy moeg word, maak jy ’n gat in die grond en trek jou kop in soos ’n slak of ’n skilpad. Sy is skaars sigbaar tussen die ander voetgangers waarvan elkeen besig is om ’n bestaanstryd uit te meet. Soos miere beweeg hulle; tussen sink en rook met die hoofweg eenkant ’n verkalkte aar en hulle aan die kant daarvan soos afwesiges want hulle bydrae is gering.

’n Ent voor haar beweeg ’n man met ballonne, net sy bene steek uit en dit lyk asof hy enige oomblik gaan opstyg. Waarheen is hý op pad ? Daar was ’n foto by ’n tentoonstelling in die Franse dorpie Arles waar sy een somer moes speel. Dit was van ’n ballonverkoper langs die puinhoop van ’n teehuis in Kaboel. Ballonne was onwettig onder die Taliban.

Die ruimte waar die uitstalling plaasgevind het, was in ’n gerehabiliteerde sanatorium waar Vincent van Gogh behandel is. *How buildings learn*. Toe Magriet by die gebou uitstap, diep ingedagte, het sy uit die bloute ’n oproep gehad van Guy Faure, maar min het sy geweet dat dit die laaste keer was dat sy met hom sou praat.’n Week later is hy dood, moeg geword vir die antiretrovirale behandeling en armoede, die sukkelbestaan van ’n dramaturg wat nie die sale kon uitpak nie. *Starry, starry night***.**

Naby die R300 is ’n oop veld waar mense gereeld sokker speel langs die N2. Magriet stap ál stadiger, so stadig nou dat haar voete en die grond een word. Met elke tree tel sy aarde op en sleep die gewig daarvan saam met haar, want wat sy gadeslaan is vir haar loodswaar. Hulle skop ’n uil. Heen-en-weer. Die pootjies is vasgebind met ’n tou en die arme wysgeer is ’n pluimbol wat nie kan vlieg nie. Sy kan niks doen nie. Sy stop nie, maar hou aan stap met die skok en hartseer in haar hakskene asof sy en die uiltjie een is. Dalk is die uiltjie genadiglik reeds dood. Indien hy hierna wel nog leef, sal hy geestelik versteurd wees. Watse klankies sal uit sy keel kom, wonder Magriet?

*“Die Portugees-Oos-Indiese vaarder het op 16 April 1686 in die omgewing van Kaap Agulhas gestrand. Aan boord was ’n Siamese afvaardiging op pad na die hof van Louis XIV van Frankryk. Tydens hul staptog na Kaapstad was die oorlewendes so honger en dors dat die Mandaryne later verplig was om hul skoene te eet. Slegs ’n klein groepie oorlewendes het Tafelbaai na 24 dae bereik.”* [6]

Voor Monkeytown stop iemand langs haar. Sy kyk twee keer om seker te maak want die vrou agter die stuurwiel lyk soos Inge Heydenrich.

“Aarde mens, ek dog ek herken jou!” blaker sy in die joviale stemtoon van ’n vrou wat heeldag sit en voetjie klop.

Magriet wil in die aarde insink.

“Ek het vergeet dat jy langs Seafarm woon. Jy moes net gepraat het want ek is in elk geval op pad soontoe om te kyk na die stoffering wat ons laat oordoen het. Spring in!”

Magriet klim in die passasiersitplek. Haar voete is geswel en sy hoop nie Inge Heydenrich sien dit raak nie. Die twee Ierse wolwe sit agter. Hulle waai hulle sterte en die een sit sy kop op

haar skouer. Die hond se asem is warm, dit ruik na kompos. Magriet vou haar arms om die viool.


ANNA M. LOUW
Paradise

***Troosteloos, die dooie boom***

Die foon lui kwart voor agt. Dit is Elena, die vrou by wie Wim se broer al amper ’n jaar bly nadat hy sy vrou, kinders, huis, besigheid en motor verloor het; grotendeels vanweë sy onmoontlike bestaan tussen die resessie en die bottel.

*Die skoonsuster vertrek. Sy neem die twee kinders: ’n seun (12) en ’n dogter (8) en sy sê vir haar man dat sy hom nie meer liefhet nie en sy stap na buite (moontlik met ’n handvol besittings) klim in die motor (met die twee kinders) en ry weg. Die seun kyk een maal terug en sien hoe sy pa vooroor buig en kots. Verlaat sy ’n sinkende skip of verlaat sy die afwesigheid van liefde, jare van vlottende bates wat te veel geword het? Wanneer asem nie meer die ligboei kan ophou nie, ’n dryfmyn waarvoor jy nie meer kans sien nie. Wat het haar tot hierdie presiese moment voortgedryf ? Want dit moes moed geverg het. Is daar iemand anders? Iewers. Of is dit haar eie gefrustreerde bestaan, haar denkbeeldige betekenisloosheid van ’n onbevredigde lewe? Moeilik om te sê. My swaer ontmoet ons vir aandete by die Wild Fig; die plek vlek ou herinneringe oop van ’n tyd wat mens eerder sou wou vergeet, maar daar sit ons, die drie van ons met ons middelmatige loopbane waarvan elkeen besig is om in ontgogeling te versink, en in sy geval − ’n oorblyfsel. Hy is vrek kwesbaar en dit laat my die drostervrou verfoei. Maar ek is per slot van sake veronderstel om bevry genoeg te wees om haar kant van die saak te probeer begryp? Waarom kan ek nie? Arnold se gesig het ’n voosheid. Hy glo dat God aan sy kant is en dat hy dus sal lewe. Die Bybel karteer gewoonlik hierdie soort landskap want die ander opsie is ’n ysterboek. Yster kom na my toe deesdae; die reuk daarvan, die klank daarvan wanneer dit op sement val, hoe koud dit is. Van welke grond dit opgeroep word en in*

*watter eeu dit vir die eerste keer in 'n sleutel uitgekarring is? Hy praat, meestal oor homself (soos altyd) en hy eet sy bord skoon: geroosterde eend en groente. Ek vertel vir hom dat hy kos moet eet wat in botter gaargemaak is, omdat dit sal dien as maagsalf vir die leed en die pyn wat na sy ingewande afsak en dit sal help beskut. Dis totale twak. Wat probeer ek sê? − hierdie beuselagtige poging tot gesprek. Wim is overmurfbaar in sy renons aan die drostervrou en hy werk deur 'n inventaris van ongedane insidente in 'n poging om Arnold die lig te laat sien en te laat besef dat hy beter af is sonder haar. Maar Arnold sit vasgenael tussen sy liefde vir die drostervrou en sy eie gekrenkte eer. Wim glo dat haar vorm gou sal vervaag omdat haar bydrae weining meer was as 'n kanttekening.*

*"Binnekort sal ons nie eers die kleur van haar hare onthou nie. Jy sal sien."*

Hulle hou al vir agt maande asem op om te sien of dit sal duur en hier is dit nou: verby met 'n helse slag en reeds die tweede motor wat hy afgeskryf het onder die invloed. Bo-oor 'n rooi lig, reguit in 'n ander voertuig ingejaag teen honderd-en-tagtig kilometer per uur. Die bestuurder van die ander voertuig, 'n vrou, is genadiglik nie dood nie. Bloedmonsters geneem? Weet nie, nie seker nie, Elena weet nie wat om te doen nie. Hierdie vrou wat van 'n klein dorpie naby Dracula se kasteel afkomstig is, is ontnugter tot in haar skedel. Hulle moet kom help, hy is ontslaan maar sy kan nie meer met die verhouding voortgaan nie, haar kind Lea met die sprokiesgesig het vir Arnold op die draagbaar gesien en histeries aan die gil gegaan, beide haar broer en seun het haar aangeraai om 'die man' so spoedig as moontlik uit haar lewe te kry. Sy het vir agt maande pop gespeel met die blondekop mannetjie met die blou ogies wat hom verbeel hy lyk soos Robert Redford en nou is sy sat. Nie dat mens haar enigsins kan kwalik neem nie. Geheel en al nie. Alles en almal wat in aanraking met hom is, kom tweede. Hy het

Wim se lewe vir die grootste gedeelte daarvan hel gemaak en nog steeds klim hy in sy broer se kop.

Die dag ontaard in 'n gestryery oor wedersydse familiekwessies soos wat dikwels die geval is en dreig om hul verhouding van koers te bring. Vyftien jaar al. Dieselfde storie. Een jaar sy suster, dan Magriet se pa wat vir hulle so 'n kak legacy agtergelaat het, dan Wim se broer . . . Magriet se broers. Ping-pong heen-en-weer. Later gil hulle op mekaar, dit is so erg dat sy uit die huis wil hardloop, weg . . . oor Blesberg se spits en tot in die niet, verdwene van Wim se geskree en van al die issues. Tussendeur vieslike kragwoorde gooi sy Wim met die halwe bakkie ontbytkos. Dit mis hom skrams; melk, rosyne en hawermout vlek die wit muur agter hom. Die bakkie is aan skerwe. Wim draai om, maak gereed om sy broer vir die soveelste maal te gaan red. Alle lewe dreineer uit Magriet, die monster kom sit in haar keel, haar maag draai. Sy buig vooroor met haar kop op haar arms maar sy kan nie huil nie.

Wim het nooit sy broer kon red daardie dag nie. Hy het die naamlose, verraderlike kontoer skerper gevat as gewoonlik en die motor is by Clarence-weg af; oor rotse en deur gras, sodat Wim, saamgepers deur glas en metaal, uitgerol is in die see. Sou hy die tolling wel vyf maal oorleef, het hy oplaas in die see verdrink.

Magriet het opgehou sweef van toe af. Sy het heelwat later eers weer die viool begin speel, met haar voete onvas op die grond wiegend haarself probeer sus met die komposisie van Barber se Adagio.

*"Rome − Sedert sy eienaar se dood twee maande gelede, het Tommy die hond nog nie 'n enkele altaardiens in die klein kerkie in die suide van Italië, waar sy eienaar se begrafnis plaasgevind het, gemis nie."* [7]

Wannneer mens in die wind loop dan is dit minder vreesaanjaend; die swart suidoos noem hulle dit al vir dekades, eeue. Sy het lankal geleer dat jy dit op dié manier moet trotseer: loop dit; begin by ’n punt in die landskap en vleg deur die teue wat jou heen en weer kasty, kyk na die gras wat in die wind waai, die bome wat grond toe buig. Sy onthou hoe die krone van die ou bloekoms wat lankal afgekap is skuins gewaai het, jy kon die suisings van ander plekke hoor deur onder die waaibome te vertoef. Daar het sy veilig gevoel want die bome was hoog en groot, hulle het ’n afstand nader aan die hemele gehad as sý, die mens. Dan het sy geluister en stemme gehoor van vroue wat met klippe gestenig is, hulle stemme was in die wind, sy kon kinders hoor lag en diertjies hoor kreun, in die wind wat so oor kontinente kon voortstoom was daar altyd ’n eindelose hoeveelheid geheime en verhale opgesluit. Sy het die stof van woestyne daarin gesien, die geliefdes wat lankal reeds dood is.

Maar van alles was sand en wind een mislike sameswering: loop jy naby die see dan waai die sout oor jou, verder op teen die wit duine kom kou die sand onder jou kake. Haar uitdaging was om die wind te oorkom en sy het – tot ’n mate. Sy het haar viool gespan en begin speel; stadig die klanke uitgestryk, dan het sy gefokus op die noukeurige spanning wat die vioolstok oor die snare teweeggebring het en later het die wind bedaar en al wat sy dan kon hoor was die toonhoogte van die instrument.

Snags as sy te moeg was om verder te speel, het sy in die donker gelê en luister hoe die sinkplaatdak oplig aan die oostekant − daar waar die wind erg plunder, die plaat het ’n metaalagtige deuntjie gehad soortgelyk aan windpompe op verlate plase, dit was vir haar die ergste, sy het die houtdeur toegemaak en die kombers oor haar kop getrek. Later het sy wel aan die slaap geraak en teen die tyd dat die son op was, het sy wakker geword. Soms was dit

tjoepstil want die wind het in die nag sy lê gaan kry, maar ander kere het die wind vir vier of vyf dae voortgewoed. Dit is wannneer die viool haar gered het.

Haar bed is ’n nes. Sy het dit so gemaak: rond, ovaal eintlik, met walle van takke en stukke pluim, ou lappe en komberse soos ’n wewersnes op die vaalwit pad tussen Springbok en Pofadder.

*Die lakenwit landskap strek verby enige verbeelding. Hoe wonder jy nie oor die mense wat daartoe in staat is om hier te kan bestaan nie. Waar is die water? Hoe de hel oorleef hulle? Voëls verskyn uit die bloute − soos gissings − net om weer te verdwyn. Versamelvoëls; elke nes uniek en moeisaam geweef tot ’n huis in die lug. Soms is die struktuur so swaar dat die tak van ’n groot kameeldoring breek onder die gewig daarvan. Voëlwoonstelle; tweet . . . tweet hoeveel is die huur? Tweet . . . tweet is dit veilig? Tweet . . . tweet is elektrisiteit ingesluit? Elektrisiteit. Wat ’n woord − nou feitlik niebestaande. Vir ’n lang ruk was ons vryheid opgesluit in die aanvaarding van die opgefokte status quo. Die verlede se skuld konstant gemeet aan die korrupte hede in ’n poging om ons skuld te delg en só ’n mate van vergifnis te probeer bewerkstellig − ’n selfkastydende neiging om die rot tot op die been in te asem.*

*“Baie voëls op hul eerste migrasie is nie van hul ouers vergesel nie en daar is dus niemand wat vir hulle die pad kan wys nie.”* [8]

*Die klanke val deur haar skraal vingers, grond toe. Die snare sny deur die dun vel aan die voorpunte van haar vingers. Help my, dink sy. Hier is nou feitlik niemand meer oor wat ek ken en op wie ek kan steun nie. Nou is dit net die lang tog noorde toe, terug na waar ek vandaan*

*kom. My lewe weer by die begin asof die tyd tussenin slegs 'n droom was. My herinnering aan my ouers wat na my terugstaar uit foto's, reisend op skepe, altyd omring deur ander mense. Hoe vreemd my ouers. Ek wil terug na my broers en my suster. Terug na die voet van die berg en onderstebo gaan hang aan die hoogste tak van die Wonderboom en wag tot die môre wannneer hulle my sal kom haal. Daar wil ek afkyk na 'n tapyt van blare, geweef deur die geeste van die Amakosana wat onder die boom begrawe lê.*


Vos
ANNA M. LOUW
Paradise

***Pampier***

Sowat ’n maand na Wim se dood bring Rosalie Marais vir haar ’n hond.

Dis ’n pavement special wat sy langs die pad gevind het en hy lyk soos ’n kruis tussen ’n Jack Russel en ’n kollie, die hond is swart en dis asof iemand meel oor sy rug gesif het. Sy wil eers niks weet nie maar die hond volg haar oral, lê met sy kop langs haar, staar na haar, lek haar bene en haar gesig, word haar skadu. Pampier, soos wat die sterre die donker nagte perforeer.

*Hemel behoede die fyngesnaarde wat drie-uur soggens wakkerlê aan die suidpunt van Afrika.*

Sy en die hond gaan stap een middag teen skemer. Waar die ou Hangklip-pad teen die duine vasloop en Lokkies Albertyn se stroperhuis begin, loop hulle vir Thomas Ras raak. Sy wil gewoonlik maar wegmik wanneer sy hom gewaar want hy praat baie, maar daar is nie genoeg speling nie. Sy een enkel is in gips en hy sukkel-sukkel met krukke.

“Hoe gaan dit vandag Thomas?”

“Ek is nou so de moer in,” sis hy.

Hy is lief vir slange en red hulle altyd voor veldbrande uit, dit is sy een groot pluspunt in haar oë.

“Hoe so?”

Maar hy is gelaai en die tirade kom sonder weerga.

“Die Instituut, hulle’t my broer vermoor.”

Magriet kyk hom verward aan.

“Hy het gister selfmoord gepleeg, want hulle versuim al jare om hom permanent aan te stel en toe hy hulle lip gee moes hy voor ’n dissiplinêre verhoor verskyn. Hy het geweier en die uiteinde is dat hy homself gisteroggend geskiet het by Leeukop se parkeerplek.”

Sy kyk na die beteuterde man voor haar wat die sinne uitryg, hy ruik na drank, sal enige mens tot die bottel dryf hierdie fokken land.

“Hy het ’n dubbel D gehad, kon meesterlik akkordeon speel, was die baanbreker in parallelle rekenaars.”

Dit beteken vir haar min of meer niks, net die deel oor die akkordeon miskien.

“Môre moet ek sy lyk gaan uitken, die polisse gaan nie uitbetaal nie want dit was selfmoord.”

Thomas Ras lyk skielik vir haar soos ’n tannie, die klein swart ogies, dralende stemmetjie, pienk wange en die manier hoe sy nek by die res van sy lyf aansluit. Hemel tog, hierdie man is ’n drag queen, dink sy, en wil glimlag te midde van sy hartseer verhaal. Pampier rem aan die leiband en sy wens Thomas Ras sterkte toe en laat haar wegtrek deur die ongeduld van haar hond.

’n Ent verder kyk sy terug en verbeel haar sy sien hom weghink op hoë polvye met ’n geblomde romp wat wyd uitklok, sy hoor die akkordeon van Blesberg se kant af, die klanke van die Cuckoo Wals − maar die man wat nou reeds sowat tien meter weg is, is ’n gebroke herpetoloog met die sleep van ’n tabakrolletjie op sy spoor.

“Stomme ding,” sê sy vir Pampier wat lyk of hy presies weet wat aangaan. Sy weet van ’n lyk uitken, dit is iets wat sy al genoeg in haar lewe gedoen het. Haar eerste liefde het sy kop op ’n sypaadjie in Hatfield, Pretoria oopgeval . . . lank terug. Twee dae later het hy gesterf aan breinbloeding.

*“Die mens se brein is baie sag, amper so sag soos gelatien, margarien of sojaboonwrongel. Ten spyte van die feit dat daarna verwys word as grysstof, is die korteks egter ligroos-beige van kleur en naaswit aan die binnekant.”* [9]

Dit was winter, sy was negentien jaar oud. Vir dae het sy langs die graf gekamp totdat die Munisipale owerhede haar kom verwyder het.

Sy het haar viool geneem en begin toer, soos ’n besetene gespeel tot die heuglike dag wat Wim Fourie haar in die Bastille Metro ontdek het. Toe-oog het sy deur die joligheid van die Beatles se Octopus’ Garden gestryk en met die naderkom sien hy *Die kremetartekspedisie* in haar vioolkis.

Hulle het deeglik en onbesonne geval deur ’n duisend gedigte in Parys se reën.

Sy het saam met hom teruggekom huis toe.

Kort voor haar vierde verjaarsdag het die viool haar begin roep. Met ’n hoë noot. Moontlik was dit ’n genetiese noodwendigheid want haar ma se mense was feitlik almal musikaal en het altoos klanke in hulle rondgedra op een of ander manier. Kersfees op haar oupa se plaas naby Kimberley het hulle konsert gehou, met enige objek tot hulle beskikking het hulle geklop en gelui en geklik. In die modderige rivier langs die sinkdak-plaashuis het krappe geskarrel en in stofwolkies onder klippe verdwyn. Sy sou jare later daardie soort klanke probeer naboots. Die geluide van klein diertjies, insekvlerke wat sjoerr en vibreer teen die aarde se ingewande − Philip Glass se medeklinkers.

Met tyd het haar een neef 'n rockmusikant geword, 'n ander een was die befaamde dirigent wat voor sy dood die orde van die stad Milaan ontvang het en 'n derde neef het sy lewe gewy aan die ondersteuning van musikante.

Jy kan sê die G-sleutel was hulle naelstring.

Maar nou is die klanke 'n meer en sy kan nie swem nie. Pampier is weg. Hy het spoorloos verdwyn.

Magriet gaan sit en huil by Rosalie Marais. Meneer Marais probeer haar troos deur sy medaljes en foto's van wedlope aan haar te wys. Hy was die eerste Marais wat die Comrades voltooi het.

Saam help hulle haar soek en fluit en roep. Saans wag Magriet. Na 'n maand besef sy dat Pampier nie gaan terugkom nie.

Ode aan 'n hond waarvoor bladmusiek ontbreek.


Vos
ANNA M. LOUW

***Die see spoeg 'n boom uit***

Magriet is in haar vyftigs. Sy het rooibruin hare wat nét oor haar skouers hang en die eerste grys tekens het hier en daar 'n los draad begin weef. Haar gesig is die vorm van 'n viool en daar is 'n fyn litteken naby haar linkeroog waar sy een jaar teen 'n doringdraad op haar oupa se plaas vasgehardloop het. Haar gesig − die geskiedenis daarvan ten spyt − is 'n welwillende stut vir die strykinstrument. Teen haar nek is die liefdesbyt wat 'n kenmerk van vioolspelers word, vaagweg sigbaar.

Soms is haar oë meer groen as bruin, dit hang af van haar gemoed. Oor die afgelope paar jaar het sy die gewoonte aangeleer om haar arms te vou asof sy haarself beskut. Mens vermoed dat sy dinamies moes wees op 'n konsertverhoog, maar van daardie selfvertroue is min oor, dit is uitgekalwe. Die grasie is wel nog daar, alles ten spyt; die beweging van iets klassiek en inherent kalm. Sy lees soos bladmusiek en jy kan sien dat sy minstens een dirigent se muse was. Haar mond is altyd effe oop, 'n skakel met lugbeweging en die lakune waardeur sy al haar sintuie kan gerusstel. Herinner sy mens aan Picasso se minnares Dora Maar?

Duskant Doringbaai tel Magriet 'n plastiekvurk op wat deur die see uitgespoel is, dan gaan sit sy op die sand en begin teken: eers die bord; 'n sirkel, dan die mes, gevolg deur 'n lepel vir nagereg en dan die kos binne-in die bord: springbokpastei teken sy en krokette soos wat hulle by die eetplek in Pringlebaai gemaak het. Dis genoeg, dink sy maar dan kan sy haar nie beteuel nie en teken verder: kersietamaties, roket met dun skywe parmaham en pecorinokaas daaroor geskilfer. Sy rond die skets af met nagereg: die sjokoladeskuim wat die skrywer se vrou een Sondag vir hulle gemaak het.

Magriet staan op, stap stadig weg en gaan sit op die rotse by Tom se klip en wag vir die gety om in te stoot en haar denkbeeldige ete terug te spoel see toe.

Vandag kies sy ompad huis toe, al met die lang silwer strand tot waar die kristalstroompie tydens wintermaande uitloop in die see. Dan sien sy dit: ’n palmboom, met dadels nog vas aan die kroon − te sout om te eet, verseker − jy kan net kyk en lus voel en wonder waar hierdie boom gestaan het, wie hom geplant het, wie die vrugte oor die jare ge-oes het en watter ontworteling die boom hier laat beland het? In haar geestesoog roep sy warm eilande op, vrouens met swaaiende heupe in helder sarongs wat op maat van marimbas beweeg terwyl hulle mandjies vol kokosneute aandra na hul huise − geweef met die blare van die bome. Dit is plekke waar die son amper altyd skyn: Inhambane in Mosambiek of iewers aan die Namibiese kus. Of verder, verder noord . . . op met die buitelyne van die kontinent.
(Sy het een maal gelees dat palms vir die eerste keer in fossielrekords van 80 miljoen jaar gelede verskyn het. Die ontginning van palmhart is een van die grootste redes waarom die spesie besig is om uit te sterf).

Drie dae later moet sy groet. Sy loop vir die laaste keer tot by die sandheuwel aan die voet van Blesberg waar Wim die oorblyfsels van ’n Khoi-puin gevind het en waar hulle dikwels gesit en kyk het na die landskap om hulle − ’n perspektiefpunt.

Daar is geen wind vandag nie en die Atlantiese Oseaan is wyd en plat soos ’n meer.

*Teen vroegherfs is daar dae wanneer hierdie deel van die oseaan mens herinner aan kinderprente uit die See van Galilea; ’n swewende toestand van wondermooi blou laat jou suidwaarts kyk – sodat jy in jou geestesoog verlore matrose kan sien aftuimel na die gelykheid*

*van eertydse bygeloof; lank voordat die kompas alles duidelik gemaak het en voordat noord en suid omseil is.*

Sy dink aan almal wat sy hier leer ken het. Een somer het ’n vrou met die naam Adelaide in die singel kom bly. Dit was ’n wonderlike jaar. Adelaide se minnaar was ’n apteker, Charlie, en hulle het goeie tye na die buurt gebring. Daar was ’n wellewendheid soos nog nooit vantevore. Op windstil aande kon mens hulle hoor sing en gesels. Met sampioenseisoen het Charlie altyd vir hulle denneringe gebring.

Geliefde buurtbobbejaan Louis het die handvol permanente inwoners saamgesnoer met sy kattekwaad. Een Sondag is hy egter vergiftig deur ’n ‘bedreigde’ naweekbesoeker en konstabel Cloete moes hom uit sy ellende kom verlos met een skoot deur die kop. Hulle buurvrou Eloise het langs die wildevy gestaan toe sy die nuus gebring het:

“Louis is dood, iemand het hom vergiftig. Die arme ding het daar gelê, skuins oorkant die werklose trokbestuurder se huis, hy het gekrul van die pyn met skuim wat by sy bek uitborrel en ons het die konstabel laat kom om hom uit sy pyn te verlos.”

Met ’n gestoei is Louis se oorskot terugbesorg aan die buurt nadat Adelaide aangedring het dat hy tot rus moes kom aan die voet van sy berg. Eloise en Fran het teësinnig deurgery Stellenbosch toe met die dooie bobbejaan agter-in Eloise se kattebak sodat die forensiese ondersoek afgehandel, en die bobbejaan teruggegee kon word. Drie dae later het Adelaide ’n handvol beentjies teruggekry. ’n Afskeidseremonie is vir die bobbejaan gehou en Charlie het ’n piesang bo-op die houtboksie geplaas voordat Wim die gat toegespit het. Daarna het die beeldhouer Stefan ’n stuk uit Eugène Marais se *Burgers van die berge* voorgelees.

Drie Ierse swerwer-sangers wat by Adelaide en Charlie gekuier het, se melankoliese stemme het die gevolg berg-af begelei. Elosie en Fran het nie die plegtigheid bygewoon nie.

Na Louis se dood het daar stelselmatig verwydering tussen die onderskeie bure ingetree.

Eliose en Adelaide het nie weer met mekaar gepraat nie. Kort daarna het Adelaide en Charlie se verhouding ook skipbreuk gelei. Drie maande nadat Charlie uitgetrek het, moes Wim sy tjello gaan haal nadat Adelaide dit een oggend sommer buite in die reën uitgepak het. Charlie het 'n paar dae later die instrument asook 'n handvol van sy laaste besittings kom haal en dit was vir Wim en Magriet opmerklik dat hy om een of ander rede gekrimp het. Dit het hulle vir 'n lang ruk gepla. Hulle het hom daarna nooit weer gesien nie maar hulself soms afgevra waarom sekere mense rakelings in jou lewe verskyn, net om weer te verdwyn, sodat jy soms wonder of dit werklikheid was?

Binne 'n maand na Louis se dood het die wildevy wat Magriet en Wim geplant het, begin vrek. Dis asof die boom sy wortels begin intrek het ten aanhoor van Eloise se slegte tyding wat soos 'n vloek oor sy blare geroer het.

Een van Magriet se goeie gesprekke met haar pa het gehandel oor mopaniebome wat kwansuis boodskappe na mekaar sou uitstuur sodra die koedoes aan een kant van die veld aan die boom begin vreet. Die bome verder weg sou dan 'n gifstof in hul blare afskei om die koedoes van hul loof af weg te hou. Bome met selfone.

*Pa se stem word deur die telefoon afgemat oor 1 485 kilometers.'n Gevoel van paniek laat die sluis in my kop oopgaan; wat as hy nou sterf voordat ek aan hom gesê het dat alles in orde is en dat daar geen verwyte en geen berou is nie? Nie vir die kwetsings nie − veral mamma s'n*

*− en nie vir die skade wat kollektief was nie, die kerfmes wat deur bloed dikker as water werk, deur bewussyn en deur die hede, die lem op pad na vorentoe se vrugteloosheid. Ek weet op die end was jy 'n ideologiese banneling soos jou pa voor jou. Dit het iets te doen gehad met die Ossewa Brandwag – wat was dit nou weer? Jy dink jý het 'n welwillende politieke party verdien, ons almal het – maar dis te laat. En nou is die siklus feitlik voltooi en oor nog so 'n eeu of wat sal daardie woord minder gebruik word, moeiliker opgeroep word. Indien die behaagdes ons ooit die skepe vergewe (maar natuurlik sal hulle nie) sou ons reeds hierdie moeilike plek, hierdie beplaagde plek wat ons ons huis noem, verlaat het. Moenie vandag sterf nie pa, wag net 'n rukkie sodat ek die moed kan vind om aan jou my verhaal te vertel.*

Sy het daaraan gedink en gewens dat sy haar pa van die wildevy kon vertel. Dalk sou hy vir haar advies kon gee om die boom te probeer red.

Die vorm van die buurt het binne een jaar ná die bobbejaan se dood verander. Die Hollander (en über skinderbek) Tjitte van Vliet is oorlede, Patroon Wilson se man het homself geskiet en Mia van Wyk, die dwelmverslaafde, het aan 'n hartaanval beswyk.

*Mia is Maandag dood. Mia van die grys argitektoniese gedrog, met haar rooi hare en die poging tot 'n nuwe hoofstuk sonder dwelms, roekelose seks en God weet wat nog. Teen omtrent die tyd wat sy die roetine en die kaart in plek het en dinge goed begin lyk, ook die terugvoer van Korrektiewe Dienste. Dis Desember; 'n hardverdiende vakansie wink, wat beteken eersdaags sien sy haar dogter en in haar geestesoog loop hulle reeds af strand toe om te gaan swem. Was dít haar laaste gedagte op presies die oomblik wat sy 'n hartaanval gekry het voor die huis van die Fransman. My skoonouers is hier, ek is besig in die kombuis. Wim is uit op die boot saam met MacPherson, dit is omtrent elfuur in die oggend, ek onthou die ambulans se*

*loeier; kort en beskeie − asof daar 'n fout gemaak is met die uitroep. Maar wanneer Wim arriveer weet ons dat iets nie pluis is nie, sy eerste vermoede is dat iemand deur 'n jaagduiwel getref is en hy stap oor Serruriasingel toe om te gaan uitvind wat aangaan.*

*"Dit is Mia, sy het 'n hartaanval gehad."*

*Net so; op 'n Maandagoggend − met 'n dosyn vreemdelinge wat kyk hoe sy doodgaan terwyl sy daar lê met haar hemp oopgeknoop en 'n paramediese beampte wat probeer om haar by te bring, tevergeefs.*

*'n Wyle na Wim se verslag kom drie voertuie stadig verby ons huis gery: haar stiefpa, haar eksman en iemand wie ons vermoed haar nuwe minnaar was. Kort op hulle spoor: die ambulans en dan die polisie. Daar is geen twyfel meer nie.*

*Vir die res van daardie Maandag probeer ek om nie in die rigting van die grys huis te kyk nie, ook nie op Dinsdag of Woensdag nie; ek vermy enige oogkontak met die moontlikheid van verdriet wat dalk sigbaar kan wees en kan uitsypel onder messelwerk of agter gordyne wat nou anders hang − in daardie huis waaraan almal in die buurt so 'n afkeer gehad het.*

*Dieselfde huis word nou verswelg deur 'n vreemde leedwese; 'n makabere en kranklike versugting vir alles om weer te wees soos wat dit was toe Mia geleef het, twee dae gelede. Dood se dowwe maatreël, selfs al het jy die ter siele gegane skaars geken, het 'n manier om die metrum van tevredenheid te reduseer tot in die been. Dit is die plotselinge aard daarvan − geen kennisgewing of sein of afspraak nie.*

*Terwyl ek kook, noem Wim dat sy 'n nuwe denimbroek aangehad het.*

Feitlik binne 'n oogwink was die jare van gemoedelikheid uitgewis en Magriet het soms gewonder of die bobbejaan se beentjies iets daarmee te doen gehad het.

Mettertyd het nuwe mense hul intrek begin neem; ’n stil egpaar en hulle twee wit konyne, gevolg deur Sven die lugmeganikus. In die huis wat soos ’n origami-projek lyk, het ’n gesin perlemoenstropers saam met hulle speenvark ingetrek.

Die Duitse Mormone het ’n sesde kind gebaar ter aanvulling van die ander bysiende blonde kleuters. Hulle was lief daarvoor om smiddae deur die buurt te loop en op seebamboes te blaas sodat jy dit met die Hangklip-vuurtoring se waarskuwing sou kon verwar.

Wim en Magriet het name gehad vir almal in die buurt; ’n Portugees is *Paddavis* gedoop, die ingenieur Ivor MacPherson se voortsnellende warboel-leefstyl het aan hom die naam *Captain Chaos* besorg en die bloudakhuis se eienaar was *BEE* want daar was ’n vermoede dat sy huis met onreëlmatigheid rondom ’n tenderproses gebou is.

Die klein oorloë wat hulle namens die natuur probeer veg het, het hulle met verloop van tyd uitasem gelaat. Vibracrete-mure en ander omheinings het teenstrydig verrys binne ’n sogenaamde biosfeer waar die laaste kleinwild veronderstel was om vryelik te kan beweeg en pleidooie om donker nagte, sodat mens die sterre kon aanhou lees, het op dowe ore geval.

Oplaas het hulle die landskap oorgegee aan die geeste wat iewers talmend rondgesweef het bo Louis se beentjies (wat seker in elk geval nie eers syne was nie).

*Bettysbaai het ons in besit geneem: die fynbos-koninkryk het by ons lyfkrake ingegroei en nou is die bestuiwers besig om ons oorwas in te suig. My kop draai, ek voel uit fokus, geledig, bestee. Nou verval ons entoesiasme vir hierdie plek op ’n daaglike basis. As mens net die mensketting kon deurstreep: almal; elke buurman en naweekbesoeker en visserman en stroper. As mens alleen hier sou kon vertoef met die diere wat nog oor is, dan sal jou liefde vir hierso terugkeer. Dan sal jy weer die ringe van Saturnus volg en douvoordag luister vir die eerste*

*voëls soos hulle vlerkies oopgaan en hulle terugval dag toe uit hul versonke kokonne, die eerste lig sal opsluiter na waar daar nie mense is nie. Dit sal wees soos in die begin en jy sal die plek weer liefkry.*

*Die roete langs Doringbaai is met rommel bestrooi. Elke week versamel ons die werpsels wat afkomstig is van bote en vissermanne en dan bondel ons dit: plastiek, blik, vishoeke, sigaretaanstekers, stroperflitse, messe, paddavoete, speelgoed, vislyn . . . ons wandeling word woede en wanneer ons terugkeer huis toe is ons moedeloos. Volgende is die rondloperhonde en die afname in kleinwild want ons sien nooit meer 'n grysbokkie of spoortjies nie, maar wel die dwelmsmous met die uitgebrande motor en sy onheilspellende nagbewegings, buiteligte wat insekte uitwis en die klanke van bure se slypmasjiene, grassnyer-brigades . . .  dit alles maak krapmerke in die landskap.*

*(Girrr . . . girrr, juffrou Senekal se nael op die swartbord wanneer die kryt stomp afbreek en wegskiet. Die woord op die swartbord sien sy gat. Geskiedenisles).*

*Ons begin roei met die kajak wat Stefan en George vir ons geskenk het omdat dit te lank was vir die skeepshouer wat hulle trek na Kanada toe moes vervoer. Die roeispane se ritme skep teue deur mens se gedagtes. Later gaan ry ons fiets, en alhoewel ons bottels en plastieksakke langs die pad sien lê, ry ons eenvoudig aan.*

*Wanneer het die lewe hier so boos geword? Hoe het ons begin om soveel daaromtrent te verfoei? Niks met die wind uit te waai nie, net die mensdom.*

Dít alles versinnebeeld 'n mate van futiliteit vandag, wat voel soos haar laaste dag op aarde want hier was sy werklik gelukkig vir 'n lang tyd.

Op die see is daar − helaas − geen skuite nie, daar is niemand wat op water loop nie, daar is net die boggelrug duine wat soos ou diere lê en rus. By Seafarm gaan ’n Maartlelie binnekort blom, ’n uitgeslape grysbokkie se driehoekspoortjie sal nog soms fyn trap tussen die sleepsels van klein insekte en ’n strandmol sal aanhou grawe aan die stad wat nooit die son sal sien nie.

“Totsiens,” sê sy en hoor hoe een van die vaatbuisies naby haar hart breek.


SPARROW
SPARROW
Vos ANNA M. LOUW

***’n Bloekomboom in Atlantis***

Hulle laai vir Jimi op in Atlantis. Dit is nag. Skielik koud vir April en ’n vroeë Kaapse winterstorm woed in die strate, dit is skuins voor tien en Vrydagaand-malheid is los. Taxi’s, mense wat oor die verrinneweerde pad strompel, die sinkhuisies tussen Philadelphia en Atlantis staan plek-plek tot teenaan die pad.

Daar is ’n plundering in die lug. Dit het lankal begin; Vrydagaande is sinoniem met pandemonium. Dis ’n goeie tyd vir hulle om te ry want die cops is vrek besig om te party en dit hou gewoonlik aan vir die grootste gedeelte van die naweek.

Oor ’n week kan hulle in Beaufort-Wes wees vir die skaapkonsert en om vir Magriet af te laai. Daarna sal hulle deurry George toe om die kusroete van hulle optredes aan te pak. Die plan is mooi uitgewerk: bly sover moontlik op die boonste paaie. Albino X se luitenante hou nie van die ander are nie, die N1 bied aan hulle ’n verskeidenheid honger prostitute en kanse om bribes te vat. ’n Sitplek in die minibus is aangepas as ’n leë dop waarin hulle Magriet kan versteek indien nodig. Dit was Floris se idee nadat hy met ’n dosyn opsies vorendag gekom het in ’n gesprek wat hulle geneem het deur kriptiese kleurgewing soos die Arktiese vos se pels wat wit is in die winter en bruin in die somer tot die vrou wat vir maande in ’n woud moes skuil in ’n uitrusting gemaak van mos.

Vanaf Beaufort-Wes gaan Magriet saam met die boer op ’n skaaptrok ry tot by Britstown. Hy gaan haar glo in ’n skaapvel vermom, “no problem”, en as hulle hom hoofbrekings gee, gooi hy vir hulle ’n lammer van die trok af. Hy is een van ’n handvol boere wat oor is in die Karoo.

In die nag lyk alles anders, ontheemd. Die laaste keer dat sy hier gery het, was saam met Wim. Hulle het vriende in Stellenbosch ontmoet en daarna deurgery Darling toe om vir sy ouers te gaan kuier.

*Van Philadelphia af is dit nog so 'n driekwartier se ry Darling toe as jy deur Atlantis sny. Atlantis is die bewys van 'n verkeerde verlede; 'n wanhopige uitgestrekte nywerheidsillusie. Wanneer ons verby 'n verlate landskap vol rooikransveld ry, noem Wim dat mens hier vermoor sal word om as 'n verlate lyk op te eindig. Die veld eindig in 'n hondeskut wat my laat dink dat die honger brakke wel jou beendere sal vind. Naby die Seven Eleven staan vyf vervalle woonstelblokke – elkeen met die naam en uitbeelding van 'n inheemse voël: Loerie, Kokkewiet, Rooiborsduif, Windswael, Wielewaal . . . die letterskrif het begin ontbind, die strate is onheilspellend. Dit is nie Stellenbosch nie, dis 'n ander land en die enigste roete uit is 'n pad met die naam Athene.*

*Wanneer mens Atlantis uiteindelik agterlaat ry jy eers verby die Morawiese sendingdorpie Mamre, voordat Darling se skaapheuwels voor jou begin oopvou. Dit is 'n herderlike prent wat jou kan laat vergeet waar jy jou bevind en jy jou verbeel jy is in 'n plek sonder gekwelde herinneringe en voortslepende verdriet. In jou geestesoog (in 'n ander lewe) sien jy dat 'n kunstenaar soos Constable sy esel op 'n suidelike heuwel instel om tydsaam die cumulonimbus-wolke van die herfslandskap vas te doek.*

*'n Gesin van ses laat Wim van rat verander. Amper altyd opgefokte motors wat breek. Ons stop nie, en langs hulle skedonk word die mense al kleiner in die tru-spieël.*

Voordat hulle Atlantis binnery, daar waar die laaste sinkgehuggies ’n teerpad word, sien sy die boom. Hulle ry baie stadig, slakke wat ’n slymspoor agterlaat. Mense staan om ’n vuur al reën dit. Die boom het nie meer takke nie, net die breë stam want die takke is ’n ent bo kophoogte stomp afgesaag en daar is voëltjies vasgespyker teen die stam. Biltong soos wat Janfiskaal maak.

Daar is nie ’n presiese dag of  tyd waarvan jy kan sê dit is wanneer die wiele begin afval het nie maar sy kan wel nou terugblikkend sien hoe dit moontlik was. Digitale boorlinge in ’n handpalm van seine en inligting, flitse en beeps en twiets en die waansin van haves and have nots, en dan op ’n dag die inploffing. In hulle geval het sy al minder uitnodigings vir optredes begin ontvang omdat sy ouer was en nie meer sulke merkwaardige spronge in die lug kon uitvoer nie.

Die nuus van ’n sweefarties se dood tydens ’n opvoering in Las Vegas, Amerika, was die laaste kersie op die koek. Versekering het oornag die hoogte ingeskiet nadat die teater waar Sophie Gaston verongeluk het, hulle deure moes sluit. Magriet het dikwels gewonder oor daardie deurslaggewende moment wanneer ’n silwer engel voor ’n volgepakte gehoor gillend na benede stort. Op ’n dag was haar laaste uitvoering self katastrofies nadat haar greep op die sweefstok begin verslap het. In haar geval was daar ’n vangnet maar die skrif was aan die muur.

Dit was voor Wim se dood.

Sy het begin met kameruitvoerings en Albino X het ’n violis gesoek om sy stem te begelei.

Jimi woon saam met sy suster, die kleremaker Tina, in ’n besige straat naby die voëlwoonstelle. Die huis het aan hulle ouers behoort en die kinders het daar aanhou bly nadat albei ouers

oorlede is. Hegte familie. Hulle het ook een ouer broer in Australië. Lang storie, sonder enige kangaroes. Daar brand ’n dowwe lig in die voorste vertrek, ligtoring in die middel van die reënsee. Floris toet twee keer, iemand beweeg by die venster, seker Tina wat haar hand lig in ’n gebaar wat sê: hang vas. Minute later is Jimi by die voordeur uit en hardloop die paar meter tot by hulle; “howzit almal, kom ons skuur!” Sy lang lyf knak by die kombi in met die grasie van ’n kameelperd.

Toe hulle wegry, kyk Magriet terug en sien vir Tina by die venster staan. Iets in haar sink op daardie oomblik. Sy voel (soos haar ma wat met die helm gebore was) dat daar ’n slang in die gras is, maar met die vooruitsig van die reis besluit sy om haar agterdog in Meerminstraat agter te laat.

*“Op die oggend van 18 Februarie 1766 het die mansslawe in Meermin se vrag ’n aantal assegaaie in die hande gekry, meeste van die offisiere gedood, die dienswag uitgemoor en die oorblywende bemanning, waarvan sommige swaar gewond, drie dae lank in die konstabelskamer vasgekeer, terwyl die skip, aan stroom en wind oorgelewer, suid van die vasteland rondgedryf het.”* [10]

*“Dit is daarom verstaan en besluit om genoemde Massavana en Koesaaij voorlopig na Robbeneiland te verban om uit te vind hoe hulle hul sal gedra en of daar miskien meer insig in hierdie, sover dit die slawe aangaan, saak van lewe en dood, gevind kan word.”* [11]

*“Nie Massavana of Koesaaij het weer na die vasteland teruggekeer nie.”* [12]

Afstand vanaf  Tulear, Madagaskar na Kaapstad: ongeveer 3 323 kilometers.


SPARROW
SPARROW
ANNA M. LOUW
adise

***Die klank van Kersiebome***

Die minibus − by name Kwagga − is oud en hulle beweeg teen ’n slakkepas. Hulle sleep ook ’n groen karavaan wat stadig heen-en-weer wieg en hulle as ’t ware terugrem op die roete. Die rede vir hulle bestaan is in die karavaan: ’n Marshall, twee Gibsons, ’n Fender en ’n drum kit. Die groep het onbeperkte vryheid van beweging want hulle gigs is deelsgewys in opdrag van die bevordering van voedselbronne – ’n seisoenale ritueel om die groei van vrugtebome en die vrugbaarheid van skape aan te wakker. Die verhaal van ’n man wat die klavierkonserte van Beethoven vir sy broodbome gespeel het sodat hulle beter en vinniger kon groei, het Albino X se ore bereik en dit het hom aan die dink gesit.

Joe Bloom gaan konsert hou vir vrugtebome, sterre en skape.

Magriet se papiere beperk haar tot ’n ysterhoef tussen Bettysbaai, Somerset-Wes en Kaapstad. Verder as dít en sy word as ’n krimineel beskou – Albino X se houvas op die mense wat hy in sy greep wil hou.

Joe Bloom bestaan uit die kitaartweeling Hendrik en Floris Vermaak, tamboer Jimi Jacobs en sanger Louise Wildenboer wat reeds twee maal haar hare laat afsny, verkoop en weer laat groei het. Sy is besig met die derde groeirondte.

Senzi Tshezi, Hendrik se huidige meisie en algemene popgroepstertjie, reis saam. Sy kan dalk haar tong uit ’n moeilike situasie klik.

Die eerste gig is in Ceres, daarna Sutherland en dan beweeg hulle oor Fraserburg, tot op Beaufort-Wes − vir die skaapkonsert − waarna hulle paaie moet skei.

Magriet se koers is noordoos − in die rigting van Kimberley − waar haar voorouers aan moederskant eens op ’n tyd geboer het. Sy is hoopvol dat daar nog iemand oor is wat haar sal kan help met die volgende skof van die roete. In haar dagboek het sy die name van moontlike kandidate hiervoor uitgeskryf soos wat hulle by haar opdoen. Mense moet dadelik vasgepen word alvorens hulle vervaag en nie weer teruggevind kan word nie. Die klein swart boekie is die kaart van haar bewussyn. Dit herinner haar aan wie sy is elke keer wanneer sy die tel kwytraak:

*Die vrou wat by die museum in Kimberley gewerk het was ’n vriendin van mamma, maar nee − sy is seker al dood, wag . . . daar is iemand anders in haar plek, maar wie? Ek het haar een jaar ontmoet, waar . . . maak prentjie, dink. Ons vriend Brent se uitstalling van die randstandiges. Skakerings van roes in olieverf met die reuk van lynsaadolie wat die ernstige gesiggies van twee meisies deurtrek − hier kom dit nou en dit raak duidelik . . . ‘Sanna Dewald en Margarete Bok, Rehoboth’ omstreeks 1912 (Bron: “Die Rehobothor Bastards” von Eugen Fischer.) Het ek daar gespeel? Onderstebo van ’n dakbalk afgehang en vir die kwaai geeste wat in die skilderye woon, viool gespeel? Die vrou dra ’n smarag aan haar ringvinger. Haar rok is die kleur van ’n woud. Hare teruggerol in een elegante swiep.*

*Die vrou se naam is Jane . . . Bayliss. Kurator − McGregor Museum.*

*(Tien uit tien Magriet!)*

*Wie was ouma se bure toe sy Warrenton toe getrek het na oupa se dood?*

*Die jongste dogter was my gunsteling want sy was vrek stout en het ouma se kannas die lug ingeskiet met klappers. Dan reën dit rooi en ons hardloop in sirkels om en om die plantskrapnel . . . Jansen. Bella Jansen, Roland Jansen, Hildagonda!*

*Tydens een skoolvakansie op oupa se plaas was ek beenaf op die seun van een van die arbeiders. Pakstoor . . . trekkers − met verwondering het ons aan mekaar gevat. Die reaksie van sy klein bruin penis, 'n slapende kuiken wat stadig wakkerword en later seëvierend pryk, het my laat kennis neem van die verrassende bedrading in my lyf. Dit het die vorm geword vir die woord bekoring.*

*Maar sy naam? Het hy 'n naam gehad? Nie almal het name gehad toe ons grootgeword het nie. Sou ek hom kon opsoek, vra vir hulp − het ek maar 'n naam vir hom gehad!*

Katoen. Vaalharts: water, leivore, sy was nooit honger nie.

'n Heldhaftige poging deur die omroeper van 'n roofradiostasie krap oor die sender*: Die helfte van Suid- Afrika se huishoudings kry nie voldoende kos nie. Dit is die bevinding van . . .*

Sy kyk uit in die donker nag en deur ander voertuie na die lewe wat soos skaduwees van slapende energie beweeg. Iewers op die M46 tussen Malmesbury en Riebeek-Kasteel verskyn 'n man aan die kant van die pad, die ligte van sy bakkie is op helder en sy sien die geweer oor sy skouer, 'n ent verder dui die naam *Majuba* 'n plaaspad se indraai aan.

Dan volg Hermon. Steeds 'n triestige hel van 'n plek. Treinspoor ten spyt. Party plekke is so, hulle definieer deprimasie. Floris moet brandstof kry by die hotel-eienaar wat vir hulle 'n goeie deal gaan gee. Kontakte. Vanmelewe se kontakte is beter as geld. Dis vandag se kontant om jou van punt A na punt B te kry.

Almal rek bene terwyl die man die kombi se tenk volmaak. Magriet weet nie wat sy naam is nie, niemand word ook voorgestel nie, 'n vinnige high five tussen Floris en die stoppelbaard-karakter met die vel wat suf is van te veel rook en brandewyn.

Agter hom skyn ’n dowwe lig op die kennisgewingbord van die kafee skuins oorkant die hotel: *Dors ken geen tyd of plek.* Tremolo: a rapidly-repeated note: ’n viool se snaar breek, dit is die klank wat sy nou hoor.

Jimi kom staan langs Magriet en bied haar ’n zol aan maar boom akkordeer nie met haar nie. Helse hallusinasies. In sy kenmerkende gesnater bespiegel hy oor wie besluit het dat pers, pers proe.

“Geel kan ek nog verstaan, want geel proe geel, maar pers proe nie pers nie.”

Die reuk van dagga is vir Magriet ’n verborge klein rewolusie uit haar studentejare.

Wanneer sy die hotel binnegaan om ’n draai te loop, snak sy na lug, want die plek ruik muf en vergete soos plekke wat sy al teëgekom het in die tyd toe die wêreld oënskynlik ’n beter plek was. Om een of ander vreemde rede is daar strooihoede teen die mure vasgespyker, in die beskeie lig fokus haar oë op droë ruikers, pers kussings op ’n bank, tafels gedek − maar dis duidelik hier kom nie juis gaste nie. Teen een muur hang ’n foto van ’n groep mense met ’n bootjie langs hulle, almal lag; sy sien die groot snoek wat die een man in die foto vashou. Maar die foto begin reeds wegkwyn, die silwernitraat is sat, weldra sal die mense, die bootjie en die vis almal uit die foto verdwyn.

In die gang is die muur pienk geverf en daar hang twee geraamde borduurwerke na die kuns van Renoir se deurweekte *Akrobate en twee susters*. Rembrandt, dink Magriet want haar vergeetagtigheid maak ’n foutiewe ‘R.’

Sy voel verlig wanneer sy in die koel aandlug uitstap en weer in die bussie klim. Verlig om hierdie plek met sy Bybelse verwysing agter te laat.

Hier binne die bussie, tussen die broederskap van ander musikante, voel sy veilig. Hulle luister na die Felice brothers. Louise neurie saam, sy leun teen Magriet en laat haar kop teen Magriet se skouer rus. Soos ’n kombers val die golwing van haar lang bruin hare oor Magriet en daarmee saam ruik sy perskes. Wanneer sy na ’n rukkie insluimer, gaan haar mond effe oop en ’n fyn strepie spoeg ontsnap saam met die fyn klanke van ’n wese tussen wêrelde. Slaap-sing, dink Magriet en kyk na die fyn netwerk van are onder Louise se pols; oor die dwars letsel word nooit gepraat nie. Liefde het Louise al meer as een maal verpletter en alleen deur haar stem kon sy dan weer orent kom.

Jimi en die tweeling gesels land en sand oor hulle ervaringe by optredes en skeer gek met clowns in die industrie “wat matroosliedjies wou sing en nou is hulle tjoepstil” en “poephol agente wat sommer self musikante uitdraai.”

“Onthou julle die dude wat ons wou twice five met daai kak Kaptein nommer? Ons het hom amper gebliksem, maar die volgende dag het hy darem vir ons Jägermeister gekoop. Tot sy sinne gekom daar in Swakopmund.”

Magriet wens hulle kon net so aanhou ry met hulle instrumente van verlore klanke, op pad na nêrens in hierdie papie. Die naglandskap waardeur hulle beweeg het altyd in die laatwinter geel gestaan van die canola en teen Augustus het varkore − die huisies van klein, melkwit paddatjies − oopgebars in die lae vleilande.

“Petarratjies,” sou Wim hulle roep.

Magriet en Wim het self al stilgehou en armsvol gepluk asof die oordadigheid van die veld nooit sou ophou nie − al was dit teen die wet.

Die ware skurke was per slot van sake smokkelaars wat plante en reptiele oor grense begin skuif het sodat vrouens in Rusland kon spog met juweliersware geskep uit skaars torre van Calitzdorp se omgewing.

Sy voel onthuts wanneer sy die naambord *Slagterspad* 'n ent voor die Tulbagh-afdraai sien.

Plek van die aardbewing met verbleikte foto's van ontheemdes ná die aarde se geroggel.

*"BO, REGS: Die Kleurlinggemeenskap is besonder swaar deur die aardbewing getref. Klip- en kleihuisies het ingestort en agt Kleurlingkinders is dood. Noodlening is dadelik begin en 'n tentedorp is naby Steinthal opgerig, waar dié twee knape aan groot snye brood weggelê het."*[13]

W. Vos was die eerste predikant op die dorp. Heel moontlik verlangs familie van Magriet en soos almal hier − verbind deur 'n dun draad, geweef deur spinnekoppe, die web wat breek en wegsweef in die wind. Hoe sterk is 'n web en wat gebeur met goggas tydens aardbewings?

*"ONDER: Op die groot dorpsplein het hulle byeengekom – gebind deur 'n band wat niemand begeer het nie. Hulle is huisloos. In tente is nuwe wonings geskep vir die kinders van die dorp."* [14]

Duskant Artois-stasie volg 'n strook populiere wat in die middel van die winter in geraamtes gaan verander.

"Pappeliere…" het Wim gefluister.

'n Amerikaanse fotograafvriend van haar het een maal 'n projek in Suid-Afrika kom doen met handportrette van beeldende kunstenaars. Hy het opgemerk dat hulle almal 'n hartvormige

merk in die palm van hulle hande gehad het. Dit het nie saak gemaak watter taal hulle praat nie, die vlek het elke keer gemanifesteer. In geen van sy ander antropologiese projekte het hy dit teëgekom nie − die land wat 'n vlek in jou hand maak.

Eers met haar laaste konsert by Albino X het sy die skrif op sy hand gesien. Aan sy linkerhand het hy altyd 'n wit handskoen gedra; soortgelyk aan die museumhandskoene wat kurators sou dra tydens die hantering van kosbare artefakte. 'n Musikant wat Magriet nog nie vantevore by Vergelegen ontmoet het nie, het geamuseerd na die handskoen verwys − heel moontlik in 'n naïewe poging om teks te gee aan 'n gesprek van min woorde. Albino X het hom stip aangestaar terwyl hy die handskoen stadig aftrek. Daarna het hy sy vingers vernuftig geklap − net een maal − waarna 'n kelner vir hom 'n plat silwer bord seekos gebring het; haaivinne, perlemoen en sout viskuit netjies gerangskik soos 'n prent uit 'n duur en skaars boek. Albino X het die viskuit netjies in sy hand geskep met 'n piepklein teelepeltjie. Hy het sy hand uitgehou na die fagotspeler en beduie dat hy dit uit sy hand moet lek. Die arme man het die los velletjies van Albino X se ekseem saam met die glasige oranje eiertjies ingesluk.

In alle waarskynlikheid sou dit sy laaste konsert op aarde wees.

Dit was die enigste keer wat Magriet die eetkamer gesien het – ál vertrek in die historiese opstal wat Albino X behoue laat bly het en met sommige van die oorspronklike meublement en skilderye wat hy oorgeëerf het, nog intak.

Die tweeling praat oor branderry en Hendrik droom van 'n nuwe plank; *Kelp Forest*. *Pearl Jam* ry die cd-speler: "I used to be a crustacean, in an underwater nation," hulle ken elke woord, elke akkoord.

"Die branders was die afgelope seisoen maar mak."

Tussen Eddie Vedder se lirieke en die tweeling se maatslag . . . “Toes on the nose, Balsa-vis . . . een keer in Mosambiek het ’n seeskilpad my getune: ‘chill broer.’ ”

Sy onthou een van die laaste kere wat sy so gery het saam met geliefdes. Dit was in Kerkstraat, Pretoria − later Elias Motsoaledistraat en deesdae Mohlatsastraat. Hulle pa het vyf-en-sewentig geword en dit was ’n eienaardige dag.

*Die pad wissel skaduwees en hoofligte in ’n chaotiese verdeeldheid “na waar?” wonder ek. Tembisa, Mamelodi, Katlehong in die middelbaan en vir ons, links in die rigting van Faerie Glen. Ohne Dich eindig, dank de Vader, ek kon nie nog een minuut van die donker, verlate woud aanhoor nie. Op youtube het iemand dit gepos onder die titel Stalingrad. Dit is amper donker, en ons word omsingel deur die onsigbare uur van Neanderthal se melancholie, wanneer ’n jagter die vrees van sy prooi se spoor ruik.*
*Ek probeer om nader te skuif aan Wim, maar hy ruik na drank en ek beweeg dadelik weer weg. Ons pa se vyf-en-sewentigste verjaarsdagviering was ’n samekoms van oorblywendes uit ’n onheilspellende verlede.*

*“First it gets hot then it gets cold in the end it hurts, Amour Amour . . . Love is a wild animal caught between your teeth . . . ” Ek vra of hulle ook dink dat die musiek ’n goeie klankbaan vir ’n eietydse Hamlet sal wees? Almal neurie inskiklik en dit stel my gerus, want bevestiging van jou clan, hoe bedenklik ook, gee mens altyd ’n gevoel van tydelike behaaglikheid in hierdie wêreld.*

*Op die sypaadjie hink Polonius met sy mantel en dolk: uitgevat vir verraad.*

*Iewers naby Moreleta Park stop ons om brandstof in te gooi.*

*“Het julle geweet dat Mussolini en sy minnares by ’n Esso vulstasie opgehang is?”*

*Wim kyk my skuins aan. Goliat sit voor langs sy ma, my suster. Niemand sê 'n woord nie.*

*"Dit was die nege-en-twintigste April, 1945." Mamma is dood op die nege-en-twintigste April, 1996 maar niemand snap dit nie.*

*"Ons pa is 'n Fascis weet julle?"*

*"'n Faschus, werklik . . . nou hóé sho Magriet?" Wim is só dronk hy kan nie eers die woord korrek uitspreek nie, laat staan nog die betekenis daarvan begryp. Nou skaar my swaer Haydn hom by Wim: "dish 'n bietjie dik vir 'n daalder Magriet, jy kan hom dalk 'n narshussis of 'n megaloshondriak noem maar ek dink nie Faschus is die regte beshkrywing nie."*

*Ek wonder hoe 'n verstandige vrou soos ek (wat dit reggekry het om die tierlantyntjies van burgerlike middelmatigheid vry te spring) opgeëindig het in die agterste sitplek van 'n jappiekar tussen 'n besope eggenoot en sy medepligtige swaer.*

*"Wel, ek dink hy is 'n Fascis en ek dink ons moet die teef Clara doop."*

*Stella wat my gewoonlik in my kwaad sterk, is besig om kleingeld vir die petroljoggie − Blessing − te soek, terwyl die groot kind 'n klankbaan vind om ons huis toe te neem.*

*(Later die aand soek ek die woord op wikipedia. Dis duidelik dat ek alweer die kat aan die stert beet gehad het − ons pa is allesbehalwe 'n fascis.)*

Die ou man is nou reeds sewe jaar dood. Daardie geslag uitgewis, die verhale weg, geeste vort met die laaste herinneringe. Magriet droom steeds van die reis wat hulle nooit onderneem het nie; die belofte van 'n vakansie in Namibië.

*Omtrent die wegmaai van die Herero-stam deur die Duitsers het ek eers onlangs begin lees:*

*Okahandja: die plek waar twee kleiner riviere ontmoet om een groot rivier te vorm*

*Omaruru: bitter melk*

*Otjiwarongo: plek waar vet beeste wei*

*Omaheke: sandveld*

Floris kyk skrams na die groot onvoltooide muur waarop reuse blomstudies aangebring is onder die teks *Waverley Hills & Dixon's Peak*. Hy wonder waarom die fokkers 'n lig vir blomme brand hier in die middel van nêrens.

"Dit kan 'n song word oor twee liefdes se kommunikasie wat verlore raak in 'n misverstand tussen berge en dale. Die blomme is gif maar die minnaars weet dit nie. Neé − te veel Romeo en Juliet. Dire Straits het daai een mooi bewerk."

Niemand gesels saam nie want hulle almal slaap.

Hy dink aan Christina wat 'n paar maande gelede terug is Namibië toe. Sy was eintlik sy trou-vrou maar dis altyd dieselfde storie wanneer hulle begin ernstig raak; "get a haircut, get a real job." Musiek is mos 'n stokperdjie.

Dis beter dat hy en sy broer van tyd tot tyd dieselfde chick bykom. Dit halveer jou probleme.

'n Ent ná die skewe bordjie waarop Dagbreek geskryf staan, doem daar onverwags 'n padversperring op. Die voertuig is al amper teen die hindernis toe Floris besef hy sal moet omdraai. 'n Saamgeflansde kartonbord dui die ompad deur Wolseley aan. *Road closed.* Dis 'n verlegging wat hulle omtrent vyftig kilometers ekstra se brandstof uit die sak gaan jaag.

Magriet word wakker met 'n gevoel van paniek. Die hel is los: "Cops!, Rooi ligte, slow down . . . fokkit hulle gaan ons nail!" Sy moet in die vals sitplek klim en bid dat daar nie 'n bright spark onder die spul is nie. Oranje keëls is lukraak oor die pad versprei.

Naby die blokhuise wat uit die Anglo-Boereoorlog dateer, wuif ’n Michelin-figuurtjie hulle na links.

Hendrik is boos: “My moer Floris, jy moes die R44 gevat het, hierdie is die pad Wolseley toe jou dingbat!”

Floris gaan nie nou verduidelik dat Wolseley reeds agter hulle lê en dat hý, die seergewaardeerde bestuurder, ’n U-draai moes maak nie. Hy begin op die stuur tik met sy regter-wysvinger. Tel tot tien, sy leuse. Hy begin tel maar kom nie by vyf uit nie.

Haar hart is ’n drom terwyl sy haarself klein maak binne-in die hol hoek van die sitplek. Alles gaan afhang van die performance van die band. Dis ’n koddige vrou wat hulle inwag. Met ’n luisterryke gebaar flits sy na die kombi. A conductor fucked. Haar asem dof van die drank. Sy rol haar oë in verskeie rigtings terwyl haar kop dieper deur die venster aan die bestuurder se kant inwurm.

“Only five of you?”

“Yes, and our parrot Pink Floyd.”

Floris moes sy mond gehou het – sy poging om snaaks te wees gaan nie noodwendig vrugte afwerp nie. Die papegaai kruip dieper in sy nek, vind skuiling in sy hare maar die grys stert steek uit. Senzi probeer die ys breek met ’n geselsie in haar moedertaal:

“Molo sisi siziimvumi yaye siza kudlalela icherry tree yeAlbino X.”

Die agent frons en ignoreer vir Senzi: “I want dat bird.”

“It’s our mascot madam, without Pink Floyd we can’t play.”

“If not parrot then what?”

Louise bondel haar heuningbruin hare in een veeg oor haar skouer.

“My hair?”

Die beampte se mond is ’n stywe lyn.

“I want the parrot. It is nice the parrot.”

Magriet se hart krimp. Sy weet Pink Floyd is Floris se kind. Dis Pink Floyd of sý. As hulle haar vir hierdie Michelin-clown gee, kan sy op die losprys aanspraak maak wat beteken dat sy hulle sal laat gaan sonder enige verdere hassles. Haar gedagtes is op hol: Het Tina gesplit? Wat is die losprys? Waarom sou Tina noú ’n rugsteker word? Almal weet sy word ál meer wispelturig soos wat die jare aanstap, maar lojaliteit is die een ding wat hulle nog altyd saamgebind het − speeksel in ’n droëbek wêreld.

“Let’s look in caravan, I want so see inside.”

Senzi probeer nog ’n keer; “Akukho nto itheni siza kuyibonisa: zizixhobo zomculo, ukutya okunkonxiweyo, iimpahla Zethu ezindala . . . ”

Dis egter vergeefs, ‘Michelin’ kap teen die kombi met ’n knuppel; “let’s go.”

Floris klim uit en loop om na die karavaan, hy sluit die deur oop. Daar is hoofsaaklik toerusting; die drum kit, mondfluitjies, Magriet se viool, kitare, hulle klere en bietjie proviand. Die agent klop hier en daar op ’n instrument en tik-tik teen die houtpanele van hulle huis op wiele terwyl sy vrek hard probeer om ingelig en vernaam voor te kom.

“You play me a song, then you go.” Sug. Verligting. Twee-uur in die oggend moet hulle die toerusting uitpak langs die pad en iets speel vir hierdie doos. Die cop fluit hard, voorvingers tussen die tande. Uit die rigting van die een blokhuis skreeu ’n stem dat hy nie vanaand wil jol nie. ’n Flou lig in die afgetakelde struktuur suggereer dat dit in ’n tydelike herberg omskep is.

Seriously unplugged. Min goed kan hulle eintlik onthuts want die pad is al vir jare Joe Bloom se tweede tuiste. “Any special requests?”

Sy maak ’n dansbeweging met haar plomp lyf;  jelliebaba wat jou herinner aan Gangnam style. Hulle musiek sal dit nie vir haar doen nie. “Goed, cover versions.”

In die tyd wat hulle daar in die stukkie veld langs die Kwagga ’n handvol popkunstenaars se bekende wysies uitblaas, kom twee ander voertuie in ’n teenoorgestelde rigting verby, maar nie een van hulle word gestop nie. Die eerste een, ’n bakkie met mallemeule agterop. Tollende veselglas-dinosourusse steek aan weerskante van die voertuig verby en daar sit selfs iemand binne-in een van die pretdiertjies. Daarna volg ’n mini wat lyk of dit op steroïede is; die bande is sweerlik van ’n trekker afgesteel en aan die onderstel vasgesweis maar die ding ry, en vinnig ook. ‘Michelin’ sien niks. Die koue oggendlug maak dit moeilik, maar Joe Bloom speel dat die biesies bewe. Dit raak lig in die land van Waaveren toe sy hulle uiteindelik toelaat om te vertrek. Sonder die papegaai.

Magriet is amper nie daartoe in staat om haarself los te knoop nie. Stadig, een ligament na die ander bring sy haarself terug. Almal is stil. Hartseer, vieslik verlig en stil. Sy val met haar kop vorentoe teen die veertjie-reuk van Floris se woeste hare. Floris huil oor sy verlore voël. Hy weet Pink Floyd gaan swaarkry. Die fokken vrou gaan sy vere een-vir-een uitpluk en hom in kookwater gooi. Dis ’n allegaartjie om van te droom, want ’n gillende papegaai se krete gee mens glo woema waar jy dit nodig het. Net soos die drogredes oor die helende krag van renosterhoring en tierklou.

Hy raak lig aan haar hand. Magriet begin huil, die pad is nog oneindig lank. Ek is bad luck, dink sy. *Snap pizzicato.*

Dis net na sewe wanneer hulle Ceres binnery. Die laaste oorblyfsels van ’n nederige Burning Man Fees-konvooi beweeg verby hulle, terug in die rigting van Kaapstad.

Waar Magriet met haar kop op die skoot van Louise aan die slaap geraak het, word sy stadig wakker en dink vir ’n wyle dat sy na ’n wonderwêreld ontsnap het. Deur die halfoop ruit van die bussie beweeg ’n kameelperd geruisloos verby. Dan volg die buitelyne van ’n ysbeer − ’n Sirkus aan die end van die wêreld − sonder diere, slegs motore. Rabelais verskyn naby die venster, hy bring sy gesig tot amper teenaan die glas en trek met wysvingers ’n karikatuur wat sy bloedbelope oë afwaarts vorm terwyl sy middelvingers sy mondhoeke in ’n grynslag forseer sodat sy tong aan sy ken raak. Dan verdwyn hy.

Magriet sit regop. ’n Lewensgrootte haas huppel verby. Aan sy lyf is ’n lang naelstring wat hy meesleep. Sy kyk na die ander passasiers in die motor. Dié wat wakker is praat nie ’n woord nie want hulle dink dis ’n droom.

Kwagga beweeg deur die hoofstraat van die dorp, op pad na die Hanami kersieplaas waar hulle vanaand vir die boer − Mortimer Ehrenreich − se bome moet speel voordat die lang winterrus aanbreek. Die boer hoop, teen sy beterwete, dat dit die laaste bome bestand sal hou teen gomkanker en diefstal. ’n Groot gedeelte van die boorde is reeds voos geplunder en uitgedun maar daar is wel nog genoeg bome oor om ’n bestaan van te voer en Albino X hou van kersies.

Van die dertien eertydse kultivars, is daar nou net vyf soet variëteite oor: Black Tartarian, Witzenhausen, Bing, Napoleon en Giant Heidelfinger.

Een jaar is ’n vier maande-oue baba en ’n sewejarige seun in die dorp verkrag. Baie mense glo dít is toe die wiele in hierdie streek begin afval het − asof die Griekse godin Ceres haar toorn op die inwoners losgelaat het. Volgens legende kan jy haar soms tydens donkermaan teen die hoogste piek van die Matroosberg sien sweef met ’n lantern in haar hand.

Floris stop by die China Multisave om brood te koop. Hy keer bulderend terug:

"'n Chinese mannetjie sit op sy hoë stoeltjie en kyk met slang-ogies of enigiemand iets uit sy miserabele winkel wil steel! Kyk hierdie fokken brood, jy kan iemand hiermee doodgooi."

Floris begin huil, die woede maak plek vir die hartseer en verlies van Pink Floyd.

Hy verlang huis toe, en wens dat hy in die tuin langs sy *icebergs* kon sit en na die Hottentots-Holland berge kyk.

Magriet merk mense wat deur siftende motreën beweeg met slegs hier en daar 'n sambreel, 'n geheel en al grys atmosfeer heers binne en buite die voertuig. Sy sien die Sint Omer geestelikes met hulle klere agterstevoor − 'n dosyn ontredderde priesters.

In die *Daisy Barber Shop* is 'n man besig om iemand se hare te sny en sy kan die skêr se lemme hoor girts, ou hare af, die dooie energie wat in die punte vasgevang was, weggesny.

Voordat hulle die dorp uitry, gewaar sy die winkel vol leë voëlkoutjies.

Ceres se buitewyke volg 'n spoor van sinkgehuggies − uitgepak tot amper teenaan die pad. Duskant die Warm Bokkeveld Gevangenis begin die pad geleidelik styg verby Jakkalsnek, dan regs met die Bo-Swaarmoedpas beweeg hulle, nader aan die mis. Regs by Erfdeel en na 'n wyle die bordjie wat lees *Lakenvlei*, daarna is die sig baie swak totdat die kersiebome se skadubeelde uiteindelik soos Gotiese gedaantes voor hulle verskyn. Die vertakte figure met hulle verwronge ledemate gaan teen skemer begin loskom uit die grond en dan gaan hulle dans op maat van *Mephistorium.* Donker verhale in drieklank.

Kleinjan de Vlam heet hulle welkom; "Ehrenreich is nog in die Kaap in maar hy sal môre hier wees, saal af, maak julle tuis hier neffens die dam."

Die terrein is gestroop van sjarme en ’n klein hut waar mense in Desembermaande kersies wat hulle self kon pluk, laat weeg het vir betaling, rus op sy laaste sparre.

Cuito Canavale en die veldslag waarvoor beide partye oorwinning eis; op daardie stadium een van die grootste gevegte op die kontinent van Afrika − Angola se Stalingrad: *Patria O Muerte.* Operation Moduler, Operation Hooper, Operation Packer, Operation Displace.

Blomme vir die onderhandelaars. 1988.

Sy trou met Wim onder ’n magnoliaboom.

*Die veldslag is ’n debat op televisie maar ek wis daar feitlik niks van nie. Hoe is dit moontlik dat mens so dof kan wees? Waar was ek? Waarom is my feitelike geheuebasis so uitgekalf? Het ek geslaap of gekies om so min as moontlik te weet? Slaapwandelaar.*

Hulle skrik wakker met die klank van ’n helikopter. Die lemme sny deur drome en woer-woer deur werklikheid . . . Tsjechof meets *Apocalypse Now*.

Kleinjan se gille is nietig teen die oorverdowende klank van die masjien. Jimi is eerste uit en kom rapporteer nie. Dan volg die res van hulle, een vir een kruip hulle uit die karavaan, maar Floris stop vir Magriet en druk haar terug na binne.

Dis Albino X, sy Bell 429 sirkel om die plaas en verdwyn dan weer soos ’n wolk.

Almal behalwe Magriet, stap stadig nader na Kleinjan wat nou op die grond sit en huil langs die bondel: Ehrenreich.

Jimi is die eerste een wat ’n woord uitkry: “Hulle het sy mond toegeplak met kleefband sodat hy nie eers kon skreeu nie. Die laaste van sy stem sit nou vas daaraan, dit moet af sodat sy stem kan ontsnap, anders gaan sy stem in bly en dan sal hy nooit kan opstyg nie.”

Hy gaan sit langs die stukkende lyk en trek die breë grys band met omsigtigheid af sodat die mond kan oop en die stil stem kan uit. Daarna vee hy sy linkerhand oor Ehrenreich se oë om hulle te sluit.

Die plaas behoort nou volkome aan Albino X.


Vos
ANNA M. LOUW

***Doringboom***

Tussen Ceres en Sutherland lê ’n plek met die naam Sadawa. Dit is hier waar hulle weer brandstof gaan kry – in ruil vir ’n jam-sessie met die eienaar, Blue Miller, wat sy siel sal verkoop vir die geleentheid om saam met ander musikante ’n paar songs te tune. Een aand van akoestiese ekstase vir die blou seun van die Vergete Grootpad.

Die plek is uitgerafel, hier en daar lê hopies boumateriaal as tekens van iemand se onvoltooide droom. Naby die lapa is ’n deur in ’n halfgeboude muur ingemessel, en dis duidelik: die deur kan nie oop of toe nie. Vreemd, dink Magriet. Blue wys vir hulle waar hulle kan slaap – sewe asbesrondaweltjies is om die lapa versprei.

Dis ’n verligting om uit die beklemming van die voertuig te kan ontsnap, nie een van hulle het woorde oor vir die gebeure van die afgelope twee dae nie en die atmosfeer was digby ondraaglik.

Die drie meisies gaan stap. Hulle volg ’n grondpad wat aan een kant met doringtakke uitgelê is. Óm hulle strek ’n see van Soetdorings: *Acacia karroo* (Acacia is afgelei van die Griekse woord ‘Akis’ wat punt of stekel beteken). Karoo is ’n woord uit die grysheid, dink Magriet.

Hulle loop verby die donkie wat rook vir warm water, dit ruik soos haar grootouers se plaas, die reuk van vure teen skemer is seine wat haar plotseling terugkaats in tyd. Is reuk die sterkste sintuig? Louise neurie ’n song en Magriet val in met fiktiewe vioolspel terwyl Senzi haar vingers ritmies klap teen die instinktiewe swaai van haar mooi lyf.

“Layitani umlilo imini sele iphela . . . ”

Op pad terug loop hulle verby die swembad. Dit is warm genoeg en mens sou beslis kon swem maar hierdie swembad is leeg. Daar lê droë modderplasse op die bodem en aan die diepkant gis ’n vrot opdamsel. Die klein blou randteëltjies begin afdop, en die verflaag se flenters vorm besonderse kleure en teksture tekenend aan werke uit die abstrakte ekspressionisme.

Magriet lag kliphard: “Rothko se Moses!”

Die mense wat die jam sessie bywoon is ’n mengelmoes.

Daar is ’n vrou wie se man vir Kragdraad werk. Hulle is al ’n maand hier en die vrou sê sy gaan nie die oorblywende twee maande haal nie. Magriet knik instemmend as sy sien hoe die vrou vir haarself nog ’n dop gooi; klipdrif en coke. Sy stel haarself voor as Joey en laat val dat sy ’n haarsalon in Evander gehad het. Haar bottelrooi haarstyl is kort met spitsies wat regop staan bo-op haar kroon.

Rock musos is beter met interaksie as hul klassieke eweknieë. Seker die tempo van hulle musiek wat dit bepaal: akoestiese ekologie − die een staan op die rand van ’n afgrond en die ander teen ’n rivier, die een kan vlieg en die ander kan swem, een sien rooi en die ander sien blou. Is die een behorende tot ’n hoeksteen-spesie soos see-otters en die ander dalk blaarspringers?

Magriet sluit aan by die tweeling wat gesels met ’n man in sy laat twintigs en wie ’n skrootwerf in die Paarl besit:

“Skroot doen goed.”

Dan mompel hy iets oor: “ . . . die nuwe kewer op die drol genaamd makelaar . . . ” Sy hoor net hier en daar ’n woord.

“Iemand het uit ’n helikopter op die laaste drie renosters by Inverdoorn probeer skiet.”

Magriet hou die tweeling dop om te sien of iets gaan knak, maar hulle hou verbete vas aan die steeltjies van hulle bolglase; gevul met goedkoop rooiwyn.

“Ek het nie geweet daar is nog renosters oor nie . . .  impressive,” sê Floris.

Die man wieg heen-en-weer op sy voete soos ’n mens ter see en hou sy glas half skuins sodat van sy dop op die grond val.

“Ek ken hierdie plek soos die palm van my hand en sal hier kan wegkruip sodat hulle my nooit weer vind nie, Grootvoet is hier deur laasmaand en het van die wild gesluk, ek kon sy spore uitken.”

Magriet dink hy praat van ’n dinosourus maar Grootvoet is klaarblyklik ’n voertuig − ’n hummer of iets. Wanneer hy op ’n stadium na links beweeg, sien Magriet vir die eerste maal die groot albatros wat teen die muur agter hom gemonteer is; ’n sigaret hang by die lyflose voël se bek uit en op sy kop rus ’n matroospet.

Wanneer sy weer na die skrootman kyk, besef sy dat sy gesig buitengewoon asimmetries is. Sy laaste gal word gebraak oor die jaar van opstande en hoe ’n handvol oud-koevoetlede meer as vyfhonderd stakers koudgesit het met hulle teenwoordigheid. Magriet vind dit terselfdertyd amusant en onmoontlik. Sy kan haar dit kwalik voorstel dat ’n dosyn ontburgerde middeljarige wit mans enige vrees in ’n massa woedende stakers se gemoedere sou kon ontlont. Maar wat weet Magriet?

*“4 785 FAPLA- en Kubaanse soldate is in aksie dood. Dít, sê Geldenhuys, is bevestigde getalle en sluit nie drosters, gewondes en diegene in wat later aan wonde beswyk het nie. Hy meen die werklike syfer is waarskynlik ’n paar duisend meer. Aan die Suid-Afrikaanse kant het 31 man gesneuwel. Ses het weens ander redes, hoofsaaklik malaria, gesterf.”* [15]

Senzi kom sit langs haar en begin haar hare vleg. Sy is mooi, dink Magriet, haar hare is kort en raam die buitelyne van haar fyn gesig wat gespits is soos dié van ’n bokkie en dit beklemtoon haar vol lippe. Mens kan sien hoe lief Hendrik vir haar moet wees en sy kan haar hulle liefdesritueel goed voorstel: hoedat hy om haar vou en haar versigtig oopmaak met sy voël en hoe sy dan haar vol mond om hom toemaak sodat hy smeul, sy lang hare om haar − ’n mantel, die plesier daarvan moet onbeskryflik wees. Haar vel is heuning, sy ruik jonk en sappig en sy skyn vreesloos en ligvoet te wees, lank en skraal maar nie seningrig nie, alles omtrent haar dui op die sensualiteit wat mens vind in ’n vreeslose lyf.

Vrees is die bliksem.

Terwyl Magriet staar na ’n korpulente vrou wat met imponerende selfvertroue besig is om bevel te voer oor die dansvloer, kom staan iemand ongemaklik naby haar. Wanneer sy opkyk en die man herken, kry sy slegte hoendervleis; sy tong skiet obseen uit deur sy skewe mond soos dié van ’n slangetjie wat nie lekker kan pik nie. Hy buig nog nader aan haar en fluister onwelvoeglikhede teen haar oor. Daar is ’n bitter reuk aan hom en sy is verlig wanneer Floris agter haar verskyn en sy arm beskermend om haar skouer sit. “Pla Hemingway jou?” Magriet sê niks. Hemingway loop. Floris is diervel, sy wil in diervel klim en daar bly.

Hy kyk haar stip aan en voordat hy terugkeer na die band toe sê hy: “Ek hou ’n oog oor jou, Magriet.”

Later die nag toe almal tot rus gekom het hoor sy dit in die rondawel langs haar: eers ’n diep kreun: sý stem, dan klein staccato note: sy . . . die kreun langer en dieper, dan is dit vir ’n rukkie stil voordat die uitings dringender en harder word, onbelemmerd, ongeag, die smeuling is nou ál wat die aarde laat draai. Dit hou lank aan en die laaste klank is ’n volronde uiting van iets onbeskryflik diep; ’n rooibok wat haar hart uitspoeg.

Magriet raak aan haarself totdat ook sý, ’n vreeslose bevrydende, haar eie eensame gelatenheid ervaar. Uit haar lende vloei wasem.

Die volgende oggend voordat hulle vertrek, stap sy nog een maal om die leë swembad. Vandag het sy egter ’n misnoë in die plek en die vorige dag se begogeling van ’n skilder se krakeluur roep eerder ander verlore poele by haar op.

Haar kleinste nefie het verdrink by Magnoliadal. Sy kan nie onthou hoe oud hy was nie . . . drie of vyf? Sy herroep die atmosfeer in die ou grasdakhuis waar hulle op daardie stadium gewoon het en die wyse waarop nuus breek. Goeie nuus sowel as slegte nuus. Hoe dit grootmense se gesigte boetseer, die dissonansie daarvan en die aaklige atmosfeer wat vir lank aanhou.

Tannie Emma het ’n paar jaar later begin swemklasse gee vir peuters terwyl haar oorblywende seuns vinne gegroei het.

*Maitland en die meedoënlose maaier. Dit is waar hy woon; agter die Munisipale swembad, gehul in die slyk van die samelewing, óm die rand van mosaïekteëltjies wat hul glans verloor het, sonder die weerkaatsing van water of die geskater van kinders, dáár in die nagedagtenis van swem en pis, tjank die maaier.*

*Ek wonder: aan wie kan ek ’n brief skryf oor hierdie vernederde swembad? Dit is ’n publieke swembad, ek vermoed dis ’n swembad vir oorwegend arm mense maar dis nog steeds ’n swembad wat verdien om vol water te wees vir iemand wat die lengtes streel met rugslag. Wie is die verlosser van swembaddens in ons samelewing? As dit nie die Oppenheimers of die Motsepes of die Ruperts is nie − en dit is nie. Wie is dit dan? As dit nie die korrupte raadslede wat die voorlopers van die politici is nie, wié is dit dan?*

*Dus sit ek hier om vier-uur in die oggend wanneer mens op jou reinste is, behalwe hierdie keer staar ek nie na die skerm nie, maar vertoef verontrus oor die swembad, gedagtig aan die behoeftigheid van die dag, die volslae en onbeperkte uitlewering van die mens wat niks het nie en net duskant dit − die skittermooi berg binne bereik: 'n ander wêreld. En ek dink aan my oorlede ma en dat sy nie meer aardse beproewinge hoef te verduur nie en tegelykertyd wens ek dat ek haar kon vertel van die swembad en vir haar kon vra of sy nie iemand ken wat 'n fondsinsameling kan reël om die swembad te red nie.*

Daar was slegs twee skilderye in Albino X se musiekkamer: *The pool at Pacaltsdorp* deur Allerley Glossop en langs dit 'n landskap van die Hollander Adrianus Koekkoek.

By een van die acacias staan sy stil. Op die grond lê ou dorings. Sy buk en tel 'n handvol van die wit stekels op, dis wapentjies − mens weet nooit.


ANNA M. LOUW

***Sterboom***

’n Lui stilte onder sy passasiers noop Hendrik tot ’n geklets. Hy gaan haal dit by twee Japanese wetenskaplikes wat glo ’n feit − lank reeds bekend aan meeste Suid-Afrikaners − bevestig het; naamlik dat die Karoo een van die stilste plekke op aarde is.

“Volgens Yamaha en Suzuki is dit wragtig so stil dat jy met die hulp van super-sensitiewe klanktoerusting die atmosfeer kan hoor skraap teen die grond.”

Floris vryf speels deur sy broer se boskaas en terg hom: “Dan het hulle seker die oorsprong van klank ook opgespoor binne-in Hendrix se kitaar.”

“Nee,” sê Magriet, “Marsalis se agt trompette . . . ongelooflik!”

Jimi: “Hulle is lekker weird die Japs, by daai vervloekte kersieplaas is dit juis hulle wat die takke altyd kom afbreek het om bo by die beste vrugte uit te kom. Kleinjan het my self vertel, hulle is kersie-befok daai tribe. En van die rou vis praat ek nie eers nie, vis moet gaar wees. Jy is ook nooit seker of die mense lag of huil nie, kyk bietjie as julle weer een raakloop iewers.”

Vir nou is die kans skraal.

Louise laat val dat sy op ’n kol ’n Japanees genaai het: “Size matters.”

Magriet weet dat Wim nou iets waardevol oor walvisse sou kon sê.

Senzi: “I looove those weeping cherry trees.”

Hendrik probeer vir oulaas: “Wel, ek het dit in ’n wetenskapstydskrif raakgelees toe ek destyds vir die tandarts gesit en wag het. Die manne het die ontdekking gemaak in hulle studie van die aardkors met inligting wat hulle ingesamel het by dertien locations regoor die wêreld. Sutherland is uitgesonder as ekstra stil want volgens hulle was die nano-bewegings waarvoor hulle gesoek het, sommer glashelder daar.”

"Nee, klink in die kol my broer," koggel Floris terug.

*"Ons weet byvoorbeeld dat voëls infraklanke (klankgolflengtes wat die mens nie kan hoor nie) kan waarneem en ons weet ook dat verskillende landskappe soos woestyne, berge en oseane verskillende infraklanke voortbring. Wat ons nie weet nie, is of voëls hierdie klank as rigtingaanwysers aanwend."* [16]

Van ver af sien mens dit: vlieërs − maklik 'n dosyn of meer; helder drake, rooi visse en reuse insekte se tolvlieg deur die lug.

"What the fuck?"

Floris swaai onverhoeds na regs maar kry die wankelende vrag onder beheer terwyl hy die kwagga stadig tot stilstand bring duskant die ou gholfbaan. Verskoning vir 'n gholfbaan: toé en nou.

"Die keiser het seker by die Chinese geld gekry."

Sutherland is vreemd in enige taal: koudste plek in die land (minus sestien grade Celsius is in Julie 2003 hier gemeet), Afrika se grootste teleskoop staan oorkant Salpeterkop, twintig kilometers buite die dorp en dit is die epiese broeders Louw se geboortedorp.

"Tydens die *Group Areas Act* is die mense geskuif uit hulle brakdakhuisies . . . ek vra julle − waar de fok skuif jy iemand heen in hierdie geweste? Kyk om julle rond, wat sien julle? Nee Jisses! . . . dinge in die land was poesvrot."

Jimi spoeg die stofstraat in.

Magriet sien vir die eerste keer die vuurslag in sy oë; iets wat haar vir ’n oomblik onthuts want Jimi is min of meer altyd opgeruimd, met ’n gesig waarvan die kraaiplootjies en breë mond getuig. Wanneer hy lag, ontlont hy gemoedelikheid.

Wanneer Floris regs draai op die Fraserburgpad gewaar hulle die groot groep kinders wat aan die vlieërs vas is: ’n mooi gesig in die dorre.

Hulle stop nie want hulle wil by die Venus Susters − hulle blyplek − uitkom.

Dié akkommodasie-plaas lê duskant die Sterrewag se terrein. Op die verstreke B&B uithangbord is die laaste tekens van ’n handgeskilderde turkoois katel nouliks sigbaar. Kwagga knik oor ’n veehek met aan weerskante twee lae muurtjies waarop perdehoewe geverf is. Dit bestaan uit die hoofhuis − ’n karakterlose struktuur uit die vorige eeu, gestroop van sjarme. Huis met ’n neus, ’n mond en twee oë. Om die hoofhuis is daar verskeie kleiner strukture, skaapkampe en die spullen wat mens met ’n plaaswerf assosieer. Die voordeursleutel is versteek onder ’n rooi klip.

“Why bother,” sê Louise. “Hier is anyway minder as niks.” Sy deel klaarblyklik nie haar oom na wie toe hulle op pad is, se passie vir die Karoo nie en dit wil voorkom asof ’n sluier oor haar begin beweeg namate die reis vorder.

Teen vulkaniese koppies spikkel ’n handvol skape oor die landskap.

Elkeen vind ’n lê-plek en hulle verdwyn stuk-stuk. Naweekstilte versmoor die werf. Die windpomp beweeg nie en die gaas voor die vensters is aan flarde.

Magriet gaan soek water en in die skraal kombuis gaan staan sy voor ’n venster en kyk uit na die veld: *Wagon crossing a bridge* deur Julius C. Ibbetson. Britse kunstenaar. Dit hang in die een hoek van die eetkamer by Vergelegen. Langs die groot herd, dink sy.

Seweuur die aand ry hulle deur die sterrewag se hek.

Die konsert vorm deel van die vlieërfees, vind hulle uit wanneer een van die inwonende sterrekykers wat homself kripties voorstel as Dusty, hulle verwelkom − befondsing deur ’n organisasie wat hoop om skaliegas te kom ontgin. Daar is ook ’n besoeker wat vir die kinders gaan vertel van Orion en die mitologie rondom hierdie fabelagtige konstellasie wat met miljoene ligjare na ons terugkyk. Dis ’n samekoms van mense wat lyk of hulle nie werklik weet waarom hulle daar is nie. Die drie inwonende sterrekundiges − Billy, Dusty en Frank − lyk verveeld want hulle wil eintlik net agter teleskope sit en gravitasiekolke uitvisier. Hierdie esoteriese ompad waarmee Albino X uit ’n situasie probeer munt slaan, staan nie een van hulle aan nie. Maar die besoeker van die Toulouse Observatorium in Frankryk kan deure oopmaak vir die diktator − wat impliseer dat SALT nog ’n jaar kan oorleef. Befondsing is álles op ’n kontinent wat met rooi kruise aanmekaar gelap is.

Dit is nie ’n moeilike aand nie en die kos is goed. Almal eet sorgvuldig. Tydens ’n pouse kom verduidelik Frank die melkweg aan hulle: “*Achernar en die Magellaanse Wolke (wat lyk soos losliggende stukkies van die Melkweg) is steeds sigbaar in die suidweste gedurende Maart. Die Groot en Klein Wolke is die naaste sterrestelsels aan ons eie Melkweg (met die uitsondering van twee klein sterrestelsels wat deur ons s’n ingesluk is) en is onderskeidelik ongeveer 180 duisend en 190 duisend ligjare weg. Vergelyk dit met Achernar, geleë binne die*

*Melkweg en slegs 90 ligjare weg. Die Sotho's het verwys na Achernar as die senakane (die klein horing) en na die skild van die klein horing, die Klein Magellaanse Wolk, as mo'hora le tlala (oorvloed en hongersnood ). Wanneer droë stowwerige lug die Wolk verdof het, was dit gewoonlik 'n teken dat hongersnood op pad was."* [17]

Hy knipoog vir die tweeling wannneer hy na Castor en Pollux wys − asof Floris en Hendrik al daar was. Almal bars uit van die lag. Ys breek. Hy is 'n aanhanger van ZZ Top en die res van die aand praat hulle swaar metaal.

Magriet kan haar oë nie oophou nie en gaan sit buite in die koue waarneming van middernag wanneer die sterre ál nader begin kantel.

Wim se rug was soos die son wat in klein stukkies afgebreek het: bruin vlekkies wat sy een-vir-een vir ure aanmekaar kon soen. Wim se reuk was haar reuk, dit was reg. Soms het hulle in die middel van die nag opgestaan om vallende sterre te tel en te wens. Dan het hulle tee gemaak en gesels oor die goed van die dag. Wim was balans en hawe vir Magriet en sy wonder waar sy die krag en die moed vandaan gekry het om sonder hom te oorleef tot hier. Sy het altyd gedink dat as hy die dag sterf sal sy die see inloop. Sy lewe was die wesens ter water en sy sou hom sekerlik weer daar tussen hulle vinne kon vind in die hiernamaals.

Maar hier sit sy nou in Sutherland. Waar hulle een jaar sneeu kom kyk het.

Bokant haar kop ontplof Menelvagor − ’n warm blou reus. Daar is oorverdowend veel, dit het nie verander nie, dink sy, dit is nog soos wat dit altyd was en onbereikbaar vir die verterende kapasiteit van die mens se hebsug. Gelukkig is die sterre veilig.

*“Baie nagtelike trekvoëls navigeer met die sterre − baie soos matrose.”* [18]

Onder by die ingang na SALT luier die rooi Torino besluiteloos. Die bestuurder dink diep. Dan trek hy stadig weg, in die rigting van Fraserburg − die roete wat die Kwagga die volgende dag na sonsopkoms gaan kap.



***Bloedboom***

Naby die Sakrivier kom hulle af op drie dassiejagters; twee mans en ’n vrou in hulle middeljare met die spore van die Karoo duidelik op hulle gesigte uitgestippel. Dit is ’n paar meter van die plek waar daar ’n Oewerkonyn-kolonie was. Floris hou stil in die hoop dat hulle dalk een van die dassies sal kan ruilkoop vir aandete. Die dassies hang na onder en hulle tande is sigbaar tussen die bloed wat uit hul bekkies drup. Agter die hoofjagter, Jakob Andreas, staan drie basterhonde: “Ons gaan die dassies nou slag en kook en meneer-hulle kan maar kom saam eet, daar sal genoeg wees.”

Hierdie meevallertjie is amper te goed om waar te wees en hulle hunkering na vars dassie besweer enige tekens van agterdog: “Ons is musikante en sal vir julle musiek maak in ruil hiervoor.”

Die trio knik instemmend en dan beweeg die konvooi teen ’n slakkepas in die rigting van die werkershuisies sowat ’n kilometer verder. Drie honde hardloop opgewonde vooruit om die fees wat voorlê aan te kondig.

Hulle omstandighede is karig maar dit lyk asof die lewe hier nietemin beter is as op soveel ander plekke. Martha Andreas nooi hulle nader, ’n vuurtjie rook links van die huisie, onder ’n sinkdak en ’n gevoel van behoortenis skuif deur Magriet.

*“Large Flemish tapestry. The tapestry was woven in Brussels circa 1575 and is part of a large set depicting various hunting scenes.”* [19]

Op een plek in die wandtapyt het ’n vrou met ’n dooie hert in haar arms gestaan. Toe Albino X voor die werk verby beweeg kon jy sweer dat hy self daaruit geweef is. Magriet wou nog kyk; dit was so besonders, sy wou die goue inslaggaring volg na die bome waaronder van die gewonde diere gelê het.

Albino X het sy fluitjie geblaas soos wat hulle doen met jaghonde: sy verposing aan die musikante toegestaan, was verby.

Die slag en skoonmaak begin op ’n groot plat klip digby die vuur; Martha Andreas stroop die velle met foutlose bewegings en speel die karkassies met ’n bedrewendheid wat al die musikante in totale bewondering na haar laat staar. Die koppies, pootjies en stertjies word eenkant toe gegooi vir die honde en dan word die oorblywende vleis in kwarte gesny en in die pot op die vuur saam met naeltjies en uie geroerbraai totdat die vleis ’n mooi kleur aanneem.

Joe Bloom stem hulle instrumente en begin tokkel aan Blues-nommers uit die Mississippi Delta. Na ’n goeie uur word die dassies opgedis. Daar word sprakeloos geëet.

Wim het nooit sy mes en vurk volgens etiket neergesit nie.

Uit ordentlikheid speel hulle ’n John Lee Hooker-liedjie voordat hulle groet en die pad vat. Dit is nog ’n goeie twee ure se ry Beaufort-Wes toe en hulle sal verkieslik voor donker daar wil aankom. By ’n T-aansluiting is daar geen koersbord vir Beaufort-Wes nie, Loxton wys links en Fraserburg wys in die rigting waarvandaan hulle sopas gekom het. Hulle kies die pad na regs in oorleg met die son se baan, verby ’n rietbos in vlak water; Swartkeelgeelvinke skiet op soos vonke, “zik-zik.” Daar is niemand om te vra of  hulle wel op die regte pad is nie en hulle vertrou op hulle instink, maar sowat dertig kilometers verder voel niemand meer so seker nie.

Hulle ry stadig, verby ’n plaashuis naby die pad; die huis lyk netjies, maar is duidelik verlate – nie ’n siel in sig nie. Verby nog ’n huis; kleiner, verwaarloos . . . naargeestig. Niemand loop langs die pad nie, daar is nie ’n ander motor in sig nie, nie ’n ruiter te perd nie, dit is net hulle en die wete dat skemer in aantog is.

Tien kilometers verder is daar ’n plaashuis aan die regterkant, twee voertuie staan buite die huis en daar is ’n bees en drie perde wat wei in ’n kampie teen die woning. Floris draai in om te gaan rigting vra.

Hendrik klim uit en loop om die voertuig na die voorstoep, hulle sien hom aan ’n deur klop en na ’n paar minute klop hy weer, dan gaan die deur oop maar dit is donker binne en mens kan nie die persoon waarneem alvorens beide vorentoe in die lig in beweeg nie. Nou sien hulle die vrou in haar nagklere, effe verwaarloos, hare deurmekaar en seker so in haar laat dertigs, sy het spikkels op haar gesig, so lyk dit. Sy lyk bekommerd terwyl sy verduidelik en met haar hande in die teenoorgestelde rigting wys. Hendrik skud sy kop in ongeloof en beaam haar handgebare. Floris sug en kap op die stuurwiel: “dis duidelik dat ons verkeerd gery het.”
Hendrik lyk beswaard, asof hy slegte tyding ontvang het, hy groet die vrou wat skalks waai voordat sy terugdraai in die huis.

“Ja-nee! sowat veertig klieks terug mense, en dis minstens ’n drie-uur rit met hierdie lading van ons.”

Moeisaam draai Floris die voertuig om en begin terugry op hulle spore, in stilswye. Van die tweeling se kenmerkende gekwetter is daar nou nie sprake nie. Albei sit gesmoor in hulle welige baarde soos twee Noormanne wie se skip in windstilte lê. Magriet besef dat sy nog nooit vir Hendrik gevra het hoe hy sy regterduim verloor het nie. Nou sal seker ook nie die regte tyd wees nie. Later dalk, as hulle weer om ’n vuurtjie sit en daar is kos op die kole.

Wim was op die grens. Hy het selde daaroor gepraat maar sy het geweet van jiffybags, ratpacks, valskermspring uit ’n Dakota en ontelbare verhoudings wat skipbreuk gelei het as gevolg van daardie bliksemse oorlog. Toe hulle destyds uit Observatory wegtrek, het hy van daardie laaste besinksel ontslae geraak − die klein boekie waarin hy Ovambo-woorde neergeskryf het: *meme* vir ‘ma’ en *tate* vir ‘pa.’

’n Handvol pienk kaartjies wat agterin was het uitgeval. Dit was kriptiese logistieke soos kaart/kompaspeiling, geskatte hoogte bo horison en tipe fakkel.

Magriet het vir hom gesê sy wens hulle het al ontmoet as kinders, want dan kon sy hom in die tuin versteek het sodat hy nooit weermag toe hoef te gegaan het nie.

Eers toe hulle weer verby die toegekampte bloekomstaning is, laat hoor Hendrik sy stem wat meer hees klink as vantevore:

“Sy het gewaarsku teen slagters, Karoo-slagters, die freaks wat te veel van die gifwater gedrink het. Kan julle dit fokken glo, ons het dalk saam met hulle dassies gevreet!”

Swak grap, niemand lag nie maar Jimi breek die ys: “Nee man, dis meer in Loxton se rigting − daar is ’n verlate stuk grond waar hulle glo uithang en dan is daar nog ’n bende verder noord na Calvinia toe − die eertydse hunting ground van skobbejakke, rebelle en drosters. Ek behoort te weet, dis my ancestors daai.”

Verby die twee plaashuise – verlate . . . verby die riete, verby die simpel T-aansluiting waar hulle verkeerd gery het, die donker sak gou wanneer dit skemer word. Fotograwe weet van die heilige lig, miskien so ’n kwartier as jy gelukkig is en dan is die lig weg, die vonk van die prisma gedoof en die dag kantel om. (Met haar tiende verjaarsdag het haar gunsteling tante vir haar ’n kaleidoskoop gegee en gesê sy moet met haar musiek sulke patrone maak). Die

draai van daardie silinder se helder kraletjies tot simmetrie het haar nader aan haar eie sinestesie geskuif. Elke noot het in ’n kleur verander en die dae van die week het mense geword.

Wolke skuif en strek soos ’n misbank oor die veld, die kleur is ligroos soos die jong vel van ’n onskuldige kind, en bokant dit is die blou soos oë vol genade. Hoe goed? dink Magriet − om te leef ten spyte van alles. Likkewane en akkedisse is wolke, hulle vervel en rol om en maak sirkels en hap na insekte. *Saltando* – die strykstok as huppelaar.

Voordat dit heeltemal donker is, ry hulle verby ’n ou afgepleisterde huis, gebou seker so ’n eeu gelede, maar weer eens verlate. Die vervalle tekens het reeds begin en die ringmuur krummel uit, wie het hier gewoon? Wie het lááste hier gewoon en waarom is hulle weg?

Waarheen is hulle?

Net so . . . niks. Asof hier nie lewe was nie. Welke klanke was daar? Watse musiek, wie het liefgehad en hoe het verlies en verraad deur individue en owerhede hier uitgespeel?

“Solitêr,” wieg die naambord.

*“Watter teenstellings in die gedrag van mense het ons nie gedurende die oorlog ervaar nie: Die een kom na die Engelse toe met al wat hy besit; die ander laat alles wat hy by hom het in die steek om van hulle af weg te kom!”* [20]

*“A set of six rosewood Queen Anne style dining chairs, East-Indies, 19$^{th}$ century.”* [21]

Die Griek Maniatis het op een van die stoele gesit. Stoksiel-alleen daar aan die feestafel. Dit het vir Magriet gelyk of hy bang is, soos iets in ’n hokkie.

Iewers in die Molteno-pas gee die Kwagga die gees met ’n vreemde fluitgeluid . . . sweeeshpop, en dan die branderige rook van olie op ’n warm enjin. Omgewing: Wolwekop. Dit is reeds donker en hulle doel was om die nag te wen voor Beaufort-Wes.

In haar kop speel Benjamin Britten se see uit *Peter Grimes*. ’n Boot sink.

Hulle stoot die bussie van die pad af na ’n grondleegte waar daar moontlik eens ’n piekniektafel was. Die beton se voet is nog sigbaar. Hierdie is die streek van die hartslagters: bendes wat roof en plunder en moor, bekend daarvoor dat hulle ’n hart lewendig uitslag soos wat grootwildjagters met hul prooi doen. Dit is die goorste plek om stil te hou maar hulle weet dit nie.

Die drie mans peuter met die enjin maar nie een van hulle is meganies bevoordeel nie. Hulle probeer vergeefs om die kwagga aan die gang kry. Nag skuif die kloof in. Hendrik probeer op dreef kom met ’n voorstel dat hulle moet gaan hout soek: “’n Vuur sal die wolwe weghou.”

Geruisloos beweeg Die Lemme saam met vroegdonker, dis asof die laaste lig hulle ontdooi het sodat hulle soos mis uitrol en eers sigbaar word wanneer hulle teen jou is. ’n Hel. Maklik ’n dosyn van die vieslikste plunderaars denkbaar, hulle verkrag nie, soek net jou hart terwyl jy leef. Die onverdraagsaamheid van dekades is hul motivering: instinktief in ’n taal met sy eie kodes en leestekens. Geen Marat Sade nie, daar was nie bloed nie − nie genoeg nie.

Bloed is skynbaar suiwerend. Dit het een van Wim se kunstenaarsvriende met gusto aan hulle gesê een aand na ’n uitstalling waar die wyn vrylik gevloei het:

“Ons moes ’n ordentlike rewolusie gehad het, die grondwetlike afskaffing van apartheid het dinge nogal opgefok vir party van ons . . . ” onderwyl hy die Che Guevara-pet so effens meer na links op sy voorkop wikkel.

Magriet ruik die bloedmetaal, lemme blink in uitgerekte vokale met ’n skril toonwaarde. Rock-beat se dryfjag gevolg deur abafando. Dan tuimel sy by die afgrond in, so voel dit, sy val suid maar bereik nooit die grond nie, bly net val en terwyl sy na benede stort vergeet sy van alles.

“Ndicede!!! Ungathathi intliziyo yam!!!”

Uit die benewelde grys bewuswording is haar eerste gedagte dat sy die man Savimbi een maal in lewende lywe gesien het. Dit was in ’n huis in Nuweland. Die tweede keer wat sy die rebelle-leier gesien het was toe sy halfnaakte lyk op televisie vertoon was. Sy is nie seker waarom hierdie beeld so sterk by haar opkom nie, wat is die bedoeling hiervan?

Tussen die twee tonele waarmee sy die man vereenselwig, is die kontras só onversoenbaar dat sy skaars die kloutjie by die oor kan bring van die imposante man wat naby ’n reuse skildery van Gwelo Goodman gestaan het; ’n aantreklike man, fier en met die militêre sjarme wat vir sommige mense glo onweerstaanbaar is. Die beeld op die televisieskerm − jare later − was egter dié van ’n ontnugterde lyk tussen stof en toorn iewers in Angola.

Goodman se werk was ’n uitbeelding van Dover se krytwit rotswande − somber, maar kragtig.

Die amptenaar wat in die historiese residensie gewoon het, se vrou het een jaar in die huis verongeluk en is vyf jaar later dood nadat sy die laaste jare van haar lewe aan ’n bed gekluister was. Haar eensaamheid − so het Magriet by een van die fluisteraars verneem, was erbarmlik.

Die amptenaar se loopbaan is beloon met ’n skildery.

*Pierneef is toegedraai in bruinpapier en versteek in die klein skatkamer omdat hy bang is iemand steel dit. Hy kyk nie eers daarna nie, selfs nie wanneer skemer se laaste lig Rustenburgkloof se robuuste geometrie deur 'n kantvenster verlig nie. Dalk is die landskap voldoende ingeprent deur sy jeug? Dit is waar hulle as kaalvoetkinders die klowe uitgeklim het.*

Het daar 'n vloek oor die huis in Nuweland gehang?

"*Abbé de la Caille, die Franse sterrekundige het in 1751 daar vertoef as gas van Ryk Tulbagh.*" [22]

Was hulle dalk minnaars, wonder Magriet?

"*In November 1791 is Nieuwland verkoop aan Hendrik Vos vir 53200 gulden. Op 11 September 1814 sterf Lady Somerset in Newlands House. Augustus 1819 − die boonste verdieping van die huis wat deur Somerset toegevoeg is, stort ineen gedurende 'n storm. Augustus 1821 en Lord Charles Somerset trou met Lady Mary Poulett.*" [23]

Die huis het later afgebrand, maar in watter jaar? Die amptenaar wie se vrou daar verongeluk het se naam sal verswyg word want dit is beter vir die geskiedenisles soos dit nou daar uitsien.

*Verlies dryf jou terug na die rivier waar jy ontstaan het. In die rivier se swaarwater word jy geledig en dan word jy hard: waterloos. Jy is klip uit verlies.*

*Hierdie moedervorm eindig nou om op 'n ander plek te begin. Ek ruik haar laaste vel in die laken wat hulle oor haar getrek het voordat sy uit die slaapkamer, waar sy gesterf het, weggedra is. Die geel kamer sink soos 'n skip. Ek huil die hele vertrek tot dit 'n belemmerde*

*see word. Iewers in daardie see reik ek uit na een enkele grys haar teen die geblomde kopplank.*

Dít is wat Magriet oprakel tussen die aanval en die verrimpelde gesig van die man wat oor haar buk. Een van die Sewe Dwergies, dink sy. Die lewelose figuur langs haar is dié van Hendrik, sy hare is ’n platgetrapte stuk veld, en bloed maak ’n spoor na die gat deur sy bors. Magriet stut haar nek na agter en rol haar oë terug sodat sy die omgewing beter kan waarneem; Senzi se arm naby haar, en Jimi opgekrul − albei tjoepstil. Hulle het hom eerste geslag, sy pluk dit nou met ’n doringtangetjie uit haar geheue . . . Floris het haar gegryp en begin hardloop, hulle het nie die aarde onder hulle gevoel nie, sy weet hier was ’n woud want sy is al hier deur lank terug. Sy weet. ’n Populierwoud waar mense oor baie jare en seisoene liefdesboodskappe teen die bas ingekerf het, die harte misvorm deur jare se groei soos wat die stamme breër en hoër uitgeswel het.

“Ons moet hardloop vir die bome, dis nie so oop nie!”

Sy besef dat die rotswande in die kloof haar aan die Gwelo Goodman-skildery laat dink, maar die Savimbi-beeld? Die geweld daarvan. Dalk was sy nader aan daardie geweld as wat sy besef. Probeer terugroep. Wat omtrent daardie huis in Nuweland steek nou so vas? Sy gaan die name probeer onthou, haar Fargo-geheuetoets: William H. Macy, Frances McDermond . . . as sy al die name van die hoofkarakters kan onthou, is sy veilig. Maar sy kan nie. Sneeu. Dit is ’n wit naam, bloed op sneeu is ’n wond. Sy word opgelig deur van die vreemde mense uit Sneeuwitjie en die Sewe Dwergies. Het ek nog ’n tong? wonder sy. Sy reik na haar hart, dis daar. Sy is dus nie dood nie.

Indien daar ’n God is, en Magriet het vir die grootste deel van haar lewe geglo dat daar Een is, dan sal Hy of Sy haar nou hier los in die sneeu sodat sy kan verkluim. Dit sal genade wees. ’n Eskimo-vrou oorgelaat aan die elemente sodat die res van die stam kan oorleef.

Maar daar is nie sneeu nie. Dit is April. Die populierbos se blare het begin verkleur: die ritseling in ’n ligte aandwind is ’n viool sonder snare. Doloroso.

Nou weet sy wie sy is en dit bring alles terug wat sy vergeet het. Die genade van die Groot Vergeet. Amnesie laat jou toe om ’n ander identiteit aan te neem en algaande vergeet jy wie jy is en waar jy vandaan kom. Maar sy weet nou wie sy is. Sy is Ferdinand Vos se dogter en Ferdinand Vos was ’n legende − bemind onder sommige maar verfoei onder ander. Trauma vererger dit. ’n Man het eenmaal uit die bloute in Swede opgedaag, oortuig daarvan dat dit sy geboorteland was al het hy lewenslank in die VSA gewoon. Hy kon selfs Sweeds praat.

Karretjiesmense het hulle gered. Nie ál ses van hulle nie, maar wel die helfte. Die klap van Makriel Mensink se sweep is al wat Die Lemme nodig gehad het om op vlug te slaan. Daar is drie harte geoes − met vlymskerp vernuf uitgesny soos wat mens ’n stippellyn sou uitknip rondom bloedstollende krete en erger as die soort flieks waar mense lewendig deur anakondas of krokodille ingesluk word. Óf gemartel word . . . maar die gille was vinnig oor want as die hart makeer, stop alles. Die Lemme is soos een man ingekatrol deur die donker en vort.

Mensink is ’n gedugte oorblyfsel van ’n vergange era. Hy word gevrees omdat hy gesien word as die laaste wysgeer van die veldkenners − klein van postuur met ’n titaniese gees. Met so ’n man word daar nie skoorgesoek nie want sy blitslyn na die hemelbodes sal jou ry.

Het die dasssie-slagters hulle uitverkoop? Die vrou in die nagklere dalk? Die mislike resensent met die slangtongetjie? Niemand om te vertrou nie, nou net die mislike naar gevoel

van verloëning en van verlies. En Magriet wat andermaal glo dat sy die oorsaak van herhalende ellende is. Bad Shaman.

*In die Middeleeue het hulle my as ’n heks verbrand*.

Sy streel oor die klein geboortevlek aan die binnekant van haar linkerpols terwyl georganiseerde chaos om haar heers. Tilt-A-Whirl se platform skuif en draai onvoorspelbaar totdat die uitmergelende swaartekragwerking haar ’n geel streep laat braak.

Daar is nie plek vir nóg ses mense (waarvan drie lyke is) én hul musiekinstrumente op die karretjie nie. Mensink het ’n goeie hart maar hy is pragmaties want in sy lewe was daar nooit ruimte vir ginnegaap nie. Álles behalwe die lewendes sal moet bly.

Sy tong klap ten hemele.

“Los als, dis getoor en die goed moet lê dat die onheil kan wyk. Die kwaad moet eers uit dit uit. Môrens kan julle terugkeer en kom haal wat julle moet. Met die nuwe dag wat die lig bring sal regmaak oor die goeters kom.”

Nié Magriet, Floris of Louise kan helder dink nie, hulle kan beswaarlik praat, want die skok het hulle getik en desibels is die laaste ding waaraan hulle dink.

Kwagga en die karavaan staan verwese langs die pad, klankloos. *Caesura.*

Saam met die hobbelagtige man en ’n stilswyende vrou aan weerskante van hom, sak hulle klik-klak af na Beaufort-Wes.

Dit is laat wanneer hulle die teer van die dorp bereik.

Louise bel haar oom vanaf die verrinneweerde foon langs ’n kafee. Sy plaas Springfontein, is sowat tagtig kilometers buite die dorp, op die Aberdeen pad.

Mensink groet hulle met handgebare uit die boog van sy monddak en verdwyn die donker nag in.

Eers toe hulle soos een stem teen die muur afsak om vir Louise se oom te wag, dring dit tot Magriet deur dat sy sonder haar vioolkis is. Sy prewel die inhoud daarvan: nié net die instrument wat aan haar gestalte gee nie maar ook haar dagboek en foto's binne-in die vioolkis − 'n legkaart wat haar bestaan definieer en haar kop laat klop.

Dit is skuins voor middernag. Magriet moet in die skadu bly − vir die wis en die onwis. Is dit die resensent met die slangtong wat daar verbyry? Een arm rus op die oop venster en hy balanseer 'n sigaret in sy mond. Reservoir Dog.

'n Tyd later draai die wit dubbelkajuitbakkie by die vulstasie in. Die dirigent Leonard Bernstein se ewebeeld klim uit en kom na hulle aangestap maar Magriet huiwer steeds in die agtergrond. Louise bars oop in haar oom se arms. Weg is die reuk van perskes en dit lyk of sy nou in haar eie hare kan versmoor. Haar trui, met die engel-motief op die agterpant, is wyd geskeur sodat Louise se lae rug en heupe ontbloot is. Leed. Haar vorm omlyn die vier letters.

*"Kurt Gutter, Markneukirchen, 1926 − bearing the maker's label and interior brands. Length of back 358mm, with case. Minor flecks and varnish discolorations, repaired wing fractures, good condition."* [24]

Wim het vir Magriet die viool op 'n aanlynveiling gekoop. Met sy laaste geld wat hy verdien het voordat sy pos as seebioloog gevries is.

Magriet sien dat hulle hier te doen het met iemand wat weet hoe om drade bymekaar te hou. Sy neem sag kennis van Reinier Wildenboer en klim saam in die voertuig. Beaufort-Wes se laaste ligte dra hulle deur die hoofstraat . . .  links, verby ’n hospitaal en ’n oop park met stukkende skoppelmaaie en iets wat lyk soos ’n ysterperd. Die buitewyke − en kort daarna slaan die voertuig die grondpad.



***Apteekboom***

Snags lyk alles anders.

Die planeet Mars: ’n ruim grasperk om die plaashuis met ’n aangrensende jaghuis vir winterskiet − toegerus met kampbeddens en dekens met sebra-patrone daarop. Selfs ’n televisiestel in een hoek.

“Julle moet nou eers rus kry. Ons sal more gesels wanneer die son op is.” Saaklik, op die man af, soos dit ’n bittereinder betaam. Dan klim Kaptein Kirk in die ruimtetuig en die drie van hulle bly bedremmeld agter op die rooi planeet.

In een van die kombuiskaste: brandewyn.

*Hel vind my op ’n Maandagoggend. Hel en al die broeders wat daar woon. Indien ek daartoe in staat sou wees om gister se duikslag te verwoord, dan sou dit klink soos ’n gewonde dier; ’n dier verstrik in die veld iewers, met haar poot tussen die lemme se tande vasgeklem.*

Wanneer sy die volgende oggend wakkerskrik sien Magriet die wond teen die muur − oneweredig soos om die impak van ’n klein meteoriet met ’n arend se oog vas te vang: Richard Hurndall, .303, 2/7/2007. Sy raak dit versigtig aan met haar regterwysvinger, die punt van haar vinger vroetel die sementgroefie maar daar is geen los stukkies wat uitval nie, die stof van die impak is lankal weggewerk. Mense met gewere is ontoerekeningsvatbaar, dink sy.

Daar is niemand anders saam met haar in hierdie vertrek nie, dis net sy en drie ander leë kampbeddens. Strepe vir Afrika, nog skriller in die daglig. Sy staan op en beweeg na die badkamer. Is dit ek, wonder sy ten aanskoue van die wilde gesig voor haar? Daar is ’n opgekrulde buisie tandepasta in die rakkie langs die spieël en sy masseer die binnekant van

haar mond lank en stadig. Oor elke tand, gevolg deur die tandvleis en laastens haar tong. Die wollerigheid teen haar verhemelte verdwyn ná die vyfde spoeling.

Reinier Wildenboer het koffie gemaak. Hy en Floris gaan terugry Molteno-pas toe. Daar word min gepraat, maar Reinier deel haar mee dat sy vrou, Sahaar, vir hulle skoon klere en ontbyt sal bring.

"Louise slaap nog."

Stewige man, wortels in die grond en sterk lyne aan weerskante van sy mond. Mans word goed grys.

'n Wind wat fluister roer deur die boonste kroon van die populierbos sodat blare losritsel en in ritmiese sirkelbewegings na onder sak. Die minnaars van weleer het in die bas van die stamme verdwyn. Van 'n afstand wil dit voorkom asof niks aangeraak is nie − wonder bo wonder − seker die onsigbare invloed van Mensink. Maar oplaas sien hulle dat die drie lyke weg is . . . sleepsels en dan niks − behalwe 'n stukkie van sy broer se hare vasgevang in duiwelsklou. Floris voel nie homself nie, hy beweeg uit sy eie lyf uit en sweef na 'n plek waar daar nie vashouplek is nie. Nie soos 'n Chagall-figuur nie, nee − dit is te poëties. Sy rymende koeplet is gekoppel aan gruwel.

In die voertuie en die musiekinstrumente het die bende blykbaar geen behae gehad nie want alles staan presies soos wat hulle dit die vorige aand daar gelaat het. Reinier Wildenboer skud sy kop: "ek is bevrees hulle het werklik net in die vleis belang gestel."

Die boer se vrou is mooi. Sy is van Indiese afkoms en haar swart hare is kort geknip in 'n parmantige Japanese styl. Daar is iets groen omtrent haar − so asof sy die kleur van bome se

skaduwees reflekteer. Daardie aand maak sy vir hulle ’n ete wat proe soos Magriet se tekening op die strand. Sahaar vertel hulle dat ’n pomelo ’n suurlemoen is wat ’n kans gevat het. Ongelukkig lag niemand nie. Sahaar beur voort en vertel hulle dat sy en Reinier Wildenboer mekaar ontmoet het deur ’n Hoekie vir Eensames wat op landbouers gemik is.

Magriet is verbluf deur mense wat te midde van die wêreld se gal, steeds so ordentlik kan leef. Hulle is eilandbewoners, dink sy. Ja, die land het sy historiese aandeel in die watererf; die Hollanders moes tuis gebly het. Hierdie plaas is eiland, die Heydenrichs se lewe is eilander, die argief waar die professor sy dae deurbring is eilandste.

Sy wonder oor haar stamvader wat in 1678 hier aangeland het. Waarvan het hy gevlug? Wat was in Europa so haglik dat hy op ’n VOC-skip geklim het vir ’n karige loon?

*“Deel van vendulys van goedere afkomstig van die wrak van Meermin, wat by opbod verkoop is en die pryse wat behaal is. Dit toon aan dat die romp (hol) van die skip 402 riksdaalders opgelewer het. Dit is gelyk aan ’n soldaat se soldy vir tien jaar.”* [25]

Hulle is almal axolotls, daardie Meksikaanse salamanders wat hulle lewe lank onder water woon. Ons is onderwatersheid. Ysmodder onder miljoene jare se geologiese tyd. Het ek vinne, wonder sy, skubbe dalk? Met dié streel sy oor haar vel en voel teleurgesteld oor die fyn armhare. Nie meermin nie . . . nog nie.

Dit was aand en dit was more, die volgende dag.

*Die wolkbank is ’n gekardeerde wit kokon en bokant dit rus die soort blou wat met April ooreenstem. Dit het geen woema nie, hierdie blou, en hang net daar soos slegte nuus. Dit het my verslyk en ek wil eintlik sommer daar bly siende dat ek in elk geval nie in staat is daartoe om uit dit te beweeg nie. Ek is nou ingebed in hierdie kontinent met sy verslawing aan mislukking, ellende, armoede, siekte; ’n puntenerige sjamaan gebrandmerk met toorn en wee, ter wille van een of ander vreemdeling.*

Louise praat nie, sy is stom van leed en lê in ’n kamer waarvan die gordyne toegetrek is. Haar kondisie is verby trane.

“Ons los haar, sy moet oor die skok kom,” sê Sahaar. Sy maak tee met suurlemoen en heuning en dan drup sy iets uit ’n klein flessie daarby voordat sy dit roer: “Ons kruiedokters se doepa. Sy kyk aandagtig na Magriet wanneer sy sê: “Jy sal hulle raakloop as jy op die plaas gaan stap.”

*Ontheemd. Opgegraaf. Onverlangend.*

Honde kom op haar af, ’n dosyn windhonde.

Iemand roep. Sy sien die vrou; lank, dog effens geboë. Magriet herken haar van iewers asof sy ’n legende kan wees, iemand wat uit die bladsye van die Afrikaanse Sprokiesboek ontsnap het. Die Elf skaar haar diere − Basjan, Tonkel, Flippie − gevolg deur ’n lang fluit:

“Toemaar, hulle sal nie byt nie. Hallo, ek is Fleur. Oom Silwer en ek woon hier agter die Vrouberg. Kom, stap saam met ons terwyl ons soek na medisyne vir ’n man wat wil vrek van die artritis.”

Haar mantel is omgeef van die reuk van veldkruie en sy dra ’n pelgrimstaf waarvan die handvatsel in die vorm van ’n uil uitgekerf is.

Hulle begin stap − al met die topografie van die bergkontoer langs. Onder hulle strek die ou Karoo eindeloos uit soos ’n see wat sy water verloor het. Jy kan die Groot Swartberge in die verte sien met rûe die blou kolosse van versteende diere uit die voortyd.

Elke nou en dan stop Fleur en buk om ’n plantjie uit te grawe; sy karring teer om die blare en lig dit uit saam met die wortels: “dasbos vir angs, hoofpyn of hormonale pyne,” fluister sy wanneer sy die plantjie in haar streepsak wegsit.

Fleur en oom Silwer se werf is teen ’n noordelike helling geleë met die uitsig na doer sodat hulle baie dae net sit en kyk. Elkeen het hul eie pondokkie en dan is daar nog ’n geboutjie vir mense wat gewas moet word; dae van lafenis na erge trauma.

By die ingang na die werf is ’n groot kamp waar die windhonde wag hou en opgewonde reageer elke keer wanneer hulle Fleur se stem hoor. Sy is kennelik die tropleier.

Magriet se stof gaan lê in die dae wat sy deurbring met stap en luister na Fleur en oom Silwer, die plantwysgeer wat amper negentig is. Hy vertel stories van die ‘louwens’ wat eens oor die vlaktes gejag het in ’n tyd toe dit rooi was van die springbokke, dat die voetpaadjies bly is as hier weer geloop word en dat die aarde se onthou die helderste is.

“Rooi vergeetwortel en jakkalsbos sal help vir Louise se hart. Dit maak die buisies weer heel,” sê Fleur.

Magriet twyfel, maar sy swyg.

Floris praat nie met Magriet nie, ook nie Louise nie. Hulle is nie noodwendig kwaad vir haar nie, hulle praat net nie. Die boer en sy vrou het geduld en ruimte. Na tien dae sê die boer een

aand dat hulle sal moet begin opruim. Hy gaan veiling toe volgende week en die Merino's moet uit. Wil sy, Magriet nog saam?

Saam waarheen? wonder sy. Wie is Magriet? verskrik haar kop. Affirmative is veilig, onthou sy.

"Ja, dankie."

Die volgende oggend skryf sy vir oulaas in haar boekie: *Jy is Magriet Vos − 'n violis. Jou man was Wim Fourie. Jy het gewoon in Bettysbaai. Dis waar die land see word. 'n Deel van jou hart het daar agtergebly tussen dooie diere en ou fynveld. Jy is besig om jou sinne te verloor want die vergeetsiekte loop in jou familie van moederskant af. Hou koers. Die heerser Albino X gaan jou opstop as hy agterkom van jou kop wat uithaak. Jy het gereeld vir hom gespeel daar by Vergelegen. Hy is oortreffende trap erg. Nou vlug jy noord na jou sibbe aan die voet van die Magaliesberg naby die Wonderboom. Hulle name is Martin Vos, Paul Vos en Stella Artois. Nee, dit is bier. Ek sal haar van later inskryf, ek weet dit begin met 'n 'A'.*

Floris en Louise gaan terug Kaap toe. Hulle weet nie na wat nie, maar dis waar hulle ysveld is.

Magriet se skaapvel is reg, sy moet net inklim. Fleur gee vir haar doepa vir die res van haar pad noorde toe; dawidworteltjie vir vlietende gedagtes, Kaapse aalwyn vir wonde in die algemeen en wildedagga vir lugwegsiektes. In haar vioolkis is daar nou plantmedisyne, Rosin boomsap vir die viool, haar notaboek, foto's van geliefdes en oupa Vos se klein Psalms en Gesange-boekie.

Die oggend van haar vertrek saam met Reinier Wildenboer neem Magriet Floris se gesig in haar hande en soen hom. Hy kan haar nie in die oë kyk nie. Sy oë is op skrefies vandat die aanval plaasgevind het en lyk deesdae altyd half-toe. Louise se vonk is weg, haar hare dof en haar gesig verlep, maar sy sit nietemin haar arms om Magriet en soen haar op albei wange:

“Totsiens.”

Magriet draai om en gaan klim in haar skaapvel. Die skape is reeds gelaai en hulle skuifel ’n paadjie oop vir haar. Die Mitsubishi trek versigtig weg maar sy kan haar twee vriende nie sien nie want sy is dig toegemaak in die karos. Haar ore − soos dikwels vantevore − ’n kompas.



***Skadu vir skape***

Die trok ry skud-skud. Dit is sy en veertig skape. Hulle maak steungeluidjies en soms blêr hulle sodat Magriet na ’n ruk begin saamgesels. Sy raak aan hulle dun beentjies, hulle wieg teen haar aan met hul reuk van wolveld, en sy kry die snuf van die kudde in haar hare.

*“Sheep-track to the mountains, Vergelegen, Somerset-West by Edward Roworth. South African. (1880-1964).”* [26]

Op ’n kol stop Reinier Wildenboer die trok. Magriet hoor stemme maar dit is soos om klank ondergronds te ervaar. Sy hoor hoe die skaapraam oplig en die skape protesteer, dan volg iets wat klink soos ’n dowwe plofgeluid. Sy roer nie. Begin tel: een krokodil twee krokodil drie krokodil . . . na wat lank voel, trek die trok weer weg. Sy is dors, voel die droog in haar keel skor en sluk vergeefs. Water kom na haar toe. Haar gunsteling element waarin sy soveel keer van haar lewe genade ervaar het. Met haar oë toe verbeel sy haar dat sy weer die poele bo in Luiperdskloof deurwaad en dat sy lang teue van die bergwater deur haar lyf intrek en uitspoel totdat sy self deel word daarvan.

Britstown is halfpad tussen haar stede, die twee pole van haar lewe. Die een − ver noord − waar sy gebore is, en waar sy grootgeword het en die ander − ver suid − wat sy noodgedwonge moes verlaat na ’n lewe van byna dertig jaar. Maar waarom is juis die duwwelstoriehuis aan die voet van die Magaliesberg nou so helder in haar kop? Dit is haar eerste grot: die spelonk van onskuld en skuld wat alleenlik deur die buik van haar instrument

tot vergifnis gestem kon word. Was sy ooit bewus daarvan of sou alleen die toehoorders besef het dat musiek as noodhulp kan dien? Is kinders kwytgeskeld? Seker nie.

Hoe verder die voertuig wegbeweeg van Kaapstad, hoe veiliger is sy?

Sy staan saam met haar pa op Ysterplaat-lughawe. Haar ma het gesterf en haar lyk is in ’n eenvoudige houtkis in ’n vliegtuig gelaai en die vlieënier gaan oor Kimberley vlieg − noorde toe − na waar die begrafnis gaan plaasvind. Net sy en haar pa staan daar in die warm son ver van enige skadubome. Ysterplaat was altyd vir haar ’n abstrakte plek anderkant die klankgrens maar op daardie dag hoor sy geheel en al niks. Om die lugmagbasis te bereik moet jy skerp draai uit Koebergweg by ’n huis waar drie blik-Boeings op die dak gemonteer is.

Magriet weet soos gewoonlik nie wat om vir haar pa te sê nie. Hulle swyg albei. Haar pa het die hartseer kyk op sy gesig. Geen vlae wat wapper nie, geen musiek of vername beamptes of lakeie nie. Net hulle. Haar sibbe is bo − gereed om hul dooie moeder te ontvang.

Dit was terselfdertyd die begin van die verbrokkeling van die laaste ‘koloniale’ bewind op die Afrika-kontinent. Daar was nie meer veel om te oes in haar pa se kamp nie en sy mooiweersvriende het dit reeds begin besef en het hul fokus met een soomlose veeg verskuif. Ysskaats, dink sy in die hitte. Hy − altoos te besig om tyd met sy bloedverwantes te spandeer, maar het wel gunste en gawes vir elke Tom Dick en Harry uitgerol terwyl sy haard soos sampioene in klam donkerte moes muf. Hulle stilte was sy prestasie as rederyker − hoe meer woorder hý was, hoe swygsamer húlle. Die viool se stembande het namens Magriet gepraat en haar broers en suster het wonder bo wonder ook elk ’n ruimte gevind vir hulle eie vibrato. Maar hulle dierbare ma – ewig afwagtend vir die gesagvoerder om tuis te kom − het in haar leeftyd die aardbol omsirkel met hekelgaring. Jare na haar dood het daar steeds kartonbokse gehekelde plekmatjies met kriptiese briefies by Magriet opgedaag.

*Tannie Max is dood en jou ma het hierdie vir haar gehekel; ons het gedink jy sal dit graag wil hê .*

*Ons trek na 'n kleiner plek en moes opruim. Gemeen hierdie sou vir jou van waarde wees.*

*Bang die motte begin jou moeder se handewerk wegvreet. Dalk het jy 'n gebruik daarvoor.*

Magriet onthou nou alles wat sy begin vergeet het maar sy dink sy verkies dit om kort van geheue te wees. Dis beter; die vergeetboek. Die gewig daarvan is soveel ligter as hierdie gedagtes wat nou in 'n trop om haar bondel en haar verward laat voel. Kan sy bevestiging kry, is daar iemand wat haar ken? Sy vra een van die skape. Maar skape is fokken dom.

Sodra Reinier Wildenboer die droë loop van die Ongersrivier oor is, begin hy stadig afrat en duskant Graafwater se stukkende piekniektafel trek hy van die pad af.

Hulle is nou uit die visier van Albino X, in 'n streek waar kleiner groepe die leisels hou − vigilantes wat op been gebring is nadat munisipaliteite in duie begin stort het en mense begin saamspan het om dinge weer min of meer funksioneel te kry. Party van die ringkoppe is tegemoetkomend, ander weer militant – tot enigiets in staat, hang af hoe die wind waai. Jy weet eenvoudig nooit.

Reinier Wildenboer voel egter gerus. Magriet is natgesweet en sy voel soos 'n reptiel wat vervel toe sy uit die karos dop.

"Hierso, drink water, ons is nie meer ver van Britstown af nie."

Die veiling word gehou langs 'n ou skouterrein maar landbou-tentoonstellings se dae is getel en daar vind deesdae slegs dan en wan 'n veeskou hier plaas. Daar is slegs 'n handvol boere

wat gaan bie. Magriet word voorgestel aan Saai Naudé wat haar ’n geleentheid sal gee tot by Kimberley. Hy is ’n tweede generasie landbouer en het die plaas by sy pa oorgeneem, was eers ’n argitek en het onder andere assisteer met die ontwerp van die Manuskrip Instituut in Timboektoe. In die tyd toe die Tuareg-rebelle die struktuur begin plunder het, maak hy ’n kopskuif en besluit om te kom boer.

Wat het van die seldsame manuskripte geword, wil sy vra, het iemand die woorde gered? Is alles daarmee heen? Sy swyg egter.

Hy pols haar nie oor haar lewe nie maar wanneer hy haar stip aankyk, voel sy ’n ligte beweging onder haar vel. Sy is heimlik verlig. Saam met hierdie man sal sy kan ry want iets omtrent hom – die blink hoë voorkop dalk − herinner haar aan die fotograaf Roger Ballen en sy hou van Ballen se werk. Die mense in sy swart-en-wit-fotos is ’n album vir karakters uit haar pa se eertydse kiesafdeling.

Daar was arm mense in daardie geweste − Magriet se herinnering aan hulle kom deur haar neus. Wit mense se kaalvoetkinders, hakskeentjies gebars en stofpadbruin. Daar was goeters binne-in hul oorskulpies en die meeste van hulle het nooit toebroodjies saamgebring nie maar dié van hulle met kosblikke het altyd gedeel en dit was vir haar soos die woord *medemens* wat sy by haar ma geleer het.

Toe die Portugees eendag ’n swart man uitsnou, het haar ma hom aangespreek en by die kafee uitgeloop. Sy het nooit weer teruggegaan soontoe nie en sou eerder ekstra myle ry vir groente. Vir Magriet was alles op die aarde ewe sodat ’n skerpioen en die wiskunde-onderwyseres byvoorbeeld op een golflengte was – ’n donkerpers metaalklank.

Witness Mofokeng wat die klipmuur bou en grappe maak met haar pa en Sticks Dlamini wat help met die klein aalwyntjies − hulle pa se plantstokperdjie wat van korte duur was. Alles het gevoel soos een happy family − tot op ’n punt.

In haar tienerjare het sy begin besef in watter vreemde samelewing hulle werklik woon. En dat dit dekades sou neem om die afbakening van Jan van Riebeeck se heining uit te wis.

*Die verkeerdenis. Die helder en teenwoordige gemors van ons verkeerdenis.*

Met ’n dwarsboog tuimel al haar note van die blad af. Die goed wat tóé waar was, word verkeerd bewys.

Sy gaan ry met haar perd Pluto deur die oop veld waar oulandsgras eindeloos pluim, die lug spin wolke en anderkant die Magaliesberg sterf Steve Biko. Dit is ’n naam wat van Port Elizabeth af gekom het om − volgens die owerhede − hier honger te ly vir ’n saak. Maar die man van Kamer 619 word eers later beter aan haar bekend, soos al die ander verhale. Opsie B.

Magriet lei haar perd koud, dan pak sy lusern uit en maak die waterbak vol.

Sy en haar suster het geglo dat wanneer hul pa tot sterwe sou kom, hulle vry sou wees. Hulle het gedink dat ’n verlede met soveel bagasie oornag uitgewis sou wees. Maar dit was nie die geval nie. Toe Ferdinand Vos uiteindelik sterf − nadat hy (amper) ’n vliegramp, twee hartaanvalle en prostaatkanker oorleef het − het ’n verslaentheid oor hulle gekom.

Tóé wou hulle met hom praat, die stories opneem en bewaar, maar die mitologiese figuur het oplaas vergaan.

Dit was anders as toe hulle ma dood is. Die aand in die huis tussen die baie bome, die huis met die swembad waar hulle moeder haar verlamming kon laat dryf op die water, was nou nie meer ’n ouerhuis nie en die swembad het ’n stoorplek geword vir ongebruikte houtmeubels.

Hulle het langs mekaar op die bed in die spaarkamer gelê in afwagting vir die begrafnis die volgende dag. Haar suster het aan haar gesê dat hulle pa die skaduwee was en hul ma die lig, en nou is albei weg.

“Tabula rasa.”

Sy het in haar ouer suster se arms aan die slaap geraak. Stella het altyd geweet wat om te doen. Stella the great responsible one. Stella wie se eie siel wipplank gery het met elke dag op aarde. Waar het haar suster se depressie vandaan gekom? Pille, skokterapie, neurose, senu-instorting, Prozac = hoera! Kalm nagte.

Haar suster onthou veel meer as sý, Magriet. Die goed wat Stella haar vertel het kan sy glad nie oproep nie, dit is ’n folio wat wag vir ’n opdrag. Sy kon tog onmoontlik as kind al so naatloos gewees het soos nou?

Of is dit hoe sy geleer het om nie te weet nie, is dit wat kinders doen? Magriet is nie seker nie want sy is kinderloos. Sy wou nie kinders hê nie en toe sy wel op 39 swanger raak, het sy aborteer. Een naweek van cytotec . . . helse krampe, oor en verby. Wim was in Ierland, by ’n simposium oor die seebodem. Hulle het dit voor sy vertrek bespreek en albei tot die slotsom gekom dat ’n kind hulle lewens net sou kompliseer. Daar was ’n dosyn redes ten gunste daarvan en ook twaalf argumente daarteen. Sy kan egter nie onthou watter motief een gram swaarder geweeg het nie.

*“Christina Landman vra in Beeld of arm mense kinders mag hê. Wat dink jy?*

*Nee, sulke kinders word net 'n las vir die gemeenskap. 20% 222 stemme*

*Ja, vir baie arm mense is hul kinders hul enigste plesier. 25% 279 stemme*

*Selfs die rykes behoort twee keer te dink voor hulle voortplant. Gee die planeet 'n blaaskans.*

*55% 609 stemme"* [27]

Dit is seker beter so want daar is genoeg honger kinders in Afrika. Wanneer mense haar vra oor kinders, dan maak sy die geneties-weemoedige gesig en sê dat sy nie kinders kon hê nie − dit is wat hulle wil hoor. Lieg eerder en hou dinge eenvoudig.

*Op pad na ons pa se vyf-en-sewentigste verjaarsdagviering stop ons by die graf van ons ma. Die grafskrif het vervaag, want Ferdinand Vos het die gunste van een van sy kornuite ingespan vir 'n relatief eenvoudige taak, wat in hierdie geval amper drie jaar geneem het om voltooiing te bereik. Daar was die gebruiklike meningsverskille, want Ferdinand was ontsteld oor die feit dat ons 'n Dylan Thomas-teks gekies het in plaas van iets deur 'n plaaslike literêre ringkop . . . "wie onder die sterre kampeer het saam met oom Ben." Wie gee 'n blou duit om vir kampeerders wanneer verdriet jou omsingel? Dit was 29 April 1996 en die verlies aan ons ma het alles verduister, óók die resiterende karakters uit die vyftigerjare wat hulle strofes onder 'n wanhopige volmaan voorgedra het aan 'n gehoor muskiete. Die intimiderende digters van ons jeug − dood, ons het ander boeke begin lees, met hoofstukke waarin Ferdinand en sy kamerade nie plek het nie. Ons digters beweeg tussen grense, hulle blog en teks sonder konsonante, tuis in 'n onverskrokke nuwe wêreld. In ons sinne begin Ferdinand Vos se refrein ontbind.*

*Tyd met ons ma is beperk; ons bring nie blomme nie, maar omdat sy lief was vir lees laat ons eerder vir haar 'n boek onder die grafkruik. Ek weet dat my een broer by tye daar gaan sit om met haar te gesels. Die opsigter,'n lang SeSotho man met die naam Tshediso Makhetha, het dit een maal aan my genoem toe ek die graf op my eie besoek het. Hy het aan my gesê dat hy die regte werk het omdat sy naam 'vertroosting' beteken.*

*Die plek waarheen ons vandag terugkeer, was eens ons ouerhuis. Eers loop jy onderdeur 'n avokadoboom waarvan die takke mank gaan onder die gewig van al die vrugte, dan volg die bougainvillea gewelf, met lang milddadige lote wat selde 'n snoeiskêr sien. Duskant die voorstoep lê die voëlhok se verweerde fondasie as enigste bewys dat hier eens duiwe gewoon het. Ons betree ons pa se sirkus deur 'n tydelike kroeg wat langs die stoep opgerig is. Die vroeë gaste, hoofsaaklik vreemdelinge, is reeds op hulle eerste drankies. In hierdie deel van die wêreld wag niemand vir 'n Boeing nie.*

*Sticks − ons pa se getroue dienaar − hardloop heen en weer. Hy is self al amper sewentig. Wanneer hy die ou verslete verkiesingsplakkate onder die bome begin neersit, voel ek hartseer vir my pa. Die man in die foto staar reguit voor hom uit met die ernstige blik wat hom kwaai laat lyk. Die W van Wonderboom is al amper weg. Onderboom.*

*Ons pa is bevriend met 'n Joodse wapenhandelaar, wie se aardse wins aan hom die geleentheid van gasspreker besorg het. Dit is nie die teks van ons ma se geliefkoosde skrywer, Primo Levi, of die dialoog van Fiddler on the Roof se mensch nie, maar die ander weergawe, die een waarin ons ma stemloos is. Ons oudste broer lewer die tafelgebed en daarna begin die gaste smaaklik eet aan skyfies Springbokcarpaccio.*

*Sowat 'n halfuur later lanseer Jonathan Goldblatt vanaf die grasperk. Hy moes 'n gesigsontrimpeling gehad het want sy oë staar uit ontaarde kaste wat afstryk na die res van sy profiel se geskiedenis; swak uitgevee net om dit weer te probeer terughaal.*

*Mens vermoed dat Goldblatt sy netjiese toespraak voor die spieël geoefen het; hy is vlot in die verposings en vernuftige insnydings van publieke voordrag. Dinge loop gaaf vir hom, die toehoorders knik en klap op die regte oomblikke. Hy stamel slegs een maal − wanneer hy poog om sy linkerwenkbrou te lig en die dooie senuwee nie wil saamspeel nie − maar die man*

*word nie van stryk gebring nie. Met 'n tydsame swaai van sy regterarm wys hy die pad deur hoofstukke uit ons geskiedenis; vir demokrasie se koeterwaals maak hy sy stem dramaties en passievol, maar wanneer hy die Middeleeue van ons verlede oproep, val die drif tot 'n fluistering. Klein geelhoutblaartjies beland in die botterbakkie op ons tafel en ek kyk na die vrou by die tafel langsaan wat 'n wit sakdoek teen haar wang hou; haar diamantvinger flits in die herfs sonlig. Wanneer Goldblatt afsluit met verjaarsdagwense van 'n heerser iewers op 'n verborge eiland naby Pategonië, dep die vrou die sakdoek sag teen haar oë.*

*Vandag dans niemand nie, ons het gedans toe ons ma geleef het. My oudste broer het verdwyn en ek is oortuig daarvan dat hy besig is om avokadopere te pluk wat hy na afloop van die partytjie aan ons sal uitdeel.*

*Later hoor ek dat Berta vir my pa tong uitgesteek het terwyl hy sy toespraak gelewer het. Hy het vir my suster Stella gevra waarom sy dit gedoen het.*

Magriet wag in Saai Naudé se trok. Die dag is lank en die Groot Gat is nog 254 kilometers ver. Mercurius, Venus, Aarde, Mars, Jupiter, Saturnus, Uranus, Neptunus, Pluto. As sy die nege planete kon opnoem was sy slim. Net dan.

Aan die kant van die veiling se rumoer sien sy die lang skraal man. Hy hou 'n reuse tak vas wat oor 'n klein groepie skape skik vir skadu, nie dat dit veel help nie. Sy jeans is te lank en dit plooi om sy enkels sodat sy voete nouliks uitsteek.

"Sidney!" Sy uiter dit soos 'n noodkreet en skrik vir haar eie stem. Maar dit is nie Sidney nie.

Vir die eerste keer sedert die aanval wonder Magriet waar haar viool is. Sy weet sy behoort 'n viool te hê want sy kan die musiek voel hier onder haar ken, haar hande wil stryk. Maar waar is haar viool? Sy klim uit die trok en begin stap, op soek na haar instrument. Instinktief weet sy dat stap goed is want sy het al dikwels so gestap. Wandelend om die aarde reg te maak, om nie te verlang nie, om aan te hou lewe: dan loop jy.

In 'n klein Franse dorpie Pujols − waar sy een jaar 'n musieksresidensie bygewoon het, was haar verlange na Wim so groot dat sy dit slegs in toom kon hou met stap. Sy het, soos wat sy gewoond was om in haar land te doen, hier en daar 'n blom of loof gepluk wat sy na afloop van die wandeling in 'n vaas in haar studio gerangskik het. Binne 'n paar dae het sy egter begin merk dat hekke gesluit word en kettings oor wandelpaaie gespan word en alhoewel sy selde iemand gewaar het, het die onsigbare surveillants van die Franse platteland haar laat voel soos 'n indringer van 'n Bisantynse buitepos. Sy het deeglik gesnap dat dit 'n boodskap was van die inwoners: "Ne Touchez pas!"

"Never mind watse kak julle in Afrika aangevang het," het sy dan teen geslote hortjies of vlekkelose kantgordyntjies gesnou. Sy het André Gide en Joseph Conrad ingesleep in haar poging tot 'n jakkalsdraai. Aan België en Frankryk het sy in een asem dieselfde spook toegedig. Nie dat enige siel in die dorp haar in elk geval sou kon verstaan nie.

Teen die tyd van haar vertrek het Magriet Vos egter aan haarself beken dat sy na alles 'n dief was: 'n vingerhoedjie hier en 'n pinksterroos daar, maak nie saak nie. Dis plundering.

*"Op 4 Mei 1828 vertrek hy oor die westelike Sahara met 'n karavaan van seshonderd kamele. Sy koers was verder wes as Clapperton se 1823 roete, alhoewel min of meer parallel. Caillie se karavaan het afgeskop in die uitmergelende hitte en eentonigheid van die Tanezrouft, waar*

*etlike dae se reis van put, na karige put afgemeet is. Gaandeweg het omstandighede vererger. Verblind en verlore in 'n sandstorm, was hy oortuig daarvan dat hy sou sterf."* [28]

Magriet sien nie die Ford Torino Cobra nie; 'n rooi 1970-model met 'n swart strook oor die enjinkap. Die bestuurder ry 'n ent verder, draai dan om en ry stadig tot hy amper teen haar is. Hy leun oor om die deur aan die passasierskant oop te maak:

"Klim in, ek gee jou 'n lift."

"Jy kan nie, ek gaan maan toe om my viool te gaan haal."

Hy lag by homself: lekker warhoofdig, die middeljarige Ms Wanted.

Die spoor van Magriet se instink steek vas. Sy draai om en begin loop, al vinniger, terug in die rigting vanwaar sy gekom het. 'n Kind met 'n skaaplam in haar arms huppel verby. Dit is 'n meise van so agt jaar oud met 'n mollige lyfie in 'n rokkie van blompatrone, kort ligbruin vlegsels en rooi wange. Vir 'n breukdeel van 'n sekonde maak sy oogkontak met Magriet en dit voel of die aarde terugkantel op sy as deur die blik van die kind. Sy het sweerlik van 'n koekblik se deksel af ontsnap, dink Magriet en kyk weer terug − net om seker te maak of die kind wel bestaan. Sy is alreeds 'n klipgooi ver.

Magriet beweeg nader aan mense, die motor sak terug. Sy weet sy vertrou nie die vrede nie, sy kan nie uitpluis waarom nie, maar iets knaag aan haar gemoedsrus.

Die veiling is afgehandel en sy verdwyn tussen die boere en hul kuddes.

Saai Naudé is tevrede met die pryse wat sy trop behaal het en gesels nog hier en daar met een van die ander boere voordat hy met 'n vriendelike kopknik na Magriet se kant, aandui dat hy nou gaan vertrek. Reinier Wildenboer stap saam en haal die rugsakkie met die vioolkis agter sy trok se sitplek uit. Met sorgsaamheid plaas hy dit in Magriet se hande.



***Oorlogboom***

Die brief van die kind het hulle bereik ’n maand nadat hulle tuisgekom het. Magriet het saam met Wim aan ’n landskapprojek by Anglo-Boereoorlog-slagvelde gaan werk en daar het hulle haar ontmoet: Renzo Richards van Magersfonteinveld. Sy het aan hulle geskryf dat sy een van Wim se rooi klippe gevind het wat hy al langs die loopgrawe uitgepak het. Sy en haar broer wil ’n toneelstuk vir die televisie skryf en die titel daarvan is *Moordspel*.

Voorts het sy geskryf dat hulle nog nie weer die gedawer van perdehoewe oor die vlakte ervaar het nie. Dit sal seker eers weer spook wanneer die veldslag herdenk word en die doedelsakke alles wakkermaak wat so diep ondergronds slaap.

Sy wou ook weer weet wat die naam van die skrywer is wat die boek geskryf het oor lord Sudden en die lugballon want sy − Renzo Richards − dink haar verhaal kan ook baie goed doen, maar sy sal met die regte mense moet praat.

Die brief was geskryf op een van die poskantoor se briefgramme − liggroen papier met mooi tekeninge van vyf verskillende *Erica*-spesies op die voorkant: *sessiliflora* (groenheide), *ericoides* (heuningheide), *lutea* (geelrys), *patersonia* (mielieheide) en *plukenetii* (spagettiheide) – laasgenoemde vernoem na Koningin Mary II van Engeland se plantkundige Leonard Plukenet (1642-1706).

Hulle het haar nooit beantwoord nie. Magersfontein was toe reeds vier weke weg van Observatory se miernes onder die harthospitaal waar sy en Wim op daardie stadium gewoon het.

Saai Naudé bestudeer haar sywaarts tussendeur die rit.

Sy aanvanklike stilstuipe gedurende die eerste deel van die reis het nou plek gemaak vir ’n monoloog oor onderwerpe soos die weer − die son wat blykbaar elke elf jaar terugkantel van noord na suid en tot gevolg het dat die weerpatrone elke dekade uithaak. Dit tref haar dat hy direk met homself praat en sporadies as respondent reageer. Hy vra of dit waar is dat daar nou te min boere oor is om uit te moor.

“Ja,” antwoord hy homself, “boere is ’n belangrike bate omdat ons voedselversekering simboliseer. Op die end moet almal eet.”

Hy vertel homself dat hy ook mense afgestaan het aan ’n skrikbewind, maar dat ’n boek oor Koning Leopold alles vir hom in perspektief geplaas het. Nee wat − dis maar die natuur − die matriks se morfose. Hy lyk ingenome met die slotsom waartoe hy klaarblyklik kom.

Die winter voordat Wim dood is, was daar erge storms vanaf Calitzdorp, regdeur tot in die Overstrand. Paaie is afgespoel see toe en die Harold Porter moes vir ’n tyd sluit. In Laingsburg het die inwoners asem opgehou toe die Gamka brul. Volgens sommige van die ouer inwoners in hulle streek, was dit die meeste reën wat nog ooit by Kogelberg gemeet is. Slegs die endemiese spesies sou die paal haal en inwoners wat kusvaalbos en wilde kamfer geplant het, moes koebaai sê vir die windskerms waarop hulle so trots was.

Met die snerpende noordwester het hulle snags dig teen mekaar gelê, ingevou soos twee robbe, Magriet se nommer ses voet bo-oor Wim se bergklimvoete en soms, wanneer hulle in die middel van die nag omdraai, het sy ’n stukkie van sy bruin hare om haar wysvinger gedraai en daaraan vasgehou tot dagbreek.

Wanneer sy vir die soveelste keer knikkebol en na ’n ruk wakkerword, het Magriet vir ’n wyle geen idee waar sy is en waarom sy saam met die man langs haar op die oop pad is nie. Sy voel paniekerig. Is dit een van haar broers wat hier langs haar sit, wie is die man? Hy lyk bekend, maar wie is sý?

Die uitveër is aan die werk, lang hale van haar lewe en bewussyn word uitgestrook tot niks, sy voel aan die binnesoom van haar jurk waar Fleur die spits doringnaalde vir haar ingestik het as voorsorgmaatreël, en as dit haar vingerpunte prik en die bloed se seer ’n vorm terugbring, onthou sy.

Saai Naudé sien sy is wakker: “Ons is naby Kimberley, waar presies moet ek jou aflaai?”

Sy maak haar vioolkis oop, en waar bladsy 60 in haar notaboek omgevou is, lees sy van die McGregor Museum, van Brent en die Griekwa-uitstalling en Jane Bayliss.

“Jy meen die een in Atlasweg? Daar is verskeie satelliete . . . Duggan-Cronin, Dunluce House, die Wonderwerkgrot in Kuruman . . . sover ek weet, is Rhodes se ou malhuis maar stil deesdae. Hy het tydens die beleg van Kimberley self daar gebly vir ’n ruk. Daarna is dit omskep in die Hotel Belgrave, maar dit was danksy die weduwee McGregor dat haar man se patrimonium hier kon voortleef.”

Gee hy nou vir haar ’n lesing?

Magriet volstaan by haar voetnotas; dit was tog sekerlik aangeteken toe sy nog helder van verstand was; ’n ware verhaal − en per slot van sake die seinvuur vir haar wankelende skip.

“Goed, geen probleem,” en daarmee baan hy sy weg in die rigting van Belgravia. Hy laai haar af in die verlate parkeerterrein onderwyl hy vlugtig die noukeurige argitektuur van die Victoriaanse gebou betrag.

Wie, wonder sy vir die soveelste maal, het die manuskripte gered van die Tuaregs en waar is die heilige dokumente nou?

Met die wegtrek bepeins hy die Torino wat hy reeds in sy tru-spieëltjie opgemerk het duskant Springfontein.

"Brandstofdief," mompel Saai Naudé voordat hy die Torino en die verlore vrou tot stof verklaar.

Magriet het haar museums verkeerd. Nie dat dit sou saak maak nie, want Jane Bayliss is vyf jaar gelede dood nadat sy van 'n leer afgeval het. De Beers het vir haar begrafnis betaal. Nicolaas Waterboer en die Rehoboth-meisies is destyds opgeraap deur korporatiewe versamelaars wat die verlede inderhaas moes begin suiwer met lippehulde aan die verlorenes.

Stadig beweeg sy om die struktuur, bespied die verandas en rooi baksteenwerk. Koper spitsversierings en gietyster-detail is weggeraap en dit is duidelik dat die gebou se sjarme besig is om te kwyn. Die smet van ontheemdes soos sy, slaan deur die fondasies op en duiwe skeier weg van hulle eie mis.

Sy soek 'n alkoof waar sy kan vertoef totdat sy haar gedagtes weer kan opruim, want Magriet wonder of dit enigsins die moeite werd sal wees om by Warrenton of Jan Kempdorp aan te klop. Daardie paaie het sekerlik reeds doodgeloop? Dis maklik om uit die oog te verloor dat moontlike kamerade verdwyn soos wat jou voorouers se verbintenisse saam met hulle tot niet gaan.

Die priester wat naby hulle gewoon het in Bettysbaai, het vir 'n jaar hier kom preek. Maar Kimberley was te warm vir hom en sy vrou − dit was volgens hom só erg dat sy klavier die kluts kwytgeraak het. Voordat die laaste klanke hul toonwaarde verloor het, het die geestelike

dienaar gereeld Richard Clayderman se deuntjies gespeel, gewoonlik so teen skemer kon jy hom hoor: ’n dubbele straf vir enigeen met ’n goeie oor.

Magriet tuimel weer die dolhuis in, verby haar verstand se tóé deure en af met ’n kronkeling van grys materie. Sy klop aan deure en probeer hulle oopmaak maar hulle is vasgemessel en daar is nêrens deurhandvatsels nie.

Die Torino ry die werf stadig binne met ’n enjin wat klink soos ’n tier − ’n dier wat baie stadig nadersluip. Magriet is aan die oostekant van die gebou onverpoosd besig om ’n opening te soek, alhoewel sy nie ’n snars weet waarom nie. Haar kop is soos die vensters en deure van die historiese gebou − dig met stof wat versamel om die lyste en drumpels.

Wanneer sy om die hoek verskyn, sien sy die rooi gevaar − maar sy voel verlig. Sy weet sy het die motor al gesien want iets daaromtrent lyk bekend, en dit alleen laat haar gerus voel. Haar verklikker is voorlopig buite werking en sy besef nie dat die bestuurder ’n kwaadwillige is nie, daardie kohesie het geskuif. Met die gevoel van verlorenheid in ’n plek waar daar eens bekendes was, is sy bereid om deur die newels van haar bewussyn na enigiets te gryp wat herinner.

Dit noop haar om die man en sy motor in onskuld tegemoet te loop. Hemingway grynslag. Hy vat aan sy voël want hy weet hy gaan haar eers bykom voordat hy haar uitlewer. Hy is al jare lus vir die vrou, het haar al gelooi in resensies omdat sy hom altyd fokken ignoreer maar vandag is die dag wat hy haar gaan spyker. Hy gaan daai pienk tulpie van haar oopkloof en vir haar wys wat klank is. Hemingway moet keer of sy slurp spoeg voortydig.

Die deur is oop en sy val in. Magriet weet sy is op pad na iewers, maar sy weet nie waarheen nie en sy probeer om die malende gedagtes in haar verstand byeen te bring met kontakpunte wat soos fyn koperdraadjies seine moet deurstuur.

Sy is ’n tydkapsule soos die kluis in een van die vertrekke binne die museum. Die datum van die kapsule is 2007 en dit kan eers oor tweehonderd jaar weer oopgesluit word deur die mense van ver môre. Binne die kluis is voorbeelde van hoe die wêreld op ’n gegewe tyd en plek daar uitgesien het: onder andere ’n selfoon, boek met die titel *“How cool stuff works”*, verskeie sade met foto’s van bedreigde plante uit die omgewing, ’n ou graaf, berigte oor stakings wat plaasgevind het gedurende 2007 en ‘uiters’ sensitiewe briewe wat Rhodes aan F.S Philipson-Stow geskryf het.

Met die skerp draai in ’n pad wat na Aristoteles vernoem is, skuif ’n pistool amper by die stukkende kajuit uit en binne ’n oogwink kry sy duidelikheid oor hom.

Sy sal moet kophou. Haar vermoede is dat hy haar gaan uitlewer en sy beter saamspeel totdat sy ’n gaping het.

“Wil jy die flaminke gaan sien?”

Eers bietjie met haar speel, haar tart sonder dat sy dit gaan agterkom. Hy is wel ietwat uit die veld geslaan deur hierdie ommeswaai in haar houding, aangesien sy vroeër kil en afsydig teenoor hom was, maar hy skryf dit toe aan haar benarde situasie wat vir hom toenemend amusant voorkom. Van haar kwynende bewussyn wis hy niks. Ook nie van die feit dat sy nou momenteel helder van gees is nie.

“Dit sal wonderlik wees, ek het al gelees daarvan en wou dit nog altyd met my eie oë gesien het.”

*"Die krom, kort bek van 'n flamink is soos 'n sif. Die voël gebruik dit om kos uit water te filtreer."*[29]

Sy gaan mooi moet onderhandel om uit hierdie storie te kom en sy sal haar varkies op hok moet hou − solank haar geestelike teenwoordigheid tog net nie weer lostorring nie. Praat, dink sy. Praat net en hou sy aandag totdat jy weet wat om volgende te doen, en boweal: fokus. Sy verbeel haar dat sy die viool tussen haar hande vat en onder haar ken plaas met dieselfde toewyding en dissipline wat haar uitvoerings lewenslank begelei het. Dit is haar troefkaart want daar is geen kans dat sy nou gaan tou opgooi nie, hy gaan haar nie fnuik nie. No ways.

Die Torino ry deur die laatmiddagstrate in die rigting van die N12, verby 'n gholfmuseum en 'n plek met die naam Moghulpark. Magriet probeer om met Hemingway 'n geselsie aan te knoop maar dit is duidelik: iets broei by die man.

Hier en daar gaan iemand huis toe, 'n vreemde begrip: huis. Sy sien haarself as 'n mollusk wat in millimeters vorentoe beur terwyl sy koes vir die beweging bo haar kop se tentakels wat sensitief vibreer, slakke kan etlike kilomters aflê in 'n nag: slymerige reisigers benede drome.

Hemingway stuur hulle in die rigting van Warrenton en wanneer Magriet die eerste afstandbord sien, bring dit haar terug na die asiel van die naam wat sy eens geken het. Dis so duidelik − die geborgenheid van 'n jeug waar sy beskut was. Nou betaal sy die prys. Snaaks, daar kom altyd 'n boete. Een of ander tyd. Ons betaal die prys vir ons voorvaders se foute − dis vir seker. Hy ruik vreemd – Hemingway ruik soos 'n dier wat sy terrein afbaken, 'n skerp reuk wat sy nie kan eien nie, dit eet die lug: Muskushert.

Nee, dit is nie 'n goeie reuk nie, hy ruik eerder soos muishondpis. Sy hou haar mond toe en probeer om nie die lug in te asem nie. Om een of ander rede kan sy nie die venster oopkry nie.

“Die vensters kan nie oop nie.”

Sy weet hy lieg want sy het die venster aan die bestuurder se kant dan oop gesien . . . vroeër by die veiling. Sy durf hom nie beskou nie en kyk na die landskap links want hy walg haar totaal en al. Wat kom? Wat kom nog oor haar misrabele pad?

Hy draai links by die Kamfersdambord. Stadig kruie hulle voort in die rigting van die dam, die lug is vuilblou en die wolke is uitgerek soos gomlastiek. Mooi wolke, dink sy, die wolke wat in wye landskappe voorkom, wolke waarin jy kan verdwyn en vergeet van vrees en gevaar.

“Ken jy die Camargue?”

Hy loer onthuts na haar en skud sy kop.

“’n Vriendin van my het amper daar verdrink toe sy nader aan die flaminke wou beweeg. Sodra jy jou voete in daardie water sit, begin jy sink. Regaf, soos lood. Dis ’n vreemde plek, ’n moeras wat wemel van insekte en Europa se laaste sigeuners wat seisoenaal kom eer betoon aan die swart Madonna Sint Sarah.”

Hemingway sê steeds niks maar sy beur nietemin voort:

“Daar was ook die geval van die bul.”

Hulle beweeg nou nader aan die S-vormige eiland waar die rosige vlekke van ’n paar flaminke uitslaan. Op ’n afstand is alles waterverf.

Sal sy hom vra oor die hond in die Groot Gat; of hy weet wat toe van die hond geword het wat daar gered is − maar sy spaar haar praat want haar keel is droog en sy vra of hulle asseblief kan stilhou. Tot haar verbasing bring hy die voertuig plotseling tot stilstand. Hulle kan in ieder geval nie veel verder ry nie want die pad loop dood in ’n sandlaagte. Voor hulle is ’n mankolieke loopplank wat op land begin en ’n paar meter verder in water, die kleur van

groenkwarts, verdwyn. Sy staar na die plank asof dit ’n lewensboei is. Daar is geen ander siel in sig nie.

Voordat Magriet ’n verdere woord kan uitkry of enige skedelsyfers kan maak, het Hemingway na haar oorgehel en hom tuisgemaak op haar skoot. Die gewig laat haar invou. Sy mond is teen haar keel, sy voel die penis wat loswikkel en sy een hand wat haar onderlyf begin stroop.

“Wag . . .  wag asseblief! Kom ons speel buite.”

Sy moet skerp bly en tyd wen om by die dorings in haar sak uit te kom. Hy gee ’n kort blaaskans voordat hy met hernude drif op haar toeslaan. “Ek wag fokken nie ’n minuut langer nie jou bitch! My spier is lankal gebult vir jou . . . lankal, en nou gaan ek jou ry dat jy runnik van plesier. Het jy al ooit so-iets gesien huh? . . .  kyk hier!  −  aanskou hierdie prima cazzo; my simfonie net vir jou.”

Sy wens dit was haar gespaar: ’n onooglike peester wat dwars staan staar haar in die gesig, en aan die een kant daarvan  −  ’n bulterigheid wat lyk soos ’n eelt. Ook die kleur daarvan kan ’n kwaal wees. Voorbode waarsku haar dat as sy nie saamwerk nie, hy haar van kant gaan maak. Sy moet listig speel en bluf dat hierdie ’n kampioen is.

“As ons hier langs die motor op die gras lê kan jy my van agter vat. Kom . . . toe nou. Ek gee vir jou die kruiwa: ’n hoover maneuver. Dis tog ’n groot oomblik, ek meen  −  mens sien nie elke dag so ’n pronkstuk nie.”

Sy kners aan haar ingewande terwyl sy streel oor die vreemde pielkop wat begin drup. Kophou Magriet, kophou . . . hy kyk haar leepoog aan en gee genadiglik toe. Die motorknip klik op soos ’n vonk en hulle tuimel uit.

Sy val saam met Ovid se Daphne en wens dat sy ook in ’n lourierboom kon verander.

Buite die motor . . . vir ’n sekonde, kry sy die kans om die dorings los te wikkel en met elke millimeter krag en vernuf tot haar beskikking bring sy een klein wit spitspunt loodreg na sy nek en deur sy slagaar.

“Woknakwyf!” . . . klap die oerwoord.

Hemingway se nek pols die bloed uit en hy word stil.

Misdaadtelevisie se draaiboek-patologie het moontlik al meer as een mens se lewe gered. Sy het die program dikwels gevolg, meer uit fassinasie met die teerheid van die mens se liggaam as wat sy in die storielyn geïnteresseerd was. Slagaar: one time, en jy bloei binne sekondes dood. Bliksemsnel tree die beswyming in sodat meeste slagoffers nouliks weet wat hulle tref.

Twee Duitse toeriste ry met hulle fietse op die wye grondpad naby Mejane in die Camargue, daar is bulle wat veg in ’n kamp en op ’n manier het een strydlustige bul uit die omheining gebreek en op die een fietsryer − ’n vrou − afgestorm. Haar man, op die ander fiets, het haar te hulp gesnel waarop die kwaai bul hom begin takel het en herhaalde kere in die lug opgegooi het. Met sy horings het hy die man karnuffel en deurboor − ongeveer twintig keer in totaal. Ten laaste het die bul met flakkerende neusgate bo-op sy slagoffer gaan sit en stoom afblaas − ’n segeteken.

Die eienaar van die plaas waar dit gebeur het, het glo gesê dat hierdie soort voorval maar skaars is.

Totaal voos en lendelam bly sit Magriet en probeer uitwerk wat om volgende te doen. Moet sy hom probeer afsleep na die water, nader aan die flaminke sodat hulle op hom kan aas? Sy

luister na die blosende voëls se kakofonie. Is die klank deesdae anders omdat daar soveel minder van hulle is, is die klank kleiner, het die klank gekrimp? Sy twyfel, want die gebrei van vlieënde donkies kom by haar op soos wat dit snater en krys.

Klank − wat is klank, sedert die aanval in die Molteno-pas kon sy nog nie weer haar viool bemeester nie, die een keer wat sy probeer het, het daar iets bitter opgeklink.

Luister sy nou anders? Is klank alomteenwoordig? Is God klank? En demone − watter vorm is hulle vokale, want sy is seker daarvan dit is hulle wat klank verniel.

Die skok lê op ’n ander plek, óf sy het bloot net nie die kapasiteit om dit te voel nie. In ’n allergoor kondisie word sy voortgedryf deur haar volgende greep om oorlewing en sy begin instinktief deur Hemingway se sakke voel na iets waardevol; ’n geskeurde Madiba peul uit sy gatsak.

“My skip het ingekom. Ek het vyftig rand en ’n kar.”

Sy kan Hemimgway nie roer nie, hy weeg beslis veel meer as sy. Beste om haarself so spoedig moontlik uit die voete te maak. Sukkelend kry sy die motor aan die gang, maar sy is in trurat en skiet met ’n rukbeweging terug, oor een van Hemingway se ledemate. Dit gee aan haar die idee om hom onherkenbaar gelyk te maak en sy ry ’n paar maal heen-en-weer oor hom terwyl sy terselfdertyd die motor onder die knie kry.

Dan draai sy die Torino se neus terug na Warrenton, in die rigting van die laaste bekendes wat met ’n bietjie geluk nog daar woon.

Die Jansens se huis lyk bra stil en daar is net ’n flou lig wat in die een voorste vertrek brand, maar Magriet klop nietemin. Na ’n minuut of twee klop sy weer en dan hoor sy ’n geskuifel,

gevolg deur die geluid van iemand wat swem. Vreemd, dink Magriet. Sy oorweeg omdraai. Maar dan word die deur oopgemaak en ’n vrou wat jou werklikwaar soos ’n vis lyk, kyk haar met enorme oë aan. Magriet deins terug. Kan dit al pampoentyd wees?

Die vis-vrou wat ’n silwerblink katpak dra, staan in ’n klein plas water − kaalvoet. Sy is poenskop en die dowwe lig maak ’n skynsel daarop sodat dit reflekteer. Magriet probeer sien wat op die blink hoof skyn, maar dit ontwyk haar telkens wanneer die amfibiese wese praat en haar gesig na die kant toe draai sodat sy ordentlik oogkontak kan maak.

Magriet verneem dat Bella Jansen se man ongeveer vyf jaar gelede oorlede is, waarna sy en Hildagonda verhuis het na Bloemhof, waar hulle deesdae die Nessun dorma-gastehuis bedryf.

“Ek luister deur die grapevine dat dit ’n oulike plek is met ’n baie mooi tuin . . . die Jansens het mos sulke groen vingers, hulle hoef omtrent net na iets te kyk en dan rank dit.”

Alhoewel dit donker is, sien Magriet nie juis tekens hiervan in die omgewing wat die Jansens agtergelaat het nie.

“Hoe ver is Bloemhof van hier?” wil Magriet weet.

“Man, ek sou sê omtrent eenhonderd kilometers. Mens kan dit binne ’n uur doen.”

Nie met my geskiedenis nie, tante Galjoen, sluk Magriet binnensmonds.

Hulle bly so staan en gesels op die nat drumpel want dis nie soos vanmelewe dat jy ingenooi word en verversings aangebied word nie.

Magriet groet, en draai traag om by die gedagte dat daar aan die einde van hierdie noodlottige dag ’n verdere skof vir haar voorlê. Nóg ’n uur se ry met die skip waarvan sy teen die volgende dag sal moet ontslae raak, net in geval. Dit sal ’n ruk neem voor die insekte Hemingway aftakel en die kans bestaan dat hy gevind gaan word voor daardie tyd.

Sy weet wel dat sonder ’n stewige handskud, rus speurwerk − soos soveel ander goed − roerloos in die weegskaal.

Snags kruip Kafka se ongewerweldes in hul gate; die insekhotel se deurtjies gaan toe en vlerkies word gekruis. Wás sy ’n insek, dan kon sy haar losies kies uit ’n groot verskeidenheid van opsies. Bloedwurm se lêplek is besoedelde riviere, oorkruipers soek blaarvullis, heelwat van die ordes is tuis binne boombas of dieper die jaarringe van ’n stam in. Party versamel in saailande, tussen suikerriet . . . onder klippe. Jy sal nie weet hulle is daar nie.

Ruggraatlose sonder gelyke: die hakajee (agtergeblewene uit die Juratydperk wat vanaand veilig spin tussen kooigoed aan die voet van Blesberg).

Sy is nie in staat om een kilometer verder te ry nie.

Die kerktoring spiraal ’n veilige hawe met die steierwerk wat sy van kleins-af ken − as sy hier slaap behoort sy ongedeerd te wees. Sy bondel haarself op die agterste sitplek en teen alle verwagtinge slaap sy diep. In die land van doer speel Nick Cave “Into my arms.”

Sy droom: Magriet en Wim ry op ’n grondpad iewers, dit is somer, baie warm. Hulle het te veel wyn gedrink, of altans Wim het te veel wyn gedrink en sy is vies vir hom. Sy bestuur. Hulle sien die slang voor in die pad − omtrent twee meter lank − en ry stadiger; die slang is al amper oor die pad, net hier langs hulle . . . onder op die grondpad besig om weg te seil.

“Boomslang?”

“Nee . . . Kobra,” sê Wim.

Hulle staar in vervoering na die reptiel. Magriet wonder of sy hart in sy keel klop soos wat ’n mens s’n soms doen. Dan ry hulle stadig weg. Hulle het skaars weggetrek of sy sien die

aankomende bakkie in haar truspieëltjie. Twee vrouens staan agterop. Die een is lywig, die ander een skraal, en die bestuurder van die bakkie word aanvanklik verskans deur die refleksie van die voorruit. Sy sien hoedat een van die meisies ’n baksteen optel en na die slang gooi. Nog ’n baksteen volg. Waar de hel kry hulle die bakstene, wonder Magriet. Bouers? Sy bring die voertuig tot stilstand, ry ’n ent in trurat, spring uit en begin op hulle skreeu: “Julle barbare, los die slang uit! Waarom wil julle hom doodmaak? Hou op, hy het niks aan julle gedoen nie . . . hou op!”

Hulle kyk geamuseerd na haar, dan spring die een vrou af en begin met ’n stok na die slang slaan. Die reptiel moes reeds seergekry het, want hy kom nie regop en maak breë bak soos wat hulle gewoonlik doen onder bedreiging nie.

“Kom nou Magriet, dit help nie. Laat ons ry.”

Sy klim terug in die voertuig, naby aan trane. Die bakkie ry verby, met die bestuurder, ’n buksie wie se kop net-net bo die stuurwiel uitsteek. Die vrouens dra donkergroen hemde met ’n soort embleem daarop, dit laat Magriet dink aan gholfhemde. Sy het ’n weersin in gholf.

Sou mens met hulle kon gesels en vra waarom hulle die behoefte gehad het om die koperkapel dood te maak, sommer net so . . . nie vir saamvat om toorgoed of trofee nie, maar die bakkie verdwyn uit sig en hulle wag vir die voertuig se laaste stof om te gaan lê.

“Fokken addergebroedsels, daar gaan niks oorbly nie, niks. Hulle gaan die slang nie eens eet nie, het dit net doodgemaak omdat hulle kan.”

Iemand klop aan die venster. Sy dink eers dit is ’n voël wat die maat van sy refleksie in die glas soek. Haar oë gaan geleidelik oop tot by die kerktoring, gevolg deur die res van die struktuur, sy voel verward en dink dat sy laat is vir iets . . . ’n opvoering dalk?

Dan begin die gapings invul . . . stadig kom die vokale en die konsonante en hulle het vorms, party is perdjies op water, ander is monsters met rooi horings en daar is ook paragrawe. Hierdie een is ’n uitroepteken, ’n baie harde klank wat skril maak, ’n viool met meer snare as wat die instrument kan hanteer.

“Goeiemore . . . kan ek dalk help?” vra die uitroepteken.

Albino X se tweelingbroer, sweerlik! Haar hart is ’n skeur wat vrees. Teen die motorruit leun ’n lang skraal figuur in swart geklee met ’n poeierwit gesig wat onder die swart bolhoed flits. South African Gothic, dink Magriet. Hel! Hulle het haar kom arresteer, maar nee . . . sy sien niemand anders nie − dis net die swart-en-wit sprinkaanagtige man.

“Skuustog, ek moes aan die slaap geraak het. Ek het kennisse op die dorp kom soek maar hulle woon nie meer hier nie en ek was laasnag te moeg om verder te ry. Ek maak summier aanstaltes, jammer.”

Die vreemde man frons en vertoef nog ’n paar sekondes voordat hy met ’n benerige vinger drie maal aan die glas tik. Hy sê niks, lyk opeens ingedagte: “Nou ja, voorspoed dan met u reise. Totsiens.”

Magriet skuif regop, vryf deur haar hare en voel aan haar gesig, stryk ’n wysvinger oor die frons tussen haar oë. Sy vermy die spieëltjie want sy glo dat sy sal steier as sy haarself daarin moet sien. Die realiteit spoel in − ’n winterrivier − en sy wonder of daar ’n kans is dat die vreemde man enigiets vermoed, enigiets waargeneem het. Sy klim uit die motor om haar lyf reg te buig en merk die fyn bloedspatsels regs voor. Die man sê niks verder nie, knik onverbiddelik, draai om en verdwyn geruisloos. Is hy dalk die Galjoenvrou se eggenoot?

Time to go. Big time. Klokke begin waaragtig luier vanuit die toring en wanneer sy opkyk, sien sy hom daar staan terwyl hy die tou ritmies op en af werk. Hy het hels gou daar bo uitgekom.

"Rave on John Donne, rave on."

Die brandstofmeter werk beslis nie meer nie, lê al vir te veel myle op sy rug. Sy neem 'n kardinale besluit om eenvoudig aan te hou ry tot die ding gaan staan en sal dan dienoorkeenkomstig 'n ander plan beraam. Rigting Bloemhof en die moontlikheid om die Jansens op te soek al dan nie. Sy behoort so ver moontlik aan te skuif, wie sê sy kan hulle ooit nog vertrou? Mense het verander. Sy moet uit hierdie kontrei kom.

Die motor besluit vír haar toe dit 'n ent na die laaste verrineweerde afstandbord spoeg . . . ruk en teen 'n helling aan die padskouer tot stilstand kom.

Magriet reken sy is minstens so vyftig kilometers buite Bloemhof.

Sy skraap haar besittings bymekaar − die vioolkis wat sy op haar rug dra − en begin stap.

Wanneer die wit lykswa langs haar stilhou, kyk sy twee keer. Dis 'n vrou wat bestuur. Sy is van die Kongo en hulle kan dus kommunikeer. Magriet se Frans is van so 'n aard dat sy aan die 'lykbesorger' verduidelik dat sy dankbaar sal wees vir 'n geleentheid tot op Bloemhof.

"Souhaiter la bienvenue."

En stel haarself bekend as Solange.

Solange is op pad na die *Score* Supermark en dan na Boitumelong aan die westekant, maar sy sal haar aflaai by *Prince*, dis wanneer jy die dorp binnekom.

Vir Magriet klink dit goed.

Magriet is welkom om saam te eet, knik die vrou na die plastiekhouer wat op die ratkas balanseer: pap en sheba, Solange eet sommer so in die ry, met vetterige vingers wat vleg tussen die stuurwiel en die ratkas en Magriet laat nie op haar wag nie. Die sheba se umami is in die kol − soos wat Witness dit altyd gemaak het vir middagete daar by die klipmuur.

Wat ’n gesellige karakter, dink Magriet, maar sy hoop net nie hier is ’n Catch-22 iewers tussen die blink klippies nie: een aan elke vinger, wat dit onmoontlik maak om mis te kyk met die stukkies pap wat tussen die steentjies begin vassit.

*“Ons het 220 stukkies diamante herwin wat hy ingesluk het na sy arres.”* [30]

Posduiwe wat nie verder kon vlieg nie vanweë die blougrond wat om hulle bors vasgebind was, inplantings binne die skeersnit van ’n motorband, tandstopsels, ’n anus wat skeur.

Hét die Sultan van Brunei se broer twintig miljoen dollar betaal vir ’n diamant so groot soos ’n rosyntjie? ’n Man is onthoof vir tien miljoen meer.

Oor die draadloos het sy een maal gehoor hoe ’n deskundige praat van die atoomkrieseltjies wat gedissekteer word soos die menslike liggaam; “you open up a diamond like you open up a human being for surgery.”

Wim het een keer aan haar gesê omdat die maan koolstofhoudend is, is die kanse goed dat daar volop diamante sal wees.

Sou dit ongehoord wees om vir Solange te vra of die voertuig dit ooit tot by ’n teraardebestelling maak en of hierdie eintlik haar privaatmotor is wat geheel en al niks met kadawers te doen het nie? Dalk − indien die reis langer was en die taal minder misverstandig.

In Bettysbaai het sy haar hare laat sny by ’n vrou wat aan haar vertel het hoe die ondernemers haar broer se enkels moes breek sodat hy in ‘die krat’ kon pas. Die familie se begroting was beperk en hulle kon nie ’n kis na sy lengte bekostig nie. Elke keer as sy haar hare laat sny het, het sy die volgende episode gehoor: fyn besonderhede van die motorongeluk waarin hy dood is, is met elke girts aan haar geskets. *Scissorheads* is ’n plek wat sy later begin vermy het.

Nie een van hulle praat oor die ellende in hul onderskeie lande nie, ou nuus. Elke moontlike troop is reeds gedelf deur woekeraars: foto’s van kindersoldate verkoop vir miljoene rande in sjiek kunsgalerye in New York en vlugtelinge se gesigte ween in vergulde rame by veilings in Constantia. In Blikkiesdorp pronk *Vogue* agter Instagram se deurweekte lewensbeskouing: eksoties, onbekend, onweetbaar − die hedendaagse modegek se fatsoen vir die Westerse verbeelding.

Hulle groet by die vulstasie in Princestraat en Magriet begin haar soektog na *Nessun dorma*.

’n Wit petroljoggie: “Nee, dis heeltemal aan die oostekant van die dorp, daar naby die dam en seker ’n uur se stap. Gaan hier af, dan draai jy links in Voortrekker, regs in Burgerrecht − jy sal die hospitaal sien aan jou regterkant en twee strate verder links.”

“Walk in the park,” prewel Magriet wanneer sy Skietbaanstraat bereik.



***Blomboom***

Vir ’n dorp in Noordwes sien Bloemhof daar goed uit. Welke deurvaarders sou daarvan kennis dra dat die plek vernoem is na die spruit van ’n man wat die ramp van die HMS Birkenhead oorleef het? Bloemhof – die vesting van John S. Barclay se naamlose dogter, wat met haar liefde vir blomme die gemeente se aandeel in die paradys verbeter het.

Die kern is steeds boomryk; akasias en kalahariveld aan die buitewyke, en ’n reservaat met verskeie wilde diere wat wie weet nog bestaan.

As kinders is hulle hier deur op Kersbesoek aan hul grootouers. Waar sou die sneeuvenster nou wees?

*“Die sipres het ’n fassinerende geskiedenis wat terugdateer na die antieke Egiptenare se gebruik van die duursame hout vir mummiekiste. Ook die Grieke was aan die bome verknog en het die hout gebruik om ashouers te maak vir gesneuweldes op die slagveld. Nóg meer sinryk, is die feit dat Plato se wette gegraveer is op sipreshout omdat daar geglo is dat dit meer bestendig as koper sou wees.”* [31]

Sipresse wat kunsblomme dra: deurweef, elke soort plastiekblom wat nog ooit in ’n begraafplaas beland het, is nou hier, besef Magriet as sy voor die huis staan. Swartoognooiens en purperwinde rank rojaal deur die skeletbome se blaarnetwerk en tussenin is groter blomme soos daglelies afgewissel met sterdahlias en krismisblomme: alles onverganklik binne een nimmereindigende seisoen te veel.

Tussen die bome gewaar sy die vrou met haar androgene onvergeetlikheid: Hildagonda − jongste dogter van die Jansens wat eens op ’n tyd hul ouma se varkore met klappers in die lug opgeblaas het.

Die enigste ding omtrent haar wat verander het, is twee lang vlegsels − nou grys − wat teen haar skraal gesig afhang. Hildagonda is onberispelik geklee in ’n donker hemp met ’n kragie wat tot bo toegeknoop is. Sy dra wit polshandskoene en ’n noupassende broek met groen kolletjies daarop.

Wanneer sy opkyk en vir ’n oomblik verstar, vlinder haar oë en dan skiet haar hand onwillekeurig na haar mond: “Magriet!”

Met een woord spoel die vrou wat besig is om te vergeet, se hele lewe weer vir haar oop.

Die goeie herinneringe dryf na bo soos die blare van die wilgers langs oupa Spaas se plaasdam, alle skuld en vrees en verlies dryf na onder, net die klank van hulle as kinders in ’n land op hul eie eiland. Húlle − buite die grense van beperkinge, gevrywaar danksy hul witterigheid. Die tjap! Dae van speel, terwyl ander se hande geknoop was.

*“Umlungu: A Zulu word used in South Africa, meaning ‘White person’. Originally it comes from the white foam that collects along the shore on the beach.”* [32]

Eers later, by herhaling, sou hulle besef hoe integraal stigma deur die vesel van hulle landskap geweef is. En hoe maklik die skeringdrade kan lostorring.

Hildagonda omhels haar.

“Jy kort tee skattebol, ek kan dit sien.”

’n Kragie, ragfyn − met paisleypatroontjies daarop − omboord die swart hemp wat Hildagonda dra.

*Ode an die Freude*; Beethoven hard en duidelik − *Allegro ma non troppo, un poco maestoso.*

Soms laat die onpeilbaarheid van musiek mens huil, nes Magriet Vos nou wil huil van verligting en die gevoel van behaaglikheid wat haar oorweldig − maar sy vind dat sy nie eers een traan kan uiter nie. Die huil-afdeling is toe. Soos met Louise.

*“Daughter of Elysian, we tread thy sanctuary.”* [33]

Hildagonda se metgesel staan versigtig nader en kom groet. Die lang, skraal man se oë is deurskynend en rastalokke is op sy kop vasgeswiep soos ’n soort bolla. Wanneer hy Magriet se hand neem, vou die skraal vingers bestendig tot om haar polsslag. Onder sy linne-mou klim ’n gaasvlerkie uit.

“Die outjies word dikwels saam met blomme van bome afgewaai. Jens Aveling, bly te kenne.”

Verby die sipresse se kunsmatige tooisels bestaan die res van die tuin uit plante van bloed en vlees maar die struktuur van die tuin is buitengewoon – Derek Jarman se soort plek − vetplante wat spiraal en skrootbeeldhouwerke opgerig langs kronkelpaadjies bestaande uit ’n verskeidenheid van organiese materiaal. Hildagonda is klaarblyklik verknog aan syselbos: Jens se kykers.

Hulle drink tee en hulle praat. En soms versink hulle in stilte.

“Hoe gaan dit met jou ma, Hildagonda? Ek was onder die indruk dat sy hier woon saam met jou?”

“Sy is laas jaar oorlede – Alzheimer’s.”

Middagete is gesonde goed − vars van die tuintjie agter die huis.

“Hier is jou kamer Magriet. Maak jouself tuis. In die middag lees ons.”

Op die bedkassie is ’n stapel boeke; *Rikki-Tikki-Tavi* van Rudyard Kipling, *Die mooiste Afrikaanse Sprokies* asook ’n paar van *Kuifie* se avonture. *Die haaie van die Rooi See* was Wim se gunsteling. Magriet tel die Afrikaanse Sprokies op. Dit is haar ma se handskrif voorin: *Vir Hildagonda − met jou tiende verjaarsdag, van die Vos gesin.*

Sy begin lees op bladsy 96 . . . “*Jakkals vertrou sy eie vrede nie.”*

Die huis word stil tot voor skemer. Klokslag om ses hoor sy Harvey en Cave se moordballades iewers in die huis afspeel.

Daardie aand bespreek hulle die opsie vir Magriet om die volgende dag saam met Jens tot op Krugersdorp te ry waar hy in die week by die Walter Sisulu Botaniese Tuin werksaam is. Vanaf Krugersdorp is daar taxi’s en busse wat haar binne ’n dag tot by haar bestemming sal kry.

“Jens besoek my net soms – gewoonlik oor naweke.”

In die kamer streel sy oor skoon linne . . . aandlug dra die reuk van verbleikblomme.

Magriet gaan op haar knieë. Sy maak haar oë toe, vou haar hande saam − soos toe sy ’n kind was en leer bid het − en daar sit sy vir ’n lang ruk omdat sy met God wil praat − maar sy weet nie wat om te sê nie.

*“No snow is there, nor heavy storm, nor ever rain.”* [34]

Die goedheid, waar kom dit vandaan? Dalk haar voorouers se geeste wat haar nou beskerm, want selfs die bloed aan haar hande lê nou buite haar vingerspoor sodat sy nie kan glo dat sy geen skuldgevoelens daaroor het nie, maar eerder ’n abstrakte gevoel van bevryding.

Droom: Daardie aand droom sy dat sy terug is in Nuweland, in die groot historiese huis.

*“1838-1940 The house is reduced in size by the removal of portions of the service wings.”* [35]

Haar ma is verlam maar sy is nie verlam nie. Hoe werk dit? Dit is ná die reën en het iets te doen met oorstromings − het hulle die vorige aand van die groot reën gepraat, haelkorrels soos tienervuiste? Die imposante eetkamer met muurspieëls waarin jy oneindigheid kon sien, is oorgroei van indringerplante, die vloere het begin lig en mure skilfer af van die jare se verwaarlosing − Magriet en Wim staan in die eetkamer en staar daarna.

Dan is hulle eensklaps besig om aan iets te werk in ’n buitekamer. Wie arriveer? Is dit haar pa en die vrou wat soos ’n perd lyk? Watter persone sit almal daar by die lang tafel noudat haar ma verlam in die hospitaal lê . . . gatkruipende nagbrakers.

“Ek het Olusegun Obasanjo gered, ék.”

Almal aan tafel hou op eet en staar hom vebysterd aan. Hy vertel aan hulle die verhaal van hoe hy die Nigeriese leier uit die tronk gekry het en dat dit in alle waarskynlikheid sy lewe gered het. Dit was die vorm van gesprekvoering; hy praat en ’n gehoor luister.

Maar wag, hier kom haar ma nou, sy is besig om die vertrekke vir die dronklappe in te ruim en sy beweeg op ’n motorstoeltjie wat spesiaal vir haar gemaak is . . . sy kan loop en sy kan nie loop nie, hoe werk dit nou? Is dit moontlik?

Die motorhuis is ’n werkswinkel waar bote wit geverf word, daar is twee swart mans besig om die verf in hoë-kompressie spuitbuise aan te wend. Wie is die vreemde, onaantreklike vrou wat op ’n ronde pienk stoeltjie sit ? Dit is beslis nie haar ma nie. Haar ma was altyd mooi, selfs na die pyn en vernedering. Hierdie vrou is so oorgewig dat haar lyf oor die stoel hang. Sy dra ’n rolhals-gedoente wat baie styf pas en vra vir Magriet om dit toe te rits aangesien dit agter oop is. Maar die rits is reeds in haar vel ingegroef en die rok kan nie toe nie. Heet die vrou Tundra? En al die ander vreemde mense, waar kom hulle vandaan? Hulle hou aan om die vertrek in te stroom en die kaartjies wat hulle in die lug hou is vir die Jim Rose Circus.

Nou stap iemand by haar ma verby en die persoon sê vir haar ma hy het net kom kyk hoe oud sy geword het. Sý, Magriet, gaan hom vind sodra sy uit hierdie droom uit opstaan en dan gaan sy die vark se tong uit sy keel ruk sodat hy nooit weer een enkele woord kan uitkry nie. En sy gaan sommer ook die verpleegster uitsnuffel wat vir haar ma toegesnou het dat ’n verlamde persoon nie pyn kan hê nie.

Soveel eienaardiges wat saam met hulle pa in die maalstroom beland het − Lollapalooza. Wat het van daardie mense geword? Stella het op ’n dag uit die bloute laat val dat daar maklik kindermolesteerders en waansinniges onder hulle kon gewees het. Maar Ferdinand Vos se

groupies was meesal manteldraaiers en kroeglopers, skouer aan skouer by die kattebak van sy Mercedes se reisende taphuis. Dooswyn en Johnnie Walker.

Die droom hou aan aan. Daar is bewysstukke van 'n opsetlike vloed in die Kompanjiestuin en die skuldiges moet opdok want hulle het nie hul werk gedoen nie. Terwyl Wim die bewyse voor 'n komitee motiveer, word die een pleitstuk waar − vanuit die foto se oogpunt begin die water vloei en skanse breek (dit gebeur vinnig) sodat almal in die vertrek verdrink . . . die Birkenhead?

*"Women and children first."*

Maar wat wás die naam van Barclay se dogter − het Magriet dit perdalks as 'n kind geweet?



## Versteende boom

Verder weg van die Kaap, al verder weg. En die ruimte tussen haar grootvaders se plase lood haar in ’n templaat. Die een stuk ougrond lê reeds agter haar, die ander hier iewers – vorentoe. (Dit was die onbetwiste uitspraak van die Suid-Afrikaanse skilderes − dogter van Griekse immigrante; haar skilderwerk wat steier onder die swaar verf, soos oormatige koeke − dat jy nie kan onstnap van jou kultuurkodes nie, en noodwendig ’n gevangene daarvan is). Magriet wou van haar verskil omdat sy gehoop het elke mens is in staat tot wêreldburgerskap − oral tuis sonder om noodwendig spesifiek te wees. Die vrou se medium het op ’n stadium geskuif na die populêre verhaaltrant van videokuns wat sy ingespan het om haar solidaritiet met Tsafendas te smee − ’n foutlose troop op presies die regte tyd.

Oupa Spaas se landskap was toegeeflik, seker omdat daar meer water was − vanweë die Vaalharts-waterskema. Hulle vriende was Boere-Jode en sendelinge en haar ouma het bruidsrokke gemaak. Oupa Spaas kon hipnotiseer.

Ferdinand Vos se ouers daarenteen, was blootgestel aan ’n minder inskiklike kontrei. Sou hulle werklik grootgeword het met straf soos om vir ’n dag lank in streepsakke aan balke in die son te hang as hulle stout was? Of wat van oer-oupa se verhaal oor tant Martha van Niekerk, die vrou van kommandant Louw van Niekerk van Groot Marico:

*“Hulle het op Doringkraal gewoon. Wanneer sy agterkom dat die vyand besig is om haar werf te nader, het sy gereeld met die kinders teen die ruie rant vlak agter die huis uitgevlug en tussen die digte bosse weggekruip. Op ’n sekere dag het dit weer gebeur maar klein Louw, haar jongste seuntjie van skaars twee jaar oud huil aanhoudend, totdat sy moeder naderhand*

*uit radeloosheid en uit vrees dat die Engelse hom sou hoor, begin plan maak het om hom dan maar teen wil en dank keelaf te sny, want sy het geredeneer dat dit beter sou wees om slegs een outjie af te gee as om almal spoedig in die kamp 'n gewisse hongerdood tegemoet te laat gaan."* [36]

Die uiteenlopende landskappe maak mens anders binne, en min reën maak droogte in jou hart. Mislukte oeste, 'n loopbaan wat nie die verwagte uitkoms had nie, die verkeerde bondgenote.

Tyd werp mens uit soos afval van skaapslag.

In die voorportaal van oupa Herman-hulle se huis was daar 'n foto van 'n man met sanna in die een hand en reuse sprinkaan (wat soos 'n rooibokkie onderstebo hang) aan die ander hand. Al die kinders het lank geglo dat dit die rede vir hul oupa se mislukte oeste was. Een sprinkaanplaag na die ander. Maar die prent was 'n kaskenade van een van sy broers.

Oupa Herman was nie 'n goeie boer nie − want anders as oupa Spaas − was dit nie sy ware nering nie.

Magriet kom al nader aan haar ontstaan en die geografie is saam met haar siel gekarteer: Stilfontein, Welverdiend, Khutsong.

Naamplate op die pad na Wolmaransstad/Tswelelang. Alles hier het ten minste twee benoemings. En die toponimie verander steeds soos wat helde skim en kwyn. Blokkiesraaiselwêreld − en woorde wat Albino X nêrens kan opsoek nie.

Hulle pa se jongste broer, oom Ben, het vertel hoe hy naby Sendelingsfontein (81 kilometer duskant Wolmaransstad) met ’n likkewaan baklei het en dat hy meer as ’n uur lank in ’n worstelstryd was om die gedierte dood te kry. Oom Ben het die spartelende dier selfs op ’n keer gebyt, en op die ou end het hy die reptiel doodgeskop.

Jens praat oor ’n Kristalskip. Dis waar hy sommelier geword het en waar hy met sy kennis van wyn die biljoenêrs se vaart nog meer verkwiklik kon maak. Die Silikoonvallei se tegnologie-adel. (“Fuck you, money,” volgens haar niggie Berta wat daarvan droom om in Elon Musk se Dragon V2-kapsule op te styg).

Wat skuil daar nou? Die wit perde van die ou Mobil Garage wat die halfmerk tussen die bo-dorp en die onderdorp was: waar sy geleer het dat alles nie altyd vir almal dieselfde is nie en honger ’n mislike persoonlikheid het?

Moroka ompad, links . . . hy vertel haar van die passasier, ’n rykmansvrou wat wou weet waar die skip se personeel dan slaap?

“Is daar ’n plek hier naby waarheen julle snags verdwyn?” Waarop die kelner haar grappenderwys ingelig het dat daar altyd om middernag ’n helikopter op die skip se dek land en hulle almal dan neem na ’n hotel daar naby. Die vrou was merkbaar geïmponeer want sy het die volgende oggend by die bestuurder gaan kla oor die motore van die vliegmasjien wat haar uit die slaap gehou het. Die kelner het sy werk summier verloor.

“Ek het my siel altyd in ’n boksie gebêre voor die volgende vaart, sodat die obsene rykes − meestal Amerikaners – nie daarby kon uitkom nie. Die Meksikane was egter die ergste.”

Sy sien Diego Riviera voor haar. Ook beskuitjie-prinse: *Zoo* biscuits, jy het altyd eerste die diertjie afgeknaag met jou tande. Partymaal nie eers die hele beskuitjie klaar geëet nie. Renosters wat op koekies kon krimp en so kon wegkruip − was dit maar! Die kleinste kinders wat hulself onsigbaar kan maak sodat geen kwaad oor hulle kan kom nie, was dit maar moontlik.

R28, Westonaria, Toekomsrus, Randfontein, Krugersdorp. Rant-en-dal.

Hier iewers staan 'n huis waar hulle een Kersfees vir middagete genooi is. Hulle ma het nie meer geleef nie. Onder die genooides was drie Indiese vegetariërs, twee vreugdelose Russe en 'n Duitse vrou wat stollen gebring het. So halfpad deur die gekuier het Ferdinand Vos die hele onaangeraakte stollen in servette toegevou en in sy motor gaan bêre. Die gaste was stomgeslaan.

Sy en Wim stry oor die mossies wat nes maak onder die sinkdak by die voordeur. Wim mor al lankal daaroor en elke keer het sy gevra hulle moet net asseblief wag totdat die kuikens uit die nes is, dan kan hy die huisie afbreek.

In die tyd van *Facebook*:

Kwik Badenhorst kom krap haar om – ná al die jare. Hy gryp haar terug na dáárdie tyd. Simpel *Facebook*.

"Noudat ek oud word het ek die behoefte om als weer nuut te maak."

Knock yourself out, dink sy.

Aanvanklik is sy onthuts, eintlik geïrriteerd dat hierdie man wat basies 'n vreemdeling was, haar na al die jare deur middel van sosiale netwerk so durf ontlok met suggestie:

“Jy is die een (wat weggekom het). Besef jy dat ek halsoorkopinmymoertoe verlief was op jou?”

Wim slaap in die kamer langsaan maar sy voel hoedat haar voetsole begin gloei, en die gevoel swel halfpad op met haar lyf. Dit is totaal onwillekeurig. Sy sit haar linkerhand tussen haar bene. Haal albei haar hande van die sleutelbord af.

Hy tik weer . . . “Kom ons begin ’n avontuur, sien jy kans?”

Sy tik uiteindelik verder: “Dit hang af.”

Hy gee aan haar ’n skakel na ’n lied wat uit haar jeug terugsing.

Dit is nie moontlik nie, sy het hierdie lied so lank nie gehoor nie, die klanke pluk aan haar en dan volg nog ’n skakel . . . Pink Floyd . . . *Wish you were here*.

“Ek moet nou gaan” . . . tik sy.

Wanneer sy langs Wim invou voel sy skuldig. Magriet Vos is soos wat haar ma was: one man women.

Begeerte en verlies is innig, rafel jou uit todat jy toegee. Vreemde ding wat in jou kop begin en dan afbeweeg na jou lyf totdat jy uiteindelik oopmaak. Hulle het aangehou met die vreemde musiekskakel vir ongeveer ses maande. Magriet moes ’n gig gaan doen in Johannesburg en het vir Kwik daarvan laat weet. Hy wag haar in by Oliver Tambo. Dit pols, die begeerte is een helse elektriese stroom deur haar lyf, hulle chemie rus op ’n mespunt. Hy druk haar kop met een hand agtertoe en soen haar geweldig. Deur sy mond wil sy opstyg. Sy vingerpunte sluit teen die wig agter haar nek in.

Skuiwergat: In tye van politieke onrus of leed is mens nie altyd daartoe in staat om nugter te dink of te handel nie. Dit was so. Sy het kop verloor in daardie tyd. ’n Gevoel van

hopeloosheid het haar begin lei, en sy het haarself in twyfel laat trek in feitlik elke aspek van haar lewe. Wáár is die waarheid, waar? het sy oor en oor gewonder. Die fokkops van die verlede en die verkeerde geskiedenisportret was besig om haar nagmerrie te word.

Sy het slegs een maal by Kwik geslaap. Daardie een nag was die uitstort van haar donker kant, dink sy. Last Fucking Tango in Paris. Dit was geweldig. Geen mens kan so intens seks hê en dit ’n tweede keer oorleef nie. Oor en deur en ín, herhaaldelik, die hele nag lank ’n plundering van saad en die spinet van vel teen taai vel, ’n mond wat begin bloei, ’n nael wat losskeur, later ’n geween en gekners van tande en voor dit lig word . . . nog een maal. Alles wat sy nooit weer wil weet nie, alles wat sy wil vergeet en wat sy wil ontword, alle verdriet en verwyt en skuldgevoelens van haar eie lewe, haar futiele bestaan hier op aarde het sy onoortreflik uitgeseks daardie een nag in Kwik se deurmekaar woonstel in Melville. Hardground, Softground, Sugarground tussen etsplate, die reuk van ink, die rame se houtsaagsels in een hoek, reuk van vars hout in haar neus . . . die reuk van sy saad wat in haar kom kleef. (Here God moet net asseblief nie dat Wim hom in my ruik nie!)

Rock heelnag. Blues in die môre.

“Ek het jou naam op ’n muur gespuit al daardie jare terug? Weet jy dit, fokken weet jy dit? Langs *PETIT CHEVAL* en *FOUR MORE DIE IN UNREST*.”

Dire Straits se gewapende broers bring herinneringe terug van die man wat sy sekerlik gekwes het as student toe hulle daardie nag in die vervalle glashuis by Montebello gesit en musiek maak het. Sy weet sy het nie sy droom verwesenlik nie. Maar sy weet nie dat hy haar siel kon voel vlieg nie. Inteendeel, sy het ’n verhouding met een van sy vriende gehad − moontlik nog dieselfde aand nadat hulle hom by die lughawe gaan aflaai het, het sy by die kopieskrywer

geslaap. Dit was haar antwoord aan die enigste man wat ooit haar naam teen ’n muur geskryf het tussen die protesslagspreuke van die tyd: *the sun’s gone to hell, let me bid you farewell, every man has to die, for its written in the stars . . .*

Was dit wraak vir die ontrouheid van mans oor die algemeen, of wraak vir die een maal toe Wim ’n fiksasie gehad het met ’n Duitse bitch? Die enigste waarvan sy bewus was. Sy weet in elk geval nie of hulle ooit genaai het nie. Haar skuld was bo haar vel en is weggeskuur deur Kwik se middeljarige lyf.

Swak Magriet, swak.

*Waar lê vergifnis?*

Jy was ook maar ’n bliksem, dink sy nou. Of was dit ’n droom?

Wim het nooit daarvan geweet nie?

Onvergeefd. Dit is hoe sy gevoel het. Toenemend. Haar ellende wat met tyd gevolg het, het sy daarop blameer. Soos ’n Katoliek.



***Wonderboom***

Jens Aveling laai haar af by die busdepot. Sy wag.

Dis Dinsdagoggend: haar wysvinger volg die stukkende roete wat teen die inligtingsbord geplak is. Lanseria, verby Diepsloot, Centurion, Pretoria-Sentraal. Last stop Greenwich Village. Sy lag vir die belaglikheid daarvan, alhoewel dit waar was. Jare en jare terug.

Die bus is oorlaai, soos toe sy en haar vriendin Yolande as studente in Malawi gereis het iewers tussen Cape Maclear en Livingstonia: dubbel die hoeveelheid passasiers saam met bokke, hoenders en baie kinders. Strooigoed soos mandjies op die bus se dak gestapel. ’n Bus wat wonderbaarlik kon uitswel en aanhou absorbeer. Net in Afrika. Of dalk ook in Indië.

Naby Muldersdrift sien sy die naam Robert Broomweg − die pad na Maropeng?

Saam met familie uit Texas in die VSA, het hulle die Wieg van die Mensdom een jaar besoek. Die gids, Tumelo, neem hulle ondergronds verby hangende druipstene en die muwwe gedrup van oertyd in die voorportaal van ‘Mevrou Ples’ en ‘Little Foot’ − teruggegrawe met die fyn diamantpunte van ortodontiese instrumente.

Magriet voel aardig wanneer Tumelo vertel van die duiker Pieter Verhulsel wat in 1984 in een van die onderwatergrotte verlore geraak het. Die geologie van Switserse kaas het die arme avonturier gefnuik. Het hy die riglyn laat gaan? Sy liggaam is na drie weke in ’n lugkamer gevind – etlike ure nadat hy dood is.

By een van die ondergrondse mere trotseer Tumelo die keerstaaf en skep ’n handvol blinde, wit garnaaltjies op. Sy klim terug en hou haar hand uit sodat hulle die vreemde organismes in haar swart hand duidelik kan sien.

Dit is lank terug sedert sy hier gery het, soveel jare het verloop maar iets omtrent die herfslandskap neem van haar rekenskap. Die afwesigheid van weiveld − plate assegaaigras.

Demetrio Tsafendas se oorskot lê in die Sterkfontein-begraafplaas. Is hy toe ooit as ’n held vereer? Sentiment se troebel water drif elke jaar ander brokstukke op. En selfs toegewyde burokrate raak later moeg van die volgende instruksie dat die vorige regime se teenwoordigheid met wortel en tak uitgeroei moet word. Wie wil per slot van sake uit die geskiedenis leer?

Soos wat die beslommernis eenvoudig te veel geword het, het die amptenary eerder die geld in hul eie sakke gedruk ten gunste van die era van bling . . . gaan gróót of gaan nie.

Diepsloot.

Verder weg van die suidpunt het alles omtrent die landskap nou verander, ook die interne aard. Albino X se invloed is skaars hoorbaar en vir die mense hier rond is hy ’n kolonialis, Kapenaar. Hier, in die noorde is só ’n verskeidenheid stamme en groepe wat regeer dat nugter alleen weet wie van een maand na die volgende aan bewind gaan wees.

Dit voel vir haar of die wêreld op ’n sekere vlak nou weer is waar dit moet wees nadat dit vir ’n lang ruk uit akkoord was. Die klanke om haar is mooi, die bus sus velle warm, en sy dink dat sy hier hoort − in hierdie pantser. Soos dit was toe hulle daar gesit het in Livingstonia en

almal verbygesweef het in ’n droom: blêrende bokke, vrouens in helder rokke, hulle hare in saailande teen hul kopvelle vasgedraai.

Centurion.

*If not music then what, if not writing when all else falls away as thus.*
*The wind howls once more as it will, long after we have left.*
*What grief befalls us, even the grief from before . . .  of not having known what we imprisoned as we imprisoned ourselves too. How long did it take to have been in vain?*
*Will we mourn you?*

*Galileo se buite-egtelike dogter, Virginia Galilei (oftewel Suster Maria Celeste) het aan haar vader briewe geskryf:*

*"I had wanted to make you some rosemary flower jam, Sire, but I am waiting for you to return one of my glass jars, because I have nothing to hold the jam; and so, if by chance you have a few empty bottles or vials lying about that are in your way, I would love to have them for the apothecary shop.*

*And here, to close, I send you my love together with Suor Arcangela and everyone else in the room.*

*May Our Lord keep you in His grace.* *The 22nd of March 1628.*

*Sire's Most Affectionate Daughter,*

*Suor M. Celeste"* [37]

Die Groot Gryse se afsterwe het hulle eie leed en verlies in perspektief gebring, dit was die vreemdste: almal het hul poging tot die rouproses probeer opper. Daar was gedigte op rugbyballe geskryf, die parade was weer 'n tuin vol blomme en Robbeneiland wou sink onder die gewig van soveel besoekers.

Magriet en Wim het met hul werk probeer aangaan tussen die ontwrigting van tien dae se klaagliedere. Watter klanke het die huis gevul? Het haar viool se snare te styf gestrek oor die stok? Watter komponis se diep siel het sy in daardie tyd met haar eie sintuie voel vibreer?

Allegri.

Hulle sou poog om dit te ontleed: dat mense vereensaam geraak het as gevolg van tegnologie, die samesnoering daarvan ten spyt, dóg − die behoefte aan treur, seremonie en ritueel was sterker.

Magriet wou haar pa bel maar sy sou nie weet wat om vir hom te sê nie.

Sy het dikwels gehoop dat sy in die vergeet kon vertoef, gewens dat sy nie meer kan onthou nie. Memory stick gone.

*Grief blown seed. After this we will still be bereaved, because our continent is deprived of its inheritance. And they flock here again for the spoils, for the attention the world will bestow upon us briefly through funerals and murder trials. Not for the invention of a cure.*

*Julle vertreksaal − en ons uithoek van oorskiet: huiwerig-bysiende, geloof-dompelend in 'n denkbeeldige vrede, geweeg in gronde bloed en berou en die verlies van diere: klein, kleiner, kleinste. Qunu, 'n plek wat jy kan meet in 12 ure en 14 minute vanaf Bettysbaai en 9 688 kilometer van 'n stad soos Londen.*

*Wanneer julle opstyg bly ons agter met ons grafte, lyke en spoke − in 'n plek wat jy in 'n skoenboks kan pas. Grawe my ma op en ook my verlore beminde en my gestorwe vriende. Grond hulle uit sodat daar ook vir hulle 'n klaaglied kan wees. Ek wil dit vir hulle.*

*Aranjuez – Adagio.*

*Bring die kontrabas, keteldrom en klokkenis en hou die vibrasie laag sodat die vokale en konsonante waarin geen woorde kom nie ons verlies kan vorm, verby klank kan gaan; benede na plekke en bestemmings wat ons nie eers ken nie, nooit van sal weet nie. Hoe lieflik om te sterf as edelman van 'n planeet waar storms en oorloë en vergrype groter is as tevore. Wanneer dit 'n winterse somer in ons harte is en die son se baan wyd uitklok: 'n jong bruid gereed vir die nag van manlike lof. Hoe edel en onvergeetlik, soos 'n God maar nie God nie.*

Taxi na *Gezina*: Blykbaar vernoem na die tweede vrou van Paul Kruger. Die dapper vrou het aan hom sewe dogters en nege seuns gebaar. Hoe op deeske aarde het die arme mens dit reggekry? Magriet kon nie eers een kind lewe gee nie.

Langs haar sit 'n ma en voer die dogtertjie wat soos 'n voëltjie fladder en ritsel met kort pop-armpies, haar handjies skiet uit en maak tjirrr-tjirrr, die tuitmondjie gaan oop en wanneer sy sluk, blink haar oë van vreugde.

Soos 'n bog, gesien vanuit die lug, so voel Magriet se kop nou: 'n landskap waar sy die vasteland nie van die watermassa kan onderskei nie. Die droë dele van haar verstand suig al die herinneringe op teen 'n rasse skrede en sy weet dat sy veel meer behoort te herken en onthou as wat sy tans doen maar die landskap hier buite strek vreemd verby. Om haar gesels die mense

soos bye in ’n korf. Sy skuif haar viool-rugsak onder die sitplek in sodat die Tiptolkind op haar skoot kan slaap.

Deur die loom van die reis sweef sy ver weg op die Chobi-tapyt wat in Vergelegen se eetkamer agtergebly het.

Die taxi laai haar af in Flowerstraat want die voertuig beur voort, Eersterust toe. En haar rigting, volgens instruksies aan die deurjoggie, is Wonderboom − anderkant die berg. As sy weifelend by die bussie uitsukkel, kyk die bestuurder haar vraend aan en hy wil bekommerd wees, maar aikona! Sit voet in die hoek en snel voort.

Onder die sitplek het haar viool-rugsakkie weggeskuif. Haar laaste verbintenis met haar geheue is daarbinne; foto’s van haar familie en die notaboek om haar te herinner wie sy is en waarheen sy op pad is. Magriet gaan staan op die sypaadjie. Die grys teer strek loodreg uit na waar dit deur die Magaliesberg kloof. Aan weerskante van die pad is daar hoofsaaklik tweedehandse motorhandelaars en pandjieswinkels. Sy is naby die hoek waar haar pa se jongste broer, Ben, eens op ’n tyd sy tandheelkundige praktyk bedryf het. Die gebou was Piet Mondrian-modern − wild vir Pretoria in 1973 − en haar oom het skilpaaie aangehou sodat pasiënte hulle deur die kykvensters kon dophou.

Magriet herken en onthou daar niks van nie. Sy het finaal en onteenseglik alles vergeet, want die sandsteen in haar brein het elke herinnering opgesuig en verorber.

Wonderboom is, soos wat die kraai sou vlieg, sewe kilometers weg.



*Wonderboom, Pretoria, Januarie 2013* 25° 41′ 14″ S, 28° 11′ 30″ E

**Eindnote**

[1] *Reader's Digest Illustrated guide to Southern Africa: 5th Edition* (Cape Town, 1993), 46.

[2] *Sketches Representing the Native Tribes, Animals and Scenery of Southern Africa,* from drawings made by the late Mr Samuel Daniell, engraved by William Daniell (London, 1820), South African Archives ref: J741DAN.

[3] http://www.earthrangers.com/wildwire/top-10/top-ten-strangest-animal-survival-strategies/ (besoek Julie 2013).

[4] Fanie and Julye-Ann Venter, *Making the most of Indigenous Trees* (Briza, Pretoria, 2012), 268.

[5] http://www.guillotine.dk/pages/30sek.html, *report by Dr Beaurieux, June 28th, 1905, The Guillotine Headquarters* (besoek Maart 2013).

[6] Skeepswrak Museum, Bredasdorp (nagelees tydens besoek op 16 Mei 2014).

[7] http://www.dailymail.co.uk/news/article-2263390/Loyal-dog-attends-mass-day-church-owners-funeral-held.html *Mail Online* (besoek Maart 2013).

[8] Philip Coetzee, *Voëls vir beginners in Suidelike Afrika* (Human&Rousseau: Kaapstad, 2002), 39.

[9] Human brain http://en.wikipedia.org/wiki/Human-brain (besoek Mei 2013).

[10] Dan Sleigh & Piet Westra, *Die Aanslag op die Slaweskip Meermin 1766* (Africana Uitgewers: Kaapstad, 2012), 9.

[11] Dan Sleigh & Piet Westra, *Die Aanslag op die Slaweskip Meermin 1766* (Africana Uitgewers: Kaapstad, 2012), 136.

[12] Dan Sleigh & Piet Westra, *Die Aanslag op die Slaweskip Meermin 1766* (Africana Uitgewers: Kaapstad, 2012), 137.

[13] *Die Burger,* 30 Sept 1969 (soos nagelees in uitstalruimte tydens 'n besoek aan De Oude Drostdy Museum, Tulbagh, Julie 2013).

[14] *Die Burger,* 30 Sept 1969 (soos nagelees in uitstalruimte tydens 'n besoek aan De Oude Drostdy Museum, Tulbagh, Julie 2013).

[15] Theresa Papenfus, *Pik Botha en sy tyd* (Litera: Pretoria, 2010), 539.

[16] Philip Coetzee, *Voëls vir beginners in Suidelike Afrika* (Human&Rousseau: Kaapstad, 2002), 40.

[17] http://www.saao.ac.za/public/whats-up/march-2013/ (besoek Desember 2013).

[18] Philip Coetzee, *Voëls vir beginners in Suidelike Afrika* (Human&Rousseau: Kaapstad, 2002), 40.

[19] *Inventory item number 7 in Dining Room*: Images of banquets given by Willem Adriaan van der Stel at Vergelegen in the 1700's are evoked in this setting which is dominated by a 16th century Flemish tapestry.

[20] *Met Ryperd en Mauser : oorlogsherinneringe* deur Johannes Petrus Botha (1873-1963) (Bienedell Uitgewers: Pretoria), 41.

[21] *Inventory item number 22 in Dining Room*: Images of banquets given by Willem Adriaan van der Stel at Vergelegen in the 1700's are evoked in this setting which is dominated by a 16th century Flemish tapestry.

[22] *The History and proposed restoration of Newlands House*: A pictorial record compiled by Munnik Visser Black Fish & Partners, Architects (Cape Town, April, 1984).

[23] *The History and proposed restoration of Newlands House*: A pictorial record compiled by Munnik Visser Black Fish & Partners, Architects (Cape Town, April, 1984).

[24] http://www.skinnerinc.com/search?s=Kurt+Gutter (besoek April 2014).

[25] Dan Sleigh & Piet Westra, *Die Aanslag op die Slaweskip Meermin 1766* (Africana Uitgewers: Kaapstad, 2012), 117

[26] *Inventory item number 26 in Dining Room*: Images of banquets given by Willem Adriaan van der Stel at Vergelegen in the 1700's are evoked in this setting which is dominated by a 16th century Flemish tapestry.

[27] https://twitter.com/RapportSA/status/420920046072774657 (besoek Januarie 2014).

[28] Thomas Sterling*, Exploration of Africa (*Cassell: London, 1964), 68.

[29] Philip Coetzee, *Voëls vir beginners in Suidelike Afrika* (Human&Rousseau: Kaapstad, 2002), 21.

[30] www.news 24.com (besoek November 2013).

[31] http://www.2020site.org/trees/cypress.html (besoek Augustus 2013).

[32] http://www.urbandictionary.com/define.php?term=Umlungu (besoek Desember 2013).

[33] Homer's Odyssey, Murray, A.T. (1919). "Homer, The Odyssey with an English Translation". *Perseus Digital Library Project* (Cambridge, MA: Harvard University Press).

[34] Homer's Odyssey, Murray, A.T. (1919). "Homer, The Odyssey with an English Translation". *Perseus Digital Library Project* (Cambridge, MA: Harvard University Press).

[35] *The History and proposed restoration of Newlands House*: A pictorial record compiled by Munnik Visser Black Fish & Partners, Architects (Cape Town, April, 1984).

[36] *Met Ryperd en Mauser : oorlogsherinneringe* deur Johannes Petrus Botha (1873-1963) (Bienedell Uitgewers: Pretoria), 38.

[37] *To Father: The letters of Sister Maria Celeste to Galileo 1623-1633* − Translated and annotated by Dava Sobel (Fourth Estate: London 2001), 83.

Waar van toepassing is voetnote vry vertaal vanaf Engels na Afrikaans deur die skrywer.

## Erkennings

Opregte dank aan Etienne van Heerden vir sy kritiese advies tydens die *Wonderboom*-reis. Ek kan my nouliks 'n meer inskiklike 'reisgenoot' voorstel.

Finansiële ondersteuning van die volgende instansies het tyd en ruimte vir hierdie projek toegelaat: *Masters Research Scholarship*, UCT, 2013, *Twamley Postgraduate Bursary,* UCT, 2013 en *NB Uitgewers se beurs vir Skeppende Skryfkunde,* 2014. Hartlik dank aan Eloise Wessels en Marga Stoffer in hierdie verband.

Gesprekvoering en insette deur die volgende musikante was van onskatbare waarde: die lede van Lyzyrd Kyngs − Arthur Dennis, Rudolph Dennis, AJ Graham en Piet Botha. Hartlik dank ook aan Marika Hofmeyr, Petra Hofmeyr en Maxim Starcke.

Baie dankie aan die volgende individue: Herman Lategan vir elektroniese woordeboeke en gereelde skryfskakels, Karen Press vir letterkundige onderskraging, oom Johannes Willemse en Antoinette Pienaar vir veldpraatjies, Yolisa Madolo vir Xhosa-vertalings, Lauren Smit se digitale afronding van die fotografiese konstruksies en Liezel Bohdanowicz vir die ontwerp van die reiskaart.

Verskeie gesinslede het my onderskraag op vele wyses: my vader RF Botha, broer Roelof Botha, skoonsuster Berna Botha en my suster Anna Hertzog.

Aan my lewensmaat Raymond Smith – baie dankie vir jou eindelose geduld en geloof in my vermoë om hierdie reis te kon aanpak en voltooi.

## Foto-tekste

Alle fotografiese tekste is geskep deur die skrywer.

Foto voorin boek, uit die reeks *Parrot Jungle: Rooivlerk spreeus in die herfs,* Bettysbaai April 2009.

Foto op bladsy 168, uit die reeks *Yonder: Wonderboom*, Pretoria, Suid-Afrika, Januarie 2013.

Die konstruksies/collages wat dien as inleiding tot elke hoofstuk, verwys na die 'image sequence' van die Britse fotograaf Eadweard James Muybridge (1830-1904) en word hier as ontbindende beeldsekwensie toegepas.